DORDTSE KERKORDE

ARTIKEL I

Om goeie orde in die kerk van Christus te onderhou, is daarin nodig: die dienste, samekomste, toesig oor die leer, sakramente en seremonies en die kerklike tug, waaroor hierna agtereenvolgens gehandel word.

1. Inleiding:

1.1 Skriftuurlike grond vir 'n kerkorde:
(Vgl. in eerste lesings oor Kerkreg Hoofstuk II 2c: Kerkreg en kerkregering.)

Paulus skryf aan die Korinthiërs: "Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan". (1 Kor. 14:40). Hy verbly hom om die "goeie orde te sien" (Kol. 2:5) van die Kolossense. God is 'n God van orde. Al vind ons die benaming "Kerkorde" dus nie in die Heilige Skrif nie is daar wel duidelike aanwysinge dat goeie orde in die kerk van Christus gehandhaaf moet word. Paulus skryf aan Timotheus "Maar as ek vertoef, dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid" (1 Tim. 3:15). Jesus en die Apostels het reëls neergelê vir die lewe van die kerk. Daar is voorskrifte t.o.v. die tug (Matth. 18:17 e.v.) t.o.v. ampsdraers (Vgl. Tim. en Titus). Calvyn sluit hierby aan en wys daarop dat goeie orde gehandhaaf moet word sodat die eendrag, orde en vrede in die kerk bewaar kan word. (Sien Calvyn Inst. IV hst. X). (Moet deeglik hiervan kennis neem).

In die verband verwys ons ook na 1 Kor. 14:33: "Want God is nie 'n God van wanorde nie maar van vrede". Daarmee wil die apostel sê: God is 'n God van vrede en daarom van orde. Hiermee word die plek van die orde in die gemeente aangedui. Die gemeente lewe uit die vrede

...../in Christus

in Christus en daarom kan en moet daar orde wees. Orde is dus 'n vrug van die versoeningswerk van Christus.

Calvyn wys verder daarop dat dit noodsaaklik is dat die goeie orde waarvan die Skrif spreek nader bepaal sal word. Hulle wat as diensknegte van Christus regeer moet presies weet volgens welke reëls en wette dit moet geskied sodat die volk van God gelei kan word tot gehoorsaamheid aan God en die regte dissipline.

In die Franse Konfessie is in artt. 32 en 33 die eis tot orde en ordereëling opgeneem. Die Nederl. Geloofsbelydenis sluit hierby aan en vat die skrifwaarheid tot ordereëling saam in art. 32: " Intussen glo ons, alhoewel dit nuttig en goed is dat die regeerders van die Kerk onder mekaar sekere ordinansies instel en bevestig tot instandhouding van die liggaam van die kerk, dat hulle nogtans wel op hulle hoede moet wees om nie af te wyk van wat Christus, ons enigste Meester, vir ons ingestel het nie.
.... So neem ons dan alleen aan wat kan dien om eendrag en eenheid te bevorder en te bewaar, en alles te onderhou in gehoorsaamheid aan God. Daarvoor is nodig die ekskommunikasie of die ban, wat toegepas word volgens die Woord van God, en alles wat daarmee saamhang."

In stryd met dit alles wou die Doperse rigtings van die kerk as instituut en van kerklike ampte niks weet nie. Dit het hulle gebring tot die uitskakeling van alle kerklike wette en ordeninge, waardeur die ergste willekeur en wanorde onder hulle geheers het. Hulle het so eensydig konsentreer op die charismata dat hulle die instituut en sy ordelike organisasie en werking geheel uit die oog verloor het.

Die Reformatore daarenteen het nie uit reaksie teenoor Rome met sy gewetebindende reglementering verval in 'n radikale eensydige verwerping van alle ordereëlinge nie. Ook ten opsigte van die goeie orde in die kerk het hulle gevra na die lig van Gods Woord. Daarvan is die geskiedenis van die Kerkregtelike ontwikkeling maar ook die vaslegging van die kerkregtelike beginsels in die Konfessie 'n bewys.

...../Getrou

Getrou aan hierdie skrifwaarheid wil ook die Gereformeerde Kerk in S.A. "die goeie orde in die kerk van Christus onderhou" (Art. 1 D.K.O.).

1.2 Karakter van die Dordtse Kerkorde:

Die grondbeginsel wat die karakter van die Dordtse K.O. bepaal is dat Jesus Christus Hoof van sy kerk is en dat Hy dit self regeer. Hy kon dit direk doen maar dit behaag Hom om daarvoor mense, sy ampsdraers te gebruik. Sy koninklike mag en koninklike wette het Hy in sy Woord geopenbaar. Sy dienaars, die regeerders moet sorg dat in die gemeente geleef word na die reël en eis van Gods Woord. (Jesus as Koning is dus self die Wetgewer van sy kerk). Daarom spreek ons van 'n Kerkorde waarin hierdie eise tot regering van die kerk volgens die Skrif vasgelê is en nie van kerkwette nie.

Diegene wat die gesag van Christus uitoefen moet hulleself dus niks meer ag as dienaars van Christus in diens van die gelowiges. Die enigste wyse om die kerk op te bou en goeie orde te bewaar is om die gesag van Christus te handhaaf. (Sien Polman: N.Gb. by art. 32). (Sien Calvyn Inst. Boek IV Hst. 8 & 9). Hy alleen is Hoof van sy kerk. Alleen van Hom het die Vader gesê: "Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehae het. Luister na Hom". (Matt. 17:5). Die gesag en magsuitoefening in die Kerk mag dus nooit menslik willekeurig uitgeoefen word nie. Daartoe moet die Woord van God volstrek alleen gesag hê, "een is julle leermeester nl. Christus." (Matt. 23:8).

T.o.v. die karakter van die D.K.O. word hieruit die volgende afgelei:

(i) Die kerkregering moet geskied volgens "'n geestelike bestuurswyse wat onse Here ons geleer het in sy Woord" (art. 30 N.Gb.). In Rome was kerkregering formeel-juridies van aard. Die kerk is 'n mags- en regsinstituut. Ons bely Christus as Hoof van sy kerk; Hy deel sy koningskap met niemand anders nie. Bavinck (IV p. 405) sê Christus alleen het soewereine mag in sy kerk en dit na sy Goddelike en menslike natuur. Maar Hy is 'n

...../geestelike

geestelike Koning. (Joh. 18:36: "My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie"). Daarom spreek N.T. liefs van Hoof. Hoof van sy <u>kerk.</u> Met geen ander samelewingsverband is die kerk op gelyke voet te stel nie.

(ii) Hy oefen gesag uit deur sy Woord en Gees. Deur sy Gees is Christus teenwoordig in sy kerk. Die Kerk moet luister na sy Gees. (Op. 2:7; 3:6,13,22). Die Gees werk deur die Woord. (Joh. 14:26).

Hiermee word nie te kenne gegee dat die Woord van God 'n wetboek is waarin die kerk maar net kan naslaan hoe die regering van die kerk moet geskied nie. Die hoofbeginsels word duidelik in die H.Skrif geleer. Die H.Skrif is die norma credendorum et agendorum.

Dit plaas ons onmiddellik voor die vraag van die verhouding Kerkorde en Konfessie. Die kerk is pilaar en grondslag van die waarheid. Dit moet die woord van die waarheid ongeskonde bewaar, bely en preek. In sy konfessie spreek die kerk uit hoe hy die hoofwaarhede uit die Woord verstaan en bely. Die konfessie mag nooit gelykgestel word met Gods Woord nie en is altyd daaraan apellabel, tog het die konfessie groot betekenis vir die eenheid van geloof en lewe in die kerk. In die belydenis as akkoord van gemeenskap vind die plaaslike kerke hulle eenheid. Daarom moet die gebou van orde en reg in die kerk wortel in die konfessie. Dit wil nie sê dat die Skrif as grondslag verdring word nie maar in die kerkorde moet aangesluit word by die historiese ontplooiing van die dogma van die kerk. In die belydenis lê die beginsels vir die kerkregering en in die kerkorde word dit in toepassing gebring.

In die verhouding konfessie-kerkorde moet die standpunt soos gehuldig in "Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika" dat die Kerkorde naas die belydenis 'n akkoord van gemeenskap is en dus op dieselfde vlak as die belydenis lê, sonder meer afgewys word. So word in genoemde Handleiding verklaar:

....."In die

"In die gereformeerde kerkregering moes die kerkrade eers 'n onderlinge ooreenkoms in 'n Kerkorde tref en daarna kan 'n Sinode op sterkte daarvan bindende besluite neem" (p.11). Dieselfde gedagte lê in die uitspraak: "Dit bind die kerke in dieselfde kerkverband om daarvolgens te leef. Minagting vir die Kerkorde kom neer op verbreking van die woord van trou in gemeenskap met die ander kerke in dieselfde kerkverband gegee" (p.12). In lyn hiermee is ook die uitspraak: "Die kerkraad is in juridiese sin die regspersoonlikheid wat namens die lidmate van die gemeente die akkoord aangaan, terwyl die lidmaatskap van die gemeente ook elke lidmaat aan die kerkorde bind. Die kerkorde het dus die regsgeldigheid van 'n bindende kontrak ten opsigte van die lidmate, die kerkraad en die kerkverband".

Hierdie gelykstelling van belydenis en kerkorde as akkoord van gemeenskap word deur H.H. Kuyper en Bouwman onvoorwaardelik afgewys. Kuyper stel dit soos volg: "De grondslag van het samenleven der kerken is niet de kerkenorde, maar alleen de gemeenschappelÿke belydenis. .... Daarom is het zoo fout dat de kerkenorde accoord van gemeenschap zou zÿn en men nooit van eenig artikel dier kerkenorde zou mogen afwÿken". (H.H. Kuyper College Dictaten 1928-1929 De betekenis der Kerkorde p.1). In lyn hiermee lê die uitspraak van Bouwman dat die eenheid van die kerk nie gesoek moet word in uitwendige organisasie en instellinge nie, maar in die eenheid van die geloof. (Geref. Kerkrecht I p. 326).

As die kerkorde so bindend verklaar word i.p.v. die belydenis of saam met die belydenis dan het jy geen belydeniskerk meer, maar "een reglementaire kerk". (H.H. Kuyper a.w. p. 2). Die kerkorde is geen statuut deur plaaslike kerke vasgestel, waar die bevoegdheid van die Nasionale Sinode vasgelê is nie, maar dit het tot stand gekom in die Nasionale Sinode self as 'n wettige en bevoegde vergadering daartoe. (Vgl. ook H. Bouwman a.w. p. 326). Die mening dat ook die K.O. akkoord van gemeenskap is maak van die K.O. 'n reglement, 'n reeks wette wat die vryheid in Christus vernietig en daarom die lewe deur die geloof en gehoorsaamheid aan Hom die

...../Koning

Koning van die kerk verlam. Vir die kerk geld alleen die Woord van God as grondwet en die belydenis as akkoord, terwyl Christus deur sy Woord en Gees sy kerk regeer.

Die kerkorde is dan ook geen onveranderlike reël nie. Dit kan gewysig word indien goeie orde en die opbou van die gemeente dit verlang.

Natuurlik bevat die Kerkorde beginsels regstreeks uit die Woord van God. Dit mag nooit verander word nie. Sodanige "constitutieve bepalingen" (H.H. Kuyper a.w. p. 2) is gewetebindend maar daar is ook baie"regulatieve bepalingen" (Idem) wat alleen kerklike gesag het en waarvan indien nodig wel afgewyk kan word. In die toepassing van die beginsels word die gewetens nie gebind nie en word die nodige ruimte gelaat.

Volgens die Skrif moet daar ouderlinge wees. Dit is die beginsel wat ook in die K.O. vasgelê word maar hoe hulle presies gekies word en hoe lank hulle moet dien of hoeveel in elke gemeente moet wees is veranderbaar en bepaal deur die behoefte van die tyd en na die eis van omstandighede. Dit is die soepelheid van die K.O.

Dit is geheel ongewens dat daar te veel reglemente in die kerkorde of daarnaas gestel word. Rome het deur sy veelheid van bepalinge sy geestelike karakter verloor. Calvyn trek in onomwonde taal hierteen te velde. (Boek IV Hst. X). Die gewetens van mense word daardeur onder diensbaarheid van menslike insettinge gebring. (Vgl. Gal. 5:1). So, aldus Calvyn, word Gods gebod kragteloos gemaak om aan die insettinge van mense n plek te gee. Wanneer eenmaal begin is om die religie in dergelike ydele versinsels te stel, volg daarop steeds die verfoeilike boosheid wat Christus die Fariseërs verwyt het dat die gebod van God kragteloos gemaak word vanweë menslike tradisies (Mat. 15:3).

Ons belydenis spreek hom in onbewimpelde taal hierteen uit: "En daarom verwerp ons alle menslike vindinge en alle wette wat mense sou wil invoer om God te dien om daardeur, hoe ook al, die gewetens te bind en te dwing". (N.Gb. Art. 32).

...../Die Roomse

Die Roomse Kerk wou vir alle moontlike gevalle reglementeer en wette vasstel. Deur gebod op gebod en reël op reël vas te stel is die Corpus juris canonici ontstaan wat die geestelike lewe versteend in formalisme laat ondergaan het. Oorreglementering kan daartoe lei dat die Woord van God sy beslag op die harte verloor. Die Kerkorde moet met sy onvervangbare beginsels maar met sy soepelheid in die toepassing daarvan juis daartoe meewerk"dat de kerken en haar leden het verstaan, dat Christus Koning is zijnen kerk en dat het in de kerk in alles naar het Woord des Heeren toegaat". (Bouwman a.w. p. 327).
So is daar "goeie" orde in die kerk soos bepaal deur art.1 van die Dordtse K.O.

Hierdie"goeie orde" het dan ook in die lig van die voorafgaande nie in positivistiese sin 'n juridies wetlike dwingende karakter nie maar 'n reëlende en dienende karakter. In die Latynse teks staan wel legittimus ordo, maar hierdie "wetlike" het geen juridiese maar wel 'n sedelike betekenis. Tereg is dit in die Nederl. sowel as Afrikaanse weergawe van die K.O. vertaal met "goeie" orde.

2. <u>Die aanvaarding van die Dordtse K.O. deur die Geref. Kerk in S.A.:</u>

<u>Inhoud van die kerkorde:</u>
"Kerk" word in art. 1 verstaan in plaaslike sin. (Sien Kerkreg Hst. 2).

Vir goeie orde in die kerk van Christus is ordereëlinge i.v.m. verskillende sake essensieel wat die inhoud van die kerkorde in vier afdelings laat uiteenval. Dit handel agtereenvolgens oor:

(a) <u>Die dienste:</u> (Art. 2-28).
Die dienste is deur Christus ingestel en moet funksioneer na die eis van Gods Woord. Van die gemeente word verwag om hulle aan die bedieninge te onderwerp. (Mat. 10:40-41; 1 Thes. 4:11 en 12. Hebr. 13:7,17). Vir die belangrikheid van hierdie dienswerk deur ampsdraers verwys ons na Arts. XXX en XXXI N.Gb.

...../(b)

(b) Samekomste: (Art. 29-52).
Dit handel oor die kerklike vergaderinge. (Sien art. 30 N.Gb.).

(c) Toesig oor die leer, sakramente en seremonies: (art. 53-70).

Toesig oor die leer raak die grondslag van die kerk sy bestaan en voortbestaan. (Hand. 20:28-31; Gal. 1: 8 & 9; 1 Tim. 3:15; 4:16; 1 Joh. 2:18-22). Toesig oor die sakramente is nodig. Dit moet bedien word na die eis van Gods Woord. (Art. XXXIII N.Gb.). Ontheiliging hiervan wek Gods toorn oor die gemeente. (1 Kor. 11: 27-32).
Toesig oor die seremonies moet gehou word sodat alles ordelik sal geskied in die erediens.

(d) Die kerklike tug: (Art. 71-81).
Jesus het die sleutelmag van die tug aan sy kerk toevertrou. (N.Gb. art. XXXII). (Matt. 16:18; 18:15-17; Joh. 20:23; 1 Kor. 5:3-5; 2 Thes. 3:6; 14; Tit. 3:10).

By die behandeling van hierdie afdelings wys Jansen (Korte Verkl. p. 5) telkens daarop dat dit nie vir die wese maar die welwese van die kerk nodig is. Dit is foutief. Die sake in die K.O. gereël raak die wese van die kerk. (Sien: Kerkreg Hst. I).
Artikels 82-86 handel afsluitend oor algemene sake en die wysiging van die Kerkorde (art. 86).

Ds. D. Postma eerste predikant van die Geref. Kerk in S.A., het met die oog op die besondere landsomstandighede 'n Gewysigde Dordtse K.O. opgestel vir die kerke in S.A. Die eerste Sinode van die Geref. Kerk in Suid-Afrika 1862 het egter die Dordtse Kerkorde aanvaar, aangepas by die landsomstandighede. Die artikels in die Dordtse K.O. wat nog sekere konsessies gemaak het aan die Nederlandse owerheid is vanselfsprekend suiwerend gewysig. Die Sinode van 1910 het besluit om op voetspoor van die Geref. Kerke in Nederland die K.O. te hersien. Dit het sy beslag gekry op die Sinode van 1916. In 1927 is deputate opgedra om dit in Afrikaans te vertaal. 'n Redaksionele hersiening, sonder

...../materiële

materiële wysiginge, het in 1964 sy beslag gekry.

ARTIKEL 2

Daar is vier soorte dienste: dié van die bedienaars van die Woord, dié van die professore aan die Teologiese Skool, dié van die ouderlinge, en dié van die diakens.

1. Waarom "dienste"?

   Die woord met "dienste" vertaal is in die Latynse teks functiones van die werkwoord functio = 'n diens verrig. Ons het in die artikel dus nie 'n opsomming van 4 ampte nie maar wel van dienste wat verbind is aan die drie kerklike ampte, die van bedienaar van die Woord, die van ouderling en die van diaken.

   Dit is nie sonder betekenis dat die N.T. die woord = diens gebruik om die amp aan te dui nie. (1 Kor. 3:5; 2 Kor. 5:18). Hierby sluit die betekenis van die woord "ambt" in Nederlands aan. Dit beteken "het bedienen van eene betrekking van een ambt, het verrichten van de werkzaamheden die aan dat ambt zÿn verbonden". (Bouwman I p. 328). Amp veronderstel dus diens of bediening, en dui op gehoorsaamheid aan iemand wat oor hom gestel is. So het ook die woord in die N.T. die betekenis van diens. Die amp het dus 'n dienende karakter.

   In die Gereformeerde kerk stel ons 'n hoë prys op die woord "dienaar" of "bedienaar" om daarmee die dienende karakter van die amp aan te dui.

2. Die amp as diens wortel in Christus:

   In hierdie dienswerk het Jesus Christus sy apostels voorgegaan. Hy het nie gekom "om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie" (Mark. 10:45).

...../Die dienswerk

Die dienswerk is Hom opgedra deur sy Vader (Joh. 4:34). So is Hy 'n dienaar van God ten behoewe van die gemeente. Aan Hom alleen behoort die amp in die gemeente. Die ampsdraers is slegs organe van Christus om sy diens in die gemeente te verrig. So het Christus self die organisasie aan sy kerk gegee en dit het Hom behaag om gebruik te maak van die diens van mense.

Die eerste wat Hy hiertoe roep is die Apostels. Hy roep hulle om die Evangelie te verkondig (Mat. 28:19) en beklee hulle met 'n sleutelmag t.o.v. die koninkryk van die hemele (Joh. 20:23). Die apostels beskou dan ook hulle roeping as 'n diens van God: "So moet ons dan beskou word as dienaars van Christus en bedienaars van die verborgenhede van God" (1 Kor. 4:1). Vgl. ook 2 Kor. 6:4. Paulus herlei ook sy apostoliese bevoegdheid tot die roeping en aanstelling deur Christus. (Gal. 1:1; 1 Tim. 1:12). Hy is gesant van Christus. Hy beskou hom as 'n van Christus. Hy is geheel van Hom afhanklik en in sy diens sonder verwagting van loon. (Rom.1:1). Hy is 'n van Christus en nie van die gemeente nie maar wel ten behoewe van die gemeente. (2 Kor. 4:5).

Uit die Apostoliese amp het Christus die drie besondere ampte vir sy kerk verorden. Hierdie ampte staan in die nouste verband met die amp van die gelowige. Dit kom uit die gemeente voort. Christus gee dit as organe aan die gemeente, sy liggaam. (Ef. 4:11; 1 Kor. 12:28). Dit beklemtoon die dienende karakter van die ampte.

So het die Gereformeerdes steeds op die goddelike instelling van die amp en op die organiese verbondenheid met die gemeente sterk nadruk gelê.

Hierdie noodsaaklikheid en verbondenheid van die ampte in Christus is in die loop van die kerkgeskiedenis dikwels misken. In die ou Christelike kerk wou die Montaniste en Donatiste die vryheid van die profesie handhaaf, en hulle verset teen die instelling van ampte. Op grond van 'n inwendige lig verwerp hulle amptelike gesag in die gemeente. Later openbaar die anti-ampgees hom sterk by die Anabaptiste en die

...../Kwakers.

Kwakers. Hulle leer 'n onsigbare kerk wat bestaan uit alle ware verligtes en geheiligdes in en buite die kerk. Die inwendige lig stel hulle bo die Heilige Skrif. Daarmee verval vir hulle ook die betekenis van die geïnstitueerde kerk met al sy vorme. Die amp is nie gebonde aan bepaalde persone nie. Elkeen wat deur die Gees gedryf is kan dit uitoefen. Teologiese vorming is nie nodig om die Woord te bedien nie.

Hierteenoor het die Reformasie die goddelike instelling van die amp gehandhaaf. (Vgl. N.Gb. art. 30 & 31 en veral Dordtse Leerreëls III, 17).

3. Die gesag van die amp:

Die gesag van die ampsdraers is geen onafhanklike gesag nie, maar steeds gebonde aan Christus aan wie alle mag gegee is in hemel en op aarde. (Matt. 28:18). Hy is Hoof van sy gemeente (Ef. 1:22), wat self sy ampte verorden het (Ef. 4:11). In die kerk is slegs één gesag en dit is die gesag van Christus. Hy is Koning van sy kerk. Reg om te beveel in die kerk kom aan geen enkele mens toe nie. Daar is in die kerk geen ander soewerein as Christus nie. Volgens sy Woord moet gehandel word en daaronder moet sy gemeente buig. Daarom is die amp altyd DIENEND. Dit bedien Christus en sy Woord aan die gemeente. Sy mag en gesag, aldus die Tweede Helvetiese Konfessie "behoudt de Heere voor zichzelven, en draagt Hy aan niemand anders over, zoodat Hy vervolgens een ledig toeschouwer is, terwyl zyn dienaars werken".

Die mag van die ampsdraers is ook geestelik en sedelik van aard. Die owerheid het dwingende gesag. Die kerk oorreed deur die Evangelie en waar die Evangelie werk werk die Gees sodat die mens hom sal buig onder die juk van Christus. So is die ampte in hulle dienswerk uit Christus en gebonde aan sy Woord en Gees alleen.

Bouwman vat dit kernagtig saam: "Alleen dan, wanneer de dienaren en de geloovigen blyven by het Woord des Heeren, word de koningsmacht van Christus recht uitgeoefend, en wordt de Christelyke vryheid gehandhaafd". (I p. 352).

...../4. Die doel

4. Die doel van die ampte:

Christus het die ampte ingestel om die gemeente te lei, te versorg en te waak dat alle dinge eerlik en met orde geskied. Christus as Koning kon dit regstreeks doen maar dit behaag Hom om mense daarvoor te gebruik, Deur hulle diens wil Hy sy gelowiges insamel en die heiliges opbou as liggaam van Christus, vir hulle dienswerk toeberei. (Ef. 4:11 & 12). Die kerk op aarde is 'n strydende kerk. Dit het bestendige onderwysing en leiding nodig in die sondeverband. As die lippe van die getroue getuie sou verstom sou die regte kennis en welsyn van die gemeente daardeur geskaad word. (Matt. 9:36-38).

Tenslotte moet die gemeente beantwoord aan sy roeping wat sentreer in die koningskap, profeetskap en priesterskap van die amp van die gelowige.

5. Die vier dienste:

Die drie ampte van herder en leraar, ouderlinge en diakens was in die N.Testamentiese tyd inbegrepe in die buitengewone amp van die apostels. Met die uitbreiding van die kerk is die drie afsonderlike ampte geleidelik deur die apostels ingestel. Soos Christus Profeet, Hoëpriester en Koning is, so wil Hy ook sy kerk onderwys deur die leraarsamp, lei en regeer deur die opsienersamp en die rykdom van sy barmhartigheid openbaar deur die diakenamp. (Vgl. H. Kateg. Vr. 31).

5.1 Die ouderlingamp:

Die apostoliese sanksie van die ouderlingamp is vir ons genoegsame bewys dat die instelling daarvan na die wil van die Koning van die Kerk was, al kan nie 'n bepaalde aanleiding tot die instelling van die amp aangedui word nie.

Daar is twee benaminge vir die ouderlingamp in die N.T. nl. en

Presbuteros = oudste of man van invloed.

Episkopos = opsiener.

...../Uit die

Uit die gebruik van die woorde is dit duidelik dat daarmee presies dieselfde amp aangedui word. Die beste voorbeeld is Titus 1:5-7 waar albei vir dieselfde persoon gebruik word. Dieselfde vereistes waaraan episkopoi moet voldoen in 1 Tim. 3:2 v.v. word gestel vir presbuteroi in Titus 1:7-9. Die volgende kan nog genoem word:

(a) Paulus ontbied in Hand. 20:17 die presbuteroi maar spreek hulle later in vs. 28 aan as episkopoi.

(b) In Filip. 1:1 groet Paulus die episkopoi en die diakens. Indien presbuteroi naas die episkopoi gestaan het, sou hy hulle ook genoem het.

Hulle taak blyk uit die omskrywinge in die N.T. Hulle is (voorgangers 1 Thes. 5:12) en hou hulle besig met (regeringe 1 Kor. 12:28) verder is hulle (herders Ef. 4:11). Hieruit is wel duidelik dat hulle belas is met die opsig oor, die leiding van en herderlike versorging van die gemeente. Die kerk is die tempel van God en die gelowiges moet soos lewende stene op die fondament Jesus Christus gebou word.

As instrumente van Jesus Christus is dus aan hulle opgedra die regering van die kerk.

5.2 Die leraarsamp:

5.2.1 Die bedienaar van die Woord:

Reeds in die N.Test. tyd is daar onderskeid gemaak tussen presbiters wat insluitend die taak gehad het om te regeer en die wat daarnaas ook belas was met die prediking. Dit is baie duidelik uit 1 Tim. 5:17 "Laat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word veral die wat arbei in woord en leer." Vgl. ook Titus 1:9. Dit het al hulle tyd geverg sodat hulle nie self in hulle behoeftes kon voorsien nie, daarom dat hulle geregtig is op lewensonderhoud (vs. 18; vgl. ook 1 Kor. 9:6-14 veral vs. 14).

...../Die besondere

Die besondere onderskeiding van ouderlinge belas met die prediking word ook beklemtoon deur 2 Tim. 2:2 "en wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer". Ook hieruit blyk dat die ouderlinge 'n dubbele roeping gehad het, regeer en leer en daarom ook dubbele eer ontvang het. (Vgl. ook Titus 1:9).

Oorspronklik is die onderrigting aan alle ouderlinge opgedra. (Vgl. 1 Tim. 3:2). Die hoë eise van die amptelike werk asook hoë eise t.o.v. die prediking met die oog op die opkomende dwaalleer het spesialisasie vir die prediking noodsaaklik gemaak. Die lewens onderhoud het nou ook 'n faktor geword en daarom dat die diens van die Woord nie aan almal maar slegs aan sommige opsieners opgedra is. Vgl. in die verband ook die voorskrif van Jesus: "Moenie vir julle goud of silwer of koper in julle beurse aanskaf nie; geen reissak vir die pad of twee kledingstukke of skoene of 'n stok nie; want die arbeider is sy voedsel werd". (Mat. 10:9 & 10).

Saam met die ouderlinge is die predikante dus ook opsieners en het regeermag maar by die predikant val die klem in sy amptelike diens op die Woordbediening. Die twee ampte moet dus onderskei word, maar nie geskei word nie. Ons het eintlik te doen met twee soorte ouderlinge.

5.2.2 <u>Die professor aan die Teologiese Skool:</u>

In die vroeëre redaksie van die artikel is gespreek van "doktore." Die Sinode van 1964 het by die hersiening van die K.O. dit vervang met Professore aan die Teologiese Skool. Hierdie kwalifikasie is nodig omdat daar professore in die teologie kan wees buite die Teologiese Skool van die kerk.

Oor die betekenis van die doktore was daar in die loop van die geskiedenis veel verskil. (Vgl. Jansen by die art.). Calvyn het dit as 'n aparte amp aanvaar sodat hy vier ampte in die kerk geleer het. Hy het hom beroep op Ef. 4:11. In die "sommige tot herders en leraars" het hy die herders gesien as die bedienaars van die Woord en die "leraars" as die

...../doktoreamp.

doktoreamp. Die verklaring van Calvyn vind vandag geen steun meer. Indien Ef. 4:11 op aparte ampte wou dui sou daar staan "sommige tot herders en sommige tot leraars".

Uit die geskiedenis van die artikel is dit wel duidelik dat die "doktorediens" vereenselwig is met opleiding in die teologie. Sodanige opleiding word basies ook veronderstel in art. 4, 8, en in art. 18 gereël. Dit is egter duidelik ons het hier met 'n "diens" te doen en nie met 'n aparte amp nie. 'n Diens wat die opleiding van bedienaars van die Woord behartig.

Die vraag is, is dit 'n diens wat verbind is, en behoort te wees, aan 'n bepaalde amp. In dié verband kan daarop gewys word dat die Gereformeerde Kerk in S.A. die bepaling het dat alleen predikante verkies kan word tot professore aan die Teologiese Skool en dat die professore hulle status as bedienaars van die Woord behou.

Hieruit kan wel konkludeer word dat die opleiding van bedienaars van die Woord as 'n integrale deel van die leraarsamp beskou is. Elke predikant kan predikante oplei. Dit is 'n besondere vorm van bediening van die Woord. (Vgl. die formulering van art. 18). Die kerke het egter onderneem om dit gesamentlik te doen en vandaar 'n Teologiese Skool en professore. (Vgl. art. 18). Reeds in die N.T. is daar aanduidinge van sodanige opleiding. In 1 Tim. 3:2 word as vereiste vir 'n opsiener gestel "bekwaam om te onderrig". Paulus noem Timotheus "sy ware kind in die geloof" 1 Tim. 1:2 en herinner hom aan "wat jy van my gehoor het" 2 Tim. 2:2. In die pastorale briewe word ook by herhaling 'n beroep gedoen om te volhard in die leer. (Vgl. 1 Tim. 3:15 en 1 Tim. 4:16). Dit dui op onderrig in 'n bepaalde leer.

So ook moet die professore spesialiseer in die uitlê van die Woord. Dit geskied in die opleiding van bedienaars van die Woord. Die onderrig in die volle Ensiklopedie van die Teologiese wetenskap moet geskied vanuit die Woord.

...../Hierbenewens

Hierbenewens moet ook met die swaard van die Woord ketterye en dwalinge bestry word.

5.3 Die diakenamp:

Die apostels het ook die diakenamp ingestel. Dit word noukeurig beskryf in Hand. 6. Slegs tweekeer word elders in die N.T. van die diakens gespreek. (Filip. 1:1 en 1 Tim.3). Die instelling van die amp vind ons in Hand. 6:1-7. Aanleiding tot die instelling was die fisieke onvermoë van die apostels om al die dele van hulle amp behoorlik na te kom. So spruit die diakenamp ook uit die apostelamp.

Die werk van die diakens was die bediening van die tafels, d.i. die versorging van die armes by die liefdesmaaltye van die gemeente. Dit is duidelik die sewe diakens is selfstandige ampsdraers. Paulus gee aan Timotheus 'n noukeurige beskrywing van die vereistes vir die amp. (1 Tim. 3).

Teen die voorstelling dat ons in Hand. 6 die instelling van die diakenamp het is allerlei besware ingebring. Leder ontken dat die sewe 'n amp ontvang het.
Ook Hort gee dit 'n geheel ondergeskikte posisie. Hommes ontken ook die selfstandigheid van die amp en sien dit as "niet alleen een dienaar der gemeente, maar ook van de opziener" (Vgl. v.d. Linde p. 98 & 99).

Ons verwerp dit en handhaaf die selfstandigheid van die diakenamp met die oog op die barmhartigheidsdiens in die gemeente.

Samevattend konkludeer ons:

(a) Daar is 3 ampte: ouderling, bedienaar van die Woord en diaken.
(b) Aldrie is gewortel in Christus en kragtens sy volmag ingestel deur die apostels in wie aldrie verenig was.
(c) Daar is geen sprake van 'n hoër of laer amp nie. Aldrie is gelyk, dus geen hiërargie nie.
(d) Die ampte is selfstandig en elkeen moet volgens die opdrag van Christus sy amp vervul na sy eie aard en op sy eie terrein.

ARTIKEL 3

Dit sal vir niemand geoorloof wees om die diens van die Woord en Sakrament uit te oefen sonder dat hy wettig daartoe geroep en toegelaat is nie.

1. Historiese agtergrond:
   (Vgl. Jansen by die art.)
   Kortliks kom dit hierop neer:
   Rondreisende persone soos gewese priesters, doperse en spiritualistiese predikers, het hulle by die Reformasie gevoeg en somar oral rond begin preek sonder wettige roeping en sonder 'n vaste standplaas (art. 7 D.K.O.).

   Hulle het in tweërlei opsig fouteer:

   1.1 Hulle het sonder wettige roeping en eksaminasie in die kerkdiens ingedring.

   1.2 Hulle het hulle nie aan 'n bepaalde plek verbind nie.

   Om hierdie sogenaamde "lopers" aan bande te lê is art. 3 in die K.O. opgeneem.

2. Die roeping tot die amp:
   Die wettige roeping tot die amp word duidelik geleer in Hebr. 5:4. Jeremia spreek 'n wee uit oor die profete wat nie gestuur is nie en vals in die Here se Naam profeteer. (Jer. 14:14,15). So is die apostels deur Jesus self geroep (Gal. 1:1). Hierby sluit die belydenis aan "So moet elkeen dan daarvoor oppas om nie deur onbehoorlike middele homself in te dring nie, maar hy moet die tyd afwag dat hy deur God geroep word, sodat hy getuienis kan hê van sy beroeping om daarvan seker en gewis te wees dat dit van die Here kom". (N.Gb. art. 31). Vgl. W. van't Spijker: De Ambten by Martin Bucer, p. 366-70.

   Ons moet by die roeping onderskei tussen die inwendige en uitwendige roeping.

...../2.1

2.1 Die inwendige roeping:

Die inwendige roeping word in die eerste vraag van die bevestigingsformulier vir bedienaars van die Woord soos volg gestel: "Ten eerste vra ek u of u gevoel in u hart dat u wettig deur die gemeente van God, en daarom deur God self, tot hierdie heilige diens geroep is?" Of iemand waarlik deur God geroep word is 'n saak tussen hom en God self. Uit die volgende kan wel uitgemaak word of iemand waarlik die inwendige roeping deelagtig is:

2.1.1 'n Sterk begeerte om God in sy koninkryk te dien wat veronderstel kennis van die amp en liefde tot vervulling daarvan. Die geroepene moet weet wat hy doen. Die liefde van sy hart moet trek na die Evangelieverkondiging. Daartoe moet die liefde van Christus sy hart verower. Dit moet terselfdertyd 'n duursame begeerte wees want dit is 'n lewenslange diens.

2.1.2 Tweedens moet hy die geskiktheid, gawes en liggaamskragte hê vir die ampsbediening. Veral moet hy geestesgawes hê van verstand en hart, van karakter en wil.

2.1.3 Hy moet bereid wees tot selfverloëning. Nie eie hoof of insig moet hy dien nie, maar die Here. Hy moet op die agtergrond tree sodat sy Sender meer word. Hy moet hom in alles aan Christus onderwerp.

2.1.4 Hy moet nie om uiterlike eer en voordeel die bediening soek nie. Al kan hy van die Evangelie leef (1 Kor. 9:14) mag dit nooit gesien word bloot as 'n loopbaan nie. So iemand sal ook bedroë uitkom. Hy moet ook nie soek na eer en aansien by die wêreld nie. Die eer van God moet die diepste toon van sy siel wees.

2.1.5 Ten slotte kan dit as bewys van die inwendige roeping dien as die Here die weë en middele beskik wat moet lei tot die gewenste doel, waaronder val goeie vordering in en voltooiing van die studie.

...../2.2

2.2 Die uitwendige roeping:

Op die inwendige roeping moet die uitwendige roeping volg. Die inwendige roeping ontvang sy kroon en vervulling deur die uitwendige roeping d.i. in die roeping deur die kerk. Dit word nader bepaal in art. 4.

ARTIKEL 4

Die wettige beroeping en toelating van iemand wat nie tevore in die diens van die Woord gestaan het nie, en wat deur die Klassis waarin hy woonagtig is, voorbereidend (praeparatoir) geëksamineer is, bestaan uit:

ten eerste, die verkiesing na voorafgaande gebede, deur die kerkraad en die diakens volgens die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik of deur die kerkraad vasgestel is, en verder in kerke met slegs een bedienaar van die Woord, ook met advies van die Klassis of van die konsulent wat hiervoor deur die Klassis aangewys is;

ten tweede, die ondersoek na leer en lewe (peremptoir) van die beroepene deur die Klassis (waar die beroep ter goedkeuring voorgelê moet word) wat met advies van die deputate van die Partikuliere sinode moet plaasvind;

ten derde, die approbasie en goedkeuring deur die lidmate van die betrokke kerk wat daarin bestaan dat daar, nadat die naam vir minstens drie Sondae in die kerk afgekondig is, geen wettige beswaar ingedien is nie;

ten laaste, die openlike bevestiging voor die gemeente in teenwoordigheid van die klassikale deputate, volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

Hierdie artikel handel oor persone wat nie tevore in die amp was nie. Dit handel oor die 4 elemente van die wettige beroeping en toelating tot die diens t.w. verkiesing, eksaminering (peremptoir),

...../approbasie

approbasie en bevestiging.

Die artikel gaan egter van die veronderstelling uit dat so 'n persoon alreeds die voorbereidende (praeparatoir) eksamen afgelê het.

Dit bring ons by

1. Die praeparatoir-eksamen:

Voordat iemand hom kan aanmeld vir die praeparatoir-eksamen moet hy eers die eksamen van Kandidaat in die Teologie met goeie gevolg aflê. Opleiding hiertoe geskied aan die Teologiese Skool.

In die vroegste redaksies van die K.O. vind ons geen bepalinge t.o.v. 'n praeparatoir-eksamen wat die beroeping moes voorafgaan nie. Die kerke was geheel vry en kon beroep wie hulle wil. Die Sinode van Dordrecht 1578 het dit die eerste maal bepaal. Die praktyk het daartoe gedwing om twee redes:

(a) Die ongeordende toestand dat elke kerk maar kon beroep wie hy wil en

(b) die vrees vir Arminiaanse ketterye wat begin deurdring het.

So is dit ook opgeneem in die Dordtse K.O. Voor 1964 is die praeparatoir-eksamen afgeneem deur die kuratore en het die ook beroepbaar gestel. Hierteen is ernstige prinsipiële besware. Beroepbaarstelling is 'n daad van regering wat alleen deur 'n kerklike vergadering kan geskied en nie deur deputate nie. Die Sinode van 1964 (Acta art. 50) het derhalwe besluit dat art. 4 voortaan gehandhaaf sal word d.i. dat die praeparatoir-eksamen en beroepbaarstelling sal geskied deur die Klassis waar die kandidaat woonagtig was.

Die eksamen geskied oor die vakke Dogmatiek, Kerkreg, Homiletiek, Kategetiek, Pastoraal en Liturgiek. Verder sluit dit 'n preek in en 'n ondersoek na die beweegredes waarom 'n kandidaat hom geroepe voel tot die amp. By die aflegging van die praeparatoir-eksamen word 'n kandidaat dan deur die kerk beroepbaar gestel.

...../Die sinode

Die sinode van 1970 het dit weereens verander.(Vgl. Acta p. 122 e.v.). Albei die eksamens, praeparatoir en peremptoir, word nou in een eksamen afgeneem deur die Partikuliere Sinode vanwaar die kandidaat afkomstig is. Dit sluit 'n kennis en regsinnigheidstoets in.

Vir kandidate en proponente uit buitelandse kerke met wie die Geref. Kerk in engere korrespondensie staan, verwys ons na die besluit van 1904 (gepubliseer in K.O. boekie onder art. 4) en na die besluit 1967 (Acta p. 52) wat in verband met die besluit van 1964 (hierbo genoem) gelees moet word.

Volgens besluit van die Sinode 1904, aangevul deur die besluit van 1964, sal met kandidate uit buitelandse kerke met wie 'n engere korrespondensie onderhou word, ook gehandel word volgens art. 4. Proponente sal hulle moet onderwerp aan 'n colloquim doctum.

2. Die wettige beroeping en toelating:

2.1 Die verkiesing:

Dit geskied met voorafgaande gebed omdat dit God is wat roep deur die gemeente.

Die verkiesing geskied "deur die kerkraad en die diakens". Wat word hieronder verstaan? Skakel dit verkiesing deur die gemeente uit? Nee hoegenaamd nie. Dit sou in stryd wees met N.Gb. Art. 31: "Ons glo dat die bedienaars van die Woord van God, die ouderlinge en diakens vir hulle ampte gekies moet word deur wettige verkiesing van die kerk" en met die vraag in die bevestigingsformulier "...of u in u hart gevoel dat u wettig deur die gemeente van God en daarom deur God self tot hierdie heilige diens geroep is".
Die bedoeling van die artikel is dat daar geen vrye verkiesing mag wees nie. Dit moet geskied onder leiding van die kerkraad en diakens met medewerking van die gemeente.

Elke stelsel het hier sy eie metode:

...../Rome:

Rome: met sy hierargiese karakter ontsê die gemeente alle seggenskap.
Luther: Aanvanklik het hy ook die standpunt gehad van verkiesing deur die gemeente. Later, na 1527 toe die owerheid die regering van die kerk in hande gekry het, het die owerheid die ampsdraers benoem.
Independentiste: Dit berus uitsluitlik by die gemeente. Dit lê op die vlak van die valse volksoewereiniteitsgedagte.
Kollegialiste: Dit berus by 'n kollege wat deur die reglement daarvoor aangewys is.

Die Presbiteriale stelsel: onder leiding van die kerkraad en diakens deur die gemeente verkies, berus op die H.Skrif. In Hand. 6:3 berus die keuse van diakens by die gemeente nadat die apostels vasgestel het aan watter vereistes hulle moet voldoen. Eers dan is die verkorenes deur die apostels in die amp gestel. (Vgl. ook 1 Tim. 5:22; Titus 1:5). Die gemeente het reg van medewerking soos blyk uit Hand. 1:23 waar die skare meewerk by die aanwysing van 'n apostel. Vgl. ook 2 Kor. 8:19 waar 'n Evangelis deur die gemeente gekies is. Die ampsdraers moet sorg dat kragtens hulle amp alles ordelik sal geskied en moet daarom sorg dat bekwame manne volgens die eis van die Skrif in die amp gekies word. 'n Vrye volkskeuse kan gevaarlik wees. So maklik kan mense gekies word wat hulle opdring. "Wanneer de geloovigen in afhankelijkheid van Christus werken als een eenheid onder de leiding van het ambt, wanneer ambt en gemeente beide zich laten leiden door het Woord Gods, dan wordt de vrijheid en het recht der gemeente gehandhaafd en komt de Christusregeering tot openbaring". (Bouwman I p. 381).

Waarom kom die diakens ook by die kerkraad? Seker om soveel te meer te waak dat daar nie 'n onwaardige persoon verkies word nie. Die diakens dien ook daar as verteenwoordigers van die gemeente.

Die verkiesing geskied volgens die reëling wat plaaslik in gebruik is of deur die kerkraad vasgestel is. Daar is verskillende moontlikhede: 'n tweetal of drietal ens. of dat

...../die

die gemeente vooraf die aandag op persone vestig waaruit 'n twee- of drietal gekies word. Beroeping geskied deur meerderheid van stemme. By staking van stemme oor sake het die voorsitter geen beslissende stem nie en is die saak van die tafel af (Sinode 1910 art. 176). As stemme staak oor persone moet met aanroeping van die Naam van die Here geloot word (Sinode 1873).

Waar slegs een predikant is, geskied beroeping met advies van die Klassis of die konsulent deur die Klassis benoem. Dit beteken nie toestemming om te beroep nie, die kerkraad oordeel selfstandig. Dit beteken slegs toesig sodat alles ordelik geskied.

2.2 Die peremptoir eksamen:

Dit is die beslissende eksamen wat handel oor leer (regsinnigheid) en lewe. Die Sinode van 1970 het bepaal dat die praeparatoir en peremptoir verenig word in een eksamen en dat dit afgeneem word deur die Partikuliere Sinode van waaruit die kandidaat afkomstig is. Hierin lê die gedagte van handhawing van die band van die kerkverband met die teologiese studente (art. 19). Die Sinode van 1888 het besluit dat by staking van stemme by beroepbaarstelling en toelating tot die diens dit beskou moet word as 'n weiering tot toelating.

Volgens die besluit van 1970 wat die praeparatoir en peremptoir eksamens verbind het en wat die verkiesing en bevestiging voorafgaan het die peremptoir soos gestel in die artikel dus nie meer 'n kronologies opeenvolgende plek nie.

2.3 Approbasie deur die gemeente:

Na verkiesing het al die lidmate die reg van goed- of afkeuring van die beroep. Daarvoor word die naam van die beroepene vir minstens drie Sondae afgekondig sodat daar geleentheid kan wees vir indiening van besware.

2.4 Openlike bevestiging:

Die bevestiging is die sluitstuk van die beroeping. Deur die bevestiging word die roeping van krag. Dit is die openlike aanvaarding van die amp in die midde van die gemeente. In

...../Rome

Rome het die bevestiging 'n sakramentele betekenis waardeur aan die bevestigde sekere ampsgawes meegedeel word.

Die handoplegging is simbool dat aan iemand die ampsgawes geskenk is. Dit is dus geen oordrag van ampsgawes nie. Dit is 'n plegtige openlike betuiging van Godsweë voor die gemeente dat die bevestigde wettig deur God geroep is en vir 'n dienskneg van die Here gehou moet word, terwyl die ampsdraer deur die handoplegging self aangevuur word om die gawes wat aan hom geskenk is, te ontwikkel en te gebruik tot eer van God en tot welsyn van die gemeente.

Die bevestiging geskied met die formulier waarin die kerk offisieel 'n verklaring gee van die amp en die verbindingsvrae voorskryf.

Die klassikale deputate wat teenwoordig moet wees se taak is slegs om hulle te vergewis of al die nodige kerklike dokumente in orde is voordat die bevestiging kan plaasvind asook of die bevestiging self volgens orde geskied.

Dokumente wat benodig word: (a) Beroepsbrief.
(b) Aanvaarding van beroeping.
(c) Attestaat van vorige gemeente.
(d) Getuienis van eksamens wat geslaag is en beroepbaarstelling.

...../Art. 5

ARTIKEL 5

Beroeping van diensdoende predikante

Waar 'n bedienaar van die Woord van een kerk na 'n ander binne die kerkverband beroep word, geskied dit soos volg:
ten eerste die verkiesing deur die kerkraad en die diakens na voorafgaande gebede, met onderhouding van die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik of deur die kerkraad vasgestel is, en van die algemene ordinansies vir die beroepbaarheid van diegene wat buite die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gedien het, en verder in kerke met slegs een bedienaar van die Woord, ook met advies van die klassis of van die konsulent wat hiervoor deur die Klassis aangewys is;
ten tweede die goedkeuring deur die lidmate van die betrokke kerk as daar, nadat die naam vir minstens drie Sondae in die kerk afgekondig is, geen wettige beswaar ingedien is nie;
ten derde, die kontrolering deur die kerkraad saam met die klassikale deputate van die goeie kerklike getuienis ten opsigte van leer, lewe en ampsbediening, en van die losmaking;
ten laaste, die openlike bevestiging voor die gemeente volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

Ons wil nie hier herhaal wat alreeds onder art. 4 behandel is nie. Daar is groot ooreenkoms tussen arts. 4 & 5. In 5 is eksaminering weggelaat omdat dit handel oor beroeping en bevestiging van diensdoende predikante.

Die art. hou in dat dit geoorloof is om van een gemeente na 'n ander te gaan. Met so 'n beroeping moet die gemeente wat beroep en die beroepene groot erns maak. Is dit raadsaam om 'n predikant te beroep wat baie kort in 'n gemeente is? Die Sinode 1945 (art. 89) het dit as onwenslik geag om 'n predikant te beroep wat minder as twee jaar in sy gemeente is. In die bygaande brief by die beroepsbrief kan 'n kerkraad bepaal hoe lank die beroepene kan wag om te antwoord.

Ons handel nie weer oor die verkiesing nie. Dit wat onder art. 4 uiteengesit is, geld ook hier.

...../'n Nuwe

'n Nuwe element in die artikel is "en van die algemene ordinansies vir die beroepbaarheid van diegene wat buite die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gedien het".

Dit is duidelik dit gaan hier om predikante uit kerke met wie die Geref. Kerk in S.A. in engere korrespondensie staan. Art. 9 K.O. handel oor predikers "uit ander kerke".
Sodanige "algemene ordinansies" bestaan nie in die verband nie. Engere korrespondensie beteken (art. 51 K.O.) kerkverband. Dit impliseer wedersydse beroepbaarheid van predikante. Dan geld dieselfde prosedure as by beroeping in die res van art. 5. Die bepaling het 'n sterk Nederlandse inslag. (Vgl. Jansen p. 26 & 27).

Wat is die taak van 'n konsulent?
Die konsulent word van klassisweë benoem om tydens 'n vakature as voorsitter van 'n kerkraad op te tree en saam met die kerkraad toe te sien dat alles ordelik in die vakante gemeente verloop. Sinode 1952 het die volgende riglyne neergelê:
Die opdrag van 'n konsulent sluit nie vanself bediening van Woord en Sakramente in nie;
Die vakante gemeente moet reëlinge tref met die kerkraad van die konsulent en met die konsulent vir tydelike bediening daarvan.

Die kerkraad kan 'n ander voorsitter kry as die konsulent wettiglik verhinder is. Dit moet egter geskied in oorleg met die konsulent. 'n Konsulent is ook nie lid van die kerkraad nie. Hy het slegs adviserende stem.
Kombinasie-beroep: Die Sinode van 1939 het die saak van 'n kombinasieberoep op ordelike voet geplaas. Dit kom hierop neer dat die predikant gelykelik verbonde is aan die kerke van die kombinasie en keurstem het op die kerkraadsvergaderings. Vgl. ook Sinode 1970 (Acta p. 120) i.v.m. afvaardiging na meerdere vergaderings.

Kontrolering en openlike bevestiging:
Onder "klassikale deputate" word, volgens sinodebesluit 1904 verstaan 2 deputate uit elk van twee naburige kerke.

...../Die

Die volgende stukke moet gekontroleer word voordat bevestiging kan plaasvind:

(1) Die beroepsbrief met aanname van die beroep.

(2) Akte van ontslag van die kerkraad mede onderteken deur die deputate van die Klassis.

(3) Attestaat van die kerkraad waar hy gedien het.

(4) Verklaring deur die kerkraad wat beroep het dat daar geen beswaar van die kant van die gemeente gekom het nie.

Na approbasie volg die openlike bevestiging.

Daar moet herbevestiging wees by aanvaarding van 'n beroep. Beginsel: Die amp is verbind aan die plaaslike kerk. Elke Klassis (Sinode 1939) het sy ondertekeningsformulier wat by bevestiging onderteken moet word. Van die bevestiging word aan die Korresponderende kerkraad van die Klassis kennis gegee.

ARTIKEL 6

Geen bedienaar van die Woord mag onder 'n beskermheer of in gestigte, of op ander wyse diens van die Woord aanvaar nie, tensy hy daarvoor toestemming verkry het en toegelaat is volgens die voorgaande artikels; en hy is ook net soos die ander aan die Kerkorde onderworpe.

1. Historiese agtergrond:

In die Middeleeue het priesters diens gedoen aan koninklike howe in stigtinge en gashuise. Na die Reformasie moes dit nader gereël word. So het Prins Willem 'n eie hofprediker aangestel en het selfs hoë families verkies om 'n eie predikant te hê. Die Sinode van Dordrecht 1578 het bepaal dat predikante aan howe ordelik beroep moes word en dat ouderlinge en diakens uit die hofpersoneel verkies moes word. In 1581 is

...../nader

nader bepaal dat in die inrigtings ook volgens die kerkorde gehandel sal word. In 1586 is bepaal dat so 'n inrigting onder die naasgeleë gemeente moet val.

2. Wat beteken : toelating volgens die voorgaande artikels:
Dit hou in wettige roeping en bygevolg verband met die plaaslike kerk. 'n Predikant kan nie aangestel of beroep word deur 'n organisasie of groep indiwidue buite die kerk nie.

As predikant van 'n plaaslike kerk kan aan so 'n predikant 'n deel van 'n gemeente, byv. in 'n stigting, opgedra word vir bearbeiding. Hy kan ook buite die grense van die plaaslike gemeente gaan arbei, byv. 'n Kapelaan wat die militêre bedien. Hy bly egter net so aan die K.O. onderworpe, d.w.s. alle artikels wat betrekking het op die diens van 'n predikant geld ook vir hom.

3. Praktyk in die kerklike lewe:
In die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is daar op die oomblik weeshuise en tehuise vir oues van dae wat onder die art. in aanmerking kan kom. 'n Kerkraad kan dus 'n predikant beroep en hom opdra om 'n weeshuis binne sy ressort te bedien.

In die toepassing van die artikel het die Geref. Kerk in S.A. egter 'n ruimer interpretasie gegee aan die "beskermheer of in gestigte". Die Sinode van 1955 (p. 52) het met 'n beroep op art. 6 en 7 goedgekeur dat 'n ooreenkoms met die staat aangegaan word vir die beroeping van 'n voltydse kapelaan vir die leër. "Beskermheer of in gestigte" sien dus nie net op inrigtings wat aan die kerkverband verbind is nie.

Volgens die besluit is 'n ooreenkoms met die staat gesluit. Die Sinode het deputate wat in die verband met die owerheid onderhandel.

Dit alles, natuurlik met die voorbehoud, dat so 'n bedienaar van die Woord as kapelaan in alles aan die Kerkorde onderworpe bly.

...../Art. 7

K E R K R E G E R I N G

Prof. G.C.P. v.d. Vyver

K E R K R E G E R I N G

ARTIKEL 7

As iemand tot die diens van die Woord in 'n bepaalde kerk beroep word, moet hy op die bepaalde plek gevestig wees, tensy hy gestuur word om elders kerke te vergader.

1. Historiese agtergrond:
   (Sien Jansen & Bouwman I pag. 430)
   Die artikel is gerig teen los predikante wat hulle nie aan 'n bepaalde kerk wou verbind nie maar soos die apostels en evangeliste wou rondreis en preek. Natuurlik was hulle ook verbind aan 'n plaaslike kerk. (Hand. 13).

2. Beginsel in die art.:
   Die beginsel is dat die amp en roeping daartoe verbind word aan 'n plaaslike kerk. 'n Plaaslike kerk het egter geografiese grense. Die roeping is dus vir 'n bepaalde arbeidsveld binne sekere grense en daar moet die bedienaar van die Woord hom vestig. Die plaaslike kerk is 'n selfstandige openbaring van die liggaam van Christus met 'n eie bediening van Woord en sakramente. Aan so 'n plaaslike kerk word 'n predikant verbind. Herder en kudde hoort bymekaar. Dit raak die prediking want hy hoet met die behoeftes in sy gemeente rekening hou. Dit raak ook die pastorale arbeid. Die amp wortel dus in die plaaslike kerk.

   Hierdie beginsel word gehandhaaf teenoor

   (a) Rome wat 'n geestelike stand het wat aan geheel die Roomse Kerk verbind is. Deur wyding word die priester verhef bo die kerkvolk. Die mag om die heilige dinge te bedien kleef aan die persoon van die priester. Waar die priester is daar is die kerk want die kerk is virtueel in hom aanwesig.

   (b) die genootskaplike praktyk waarin 'n genootskap byv. 'n sendingleraar uitstuur sonder om hom te verbind aan 'n plaaslike kerk;

   (c) die sog."sending"soos dit in die 17e & 18e eeu in Friesland was. 'n Meerdere vergadering het geëksamineer waarna iemand dan wettiglik geordeen is d.w.s. die reg ontvang om te preek, sakramente te bedien en tug uit

te oefen. So is iemand in die amp gestel sonder verbintenis aan 'n bepaalde gemeente en plek.

Kragtens die beginsel van beroeping deur 'n plaaslike kerk word dan bepaal in art. 7 dat die predikant hom daar moet vestig met die oog op sy ampsvervulling.

3. Die uitsondering op die reël:

Die artikel maak voorsiening vir 'n uitsonderlike geval d.i. tensy hy gestuur word om elders kerke te vergader. Dit is gegrond in die H.Skrif. Paulus en Barnabas word uitgestuur deur Antiochië (Hand. 13) en hulle het weer aan die gemeente verslag kom doen van hulle werk. (Hand. 14).

Die praktyk in die Geref. Kerk in S.A. t.o.v. uitstuur van sendelinge en die bearbeiding van verspreidwonende lidmate deur 'n bepaalde kerk word deur die art. gedek (Vgl. Sinode 1955 art. 245 en 1961 art. 161, asook art. 39 K.O.).

ARTIKEL 8

Iemand wat nie gestudeer het nie, sal nie tot die diens van die Woord toegelaat word nie, tensy daar sekerheid is van sy buitengewone gawes, godsaligheid, ootmoedigheid en ingetoënheid, goeie verstand en onderskeidingsvermoë, sowel as gawes van welsprekendheid. As so iemand hom aanmeld, moet die Klassis as die Partikuliere Sinode dit goedvind, hom eksamineer en na gunstige bevinding hom vir 'n tyd lank privaat preekproewe laat lewer, om dan met hom te handel soos die Klassis stigtelik oordeel.

1. Die beginsel in die artikel:

Die beginsel in die artikel vervat is dat die bedienaar van die Woord versien moet wees met besondere gawes en bekwaamheid. (Vgl. by art. 2 oor die ampte). Vgl. ook 2 Tim. 2:2 "en wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer." So het die Gereformeerde Kerke vanaf die begin 'n deeglike wetenskaplike opleiding vir die heilige diens nodig geag. Vgl. die stigting van die Teologiese Skool, 1869 en die van Kampen 1854. So dui die aanhef van die artikel die normale weg aan. Jy kom tot die bediening deur studie.

Daardeur moet aan die besonder hoë vereistes vir die amp voldoen word. Hierdie hoë vereistes word dan nou ook in art.

2. 8 beklemtoon maar dit wys dan op 'n uitsonderlike weg waarlangs tot die amp gekom kan word. Volgens die Skrif is die beginsel besondere gawes en voorbereiding. Die reël is langs die weg van studie. Die uitsondering is die weg van art. 8 sonder om die beginsel te verkrag.

In buitengewone tye is dit moontlik dat daar 'n gebrek aan afgestudeerde manne kan wees. (Vgl. 1834 en 1859). In sulke tye moet dit die kerk vrystaan om vir sy bekwaamste manne die weg tot die amp oop te hou. In sy vrymag kan God besondere gawes skenk aan gelowiges waardeur hulle aan die vereistes beantwoord sonder opleiding. Hulle moet egter dan begenadig wees met

3. buitengewone gawes:

Na "buitengewone gawes" behoort 'n dubbelpunt (:) te wees. (Vgl. Bouwman I p. 438; Jansen p. 40). Die artikel beklemtoon dat die Here sonder voorafgaande spesiale opleiding met singuliere gawes kan begenadig. Die volgende word as buitengewone gawes aangemerk:

Godsaligheid: (Latyn: pitas = vroomheid). Hy moet die Here vrees.

Ootmoedigheid: (Latyn: humilitas = nederigheid).. Iemand wat besondere gawes het kan so maklik verval in hoogmoed en selfverheffing.

Ingetoënheid: (Latyn: modestia = sedigheid). Hy moet gebalanseerd en selfbeheersd wees, dus die teenoorgestelde van voor op die wa.

Goeie verstand: (Latyn: excelleus ingenium = skerp onderskeidingsvermoë). 'n Pampoenkop kan nie deur skrifverklaring kom tot die diepere sin van die Skrif nie.

Onderskeidingsvermoë: (Latyn: prudentia = insig). Jy kan groot verstand hê sonder insig. Dit is 'n helder oordeel om te kan onderskei en die nodige mensekennis.

Welsprekendheid: (Latyn: eliquentia = welsprekendheid). Moet sy gedagtes ordelik en helder kan uitdruk.

Eersgenoemde vyf het meer betrekking op sy innerlike en lg. meer op sy optrede na buite.

4. Prosedure vir toelating:

Die Sinode 1888 (art. 36) het hieromtrent soos volg bepaal: "Degenen die niet gestudeerd hebben aan de Theologische school moeten, by aanmelding tot het eksamen, voorsien zÿn van attesten van aanprÿsing van den persoon voor de Heilige bediening, welke attesten verkrygen moeten worden van den Kerkeraad en Algemeene Vergadering die het meest bekend zÿn met zÿn persoon."

Die volgende prosedure moet gevolg word:

(i) So 'n persoon moet hom aanmeld by sy kerkraad van wie hy getuienis moet ontvang wat hy saam met sy aansoek indien by die Klassis.

(ii) Die Klassis maak 'n aanbeveling by die Part. Sinode by wie, volgens sinodebesluit 1970, die preparatoir- en peremptoireksamen berus. Dit lê op die weg van die Part. Sinode om hom eers privaat preekproewe te laat lewer en dan oor te gaan tot die genoemde eksamens.

So 'n persoon word feitlik net onthef van kennis van die ou tale.

Die Sinode van 1964 (Acta p. 69) het die oefening van die preekgawe deur studente met hierdie preekoefeninge van art. 8 gedek.

ARTIKEL 9.

Predikers wat uit ander kerke of een of ander sekte aansluit, sal nie tot die kerkdiens toegelaat word nie, behalwe met groot versigtigheid, en dit eers nadat hulle vir 'n sekere tyd goed beproef is.

Die beginsel van die art.:

(Vir hostoriese agtergrond sien Jansen)

Die kerke moet met sorgvuldigheid waak oor die toelating tot die diens. Vgl. 1 Tim. 5:22 en 1 Tim. 3:16. So 'n toelating moet met groot versigtigheid geskied. So 'n persoon sal hom moet wend tot die meerdere vergadering wat volgens besluit Sin. 1970 beroepbaar stel t.w. die Part. Sinode. Alles wat in aanmerking kom by die toelating tot die bediening (art. 4,5 en 8) sal hier in die prentjie kom.

Vir 'n tyd moet die persoon eers beproef word. Dit is vir so 'n vergadering om dit vas te stel.

ARTIKEL 10

'n Bedienaar van die Woord wat eenmaal wettig beroep is, mag die kerk waaraan hy verbonde is, nie sonder bewilliging van die kerkraad met die diakens en toestemming van die Klassis verlaat om op 'n ander plek 'n beroep op te volg nie; en geen ander kerk mag hom ontvang voordat hy van die kerk en klassis waar hy gedien het, wettige getuienis van sy losmaking getoon het nie.

1. Ordelike losmaking:

   Hierdie artikel handel oor wettige en ordelike losmaking van die bedienaar van die Woord van die plaaslike kerk. Weereens moet die "kerkraad en die diakens" bewillig tot sy losmaking. Hulle het volgens art. 4 & 5 ook beroep. Die band tussen predikant en kerkraad is wedersyds. Dit kan ook alleen met wedersydse goedvinde verbreek word. Die predikant moet dus reeds in die stadium van oorweging van 'n beroep sy kerkraad daarin ken. Miskien wil die kerkraad faktore noem wat hy by die oorweging in berekening moet bring. In die reël laat die kerkraad die beslissing aan die predikant oor.

   By die oorweging van 'n beroep moet rekening gehou word met die besluit van 1945 nl. dat die Sinode dit nie wenslik ag dat 'n predikant wat nog geen twee jaar in sy gemeente is beroep sal word nie, aangesien so 'n kort bediening in stryd is met die belange van 'n gemeente.

2. Toestemming van die Klassis:

   Die kerkverband het belang by die vertrek van 'n predikant van een plek na 'n ander. 'n Klassis kan dit weier byv. as daar te veel vakante gemeentes is. In die praktyk kom hierdie "toestemming" nie tot sy reg nie. Deputate van die Klassis kom in die reël eers in die prentjie by die losmaking. Hulle is volgens besluit van 1904 die konsulent en twee deputate elk van twee naburige kerke. Hulle moet by losmaking die stukke nagaan, t.w. of alles in orde is. As toestemming van die Klassis onderteken hulle die akte van losmaking.

'n Kopie hiervan gaan na die Klassis. Reiskoste van die deputate word gedra deur die gemeente wat beroep het.

3. Bevestiging in nuwe gemeente:
Waar hy bevestig word lewer die predikant sy akte van losmaking in en attestaat van die kerkraad. Sy losmaking van die vorige gemeente word eers van krag by bevestiging in die nuwe gemeente.

In 1879 is bssluit dat as 'n predikant binne 'n jaar van 'n gemeente vertrek moet die roepende gemeente trekkoste terug gee.

ARTIKEL 11

Die kerkraad wat die kerk verteenwoordig, is verplig om sy bedienaars van die Woord met behoorlike onderhoud te versorg en mag hulle nie die onderhoud weerhou of hulle uit hulle diens ontslaan sonder kennis en goedkeuring van die Klassis en met advies van die deputate van die partikuliere Sinode nie.

1. Die beginsel t.o.v. lewensonderhoud:
Die beginsel rus in die roeping. Die kerk roep die dienaar om met al sy kragte en gawes en tyd die gemeente te bedien. Dit vra al jou liefde (Joh. 21:15-17), al jou tyd Joh. 9:4 al ons gewilligheid 2 Kor. 8:16-17, ons volharding 2 Tim. 4:1-5 en ons algehele toewyding Rom. 1:1; Hand. 15:26.

Die Woord lê die verpligting op die kerke: Mat. 10:10; Luk. 10:7. Die wat die Evangelie verkondig kan van die Evangelie lewe. I Kor. 9:14. Die wat hierin nalatig is sal deur die Here gestraf word. Gal. 6:6-8. Die versorging is nie 'n salaris nie. Vir die diens van Christus kan nie in geld betaal word nie.

2. Van watter ontslag is hier sprake:
Laat ons eers daarop wys van wie hier nie sprake is nie. Dit is nie 'n artikel vir tughandeling, dit val onder art. 79 en 80 K.O. Dit kan ook nie misbruik word om maar net om enige rede van 'n predikant ontslae te raak nie.

Art. 11 maak voorsiening in hoogs uitsonderlike gevalle. Dit is waar beide kerkraad en gemeente skuld het aan 'n gespanne toestand sodat daar nie meer met seën gearbei kan word nie. Sy karakter pas miskien nie in by die gemeente nie.

3. Ontslag:

Dit moet geskied met toestemming van die Klassis en advies van die Part. Sinode. So 'n predikant is by ontslag nie getug of afgesit as predikant nie. Hy is onthef van sy diens in die plaaslike kerk maar is nog beroepbaar. Gewoonlik word by ontslag gereël t.o.v. sy verdere lewensonderhoud, "waggeld" genoem. Dit is slegs vir 'n tyd. As dit verstreke is sal kerkraad en die betrokke meerdere vergaderings weer hieroor moet handel. Onbepaald kan hy nie onderhou word nie. Die uiterste implikasie is oorgaan tot 'n ander staat van lewe.

ARTIKEL 12

Omdat 'n bedienaar van die Woord wat eenmaal wettig beroep is, lewenslank aan die kerkdiens verbonde is, mag hy nie tot 'n ander staat van die lewe oorgaan nie, behalwe om gewigtige redes waaroor die kerkraad en die Klassis moet oordeel met advies van die deputate van die Partikuliere Sinode.

1. Die beginsel:

Die beginsel wat aan die artikel ten grondslag lê is dat die bedienaar van die Woord lewenslank aan die kerkdiens verbonde is. Die beginsel rus nie op die Roomse gedagte dat die amp 'n onverkiesbare karakter het nie. Dit rus ook nie op die Doperse wyding dat 'n dienaar van die Woord alle aanraking met die burgerlike lewe moet vermy nie. Die Skrif leer egter dat die amp al ons liefde Joh. 21:15-17; al ons tyd Joh. 9:4; al ons gewilligheid 1 Kor. 9:16-17; al ons volharding 2 Tim. 4:1-5; en ons afsondering tot en toewyding aan die werk van die bediening Rom. 1:1; Hand. 15:26; vra.

2. Die oorgang tot 'n ander staat van die lewe.

Dit beteken die aanvaarding van 'n ander amp of beroep op maatskaplike terrein waardeur hy die kerkdiens loslaat. Die artikel bepaal nou dat so 'n oorgang wel moontlik is, maar dit moet alleen om gewigtige redes geskied en langs ordelik kerklike weg.

Die volgende kan wel as gewigtige redes geld:

a. Wanneer hy onder art. 11 losgemaak is en nie 'n beroep ontvang nie.

b. Gebrek aan ampsgawes in eie gemeente en ook vir 'n ander gemeente.

c. Wanneer die bediening vir hom om een of ander rede 'n las word.

d. Hy kan hom geroepe voel vir 'n ander werk byv. doseer van Christelike wetenskap of een of ander roeping op die breë terrein van die koninkryk. Die Sinode van 1964 het besluite van die Sinodes 1939 en 1942 herroep en daarop gewys dat art. 12 nie beoog die behoud van status onder 'n ander staat van lewe nie maar hoe jy eervol die amp kan neerlê by oorgang tot 'n ander staat van lewe.

3. Die weg waarlangs dit geskied:

Die predikant mag nie eiemagtig optree nie. Die amp dra 'n bilaterale karakter. Hy moet sy versoek eers voorlê aan die kerkraad. Oordeel die gunstig word dit voorgelê aan die Klassis met advies van die dep. van die Part. Sinode. Lg. word erken by die toelating tot die amp en dus ook by die neerlegging van die amp.

ARTIKEL 13

As 'n bedienaar van die Woord, volgens oordeel van die kerkraad met goedkeuring van die Klassis en advies vandie deputate van die Partikuliere Sinode, onbekwaam word vir die uitoefening van sy diens weens ouderdom, siekte of andersins, behou hy die eer en die naam van 'n bedienaar vandie Woord en moet die Kerk wat hy gedien het, hom in sy nooddruf eervol versorg.

1. Die grond vir emeritaat:

Die grond vir die emeritaat in art. 13 is onbekwaamheid. (Latyn: inhabilis = ongeskik, onbekwaam).
Die onbekwaamheid kan geleë wees in siekte, ouderdom of andersins d.w.s. ander gevalle van onbekwaamheid.

Die versorging van sodanige persone rus op dieselfde grond as die versorging van die predikant deur die plaaslike kerk. Die dienaar kan weens die karakter van sy amp nie self sorg vir sy onderhoud nie. Die kerk het op al sy tyd kragte en gawes beslag gelê en moet hom dus ook in heel sy lewe versorg, (1 Kor. 9:7-14; Gal. 6:6-8).

2. Wat hou emeritaat in?:

Dit is ontslag van die amptelike diens in die gemeente met behoud van eer en status en bevoegdheid van 'n bedienaar van die Woord. "Emeritus" is oorspronklik 'n militêre term. Dit dui op soldaat wat sy tyd uitgedien het. Die gevolge van emeritaat is dat die bedienaar van die Woord geheel onthef word van amptelike diens. Al verhuis hy bly hy emeritus-predikant van die kerk waar hy geëmeriteer het. Hy word egter lidmaat van die gemeente waar hy hom vestig.

3. Die versorging van 'n emeritus:

Die kerk wat hom emeriteer moet hom behoorlik versorg. Dit kan vir 'n plaaslike kerk 'n te swaar las word, daarom het die Sinode 1873 (art. 53) al besluit dat die kerke die versorging gesamentlik sal behartig en is besluit om 'n fonds te stig waaruit die versorging sal geskied. Kerkrade dra hiertoe by. 'n Reglement is ook daarvoor opgestel. Die beginsel bly dus: die plaaslike kerk versorg.

Die versorging moet "eervol" wees in sy "nooddruf." Dit beteken lewensonderhoud. Dit is wensensverskillend van barmhartigheidsdiens. Dit is die goeie reg van die predikant en plig van die kerk.

4. Die wyse van emeritering:

a. Die betrokke bedienaar van die Woord moet sy versoek rig tot sy kerkraad. Vind die kerkraad dit gegrond, neem hy die versoek na die Klassis wat daaroor beslis met advies van die deputate van die Part. Sinode.

'n Behoorlik ondertekende stuk moet gegee word aan die bedienaar van die Woord en die betrokke kerkraad. Die kerkraad behoort aansoek te doen om versorging uit die gesamentlike fonds.

ARTIKEL 14

'n Bedienaar van die Woord wat weens siekte of om enige ander rede sy diens 'n tyd lank moet onderbreek, wat nie, sonder bewilliging van die kerkraad en advies van die Klassis mag gebeur nie, bly steeds onderworpe aan die beroeping van daardie kerk.

1. Redes vir tydelike onderbreking:

   L.W. hier is nie sprake van ontslag nie, maar van onderbreking. Tydelik word die dienaar onthef van sy dienste in die gemeente. Daar moet natuurlik 'n absolute noodsaaklikheid daarvoor bestaan. Wat is die redes vir so 'n onderbreking?

   Die art. gee as rede: "weens siekte of om enige ander rede." Voorwaarde is dat sodanige rede vir aanvraging slegs tydelik van aard moet wees.

   Dit kan wees geneeslike siekte, studieverlof, afvaardiging na die buiteland ens. Redes moet ook gewigtig en noodsaaklik wees.

2. Hoe die bewilliging geskied:

   Dit moet geskied met bewilliging d.w.s. toestemming van die kerkraad. Dit beklemtoon weereens die bilaterale verhouding tussen predikant en kerkraad. Die advies van die Klassis is nodig sodat tydelike onderbreking nie wanorde skep in die Klassis nie.

   Vroeër is die "of enige ander rede" baie ruim geïnterpreteer, en is ook gemeen dat sodanige verlof onbepaald kan wees. Die Sinodes 1939 (art. 80) asook 1942 (art. 71a) het dit ook laat gaan oor predikante wat parlementslede word. Die Sinode 1964 het bogenoemde besluite herroep.

3. Die band met die plaaslike kerk bly:

   Die verbintenis wat volgens art. 4 of 5 met die plaaslike kerk gelê is, bly ongeskonde bewaar.

Hy is slegs vir 'n tyd van sy normale dienspligte onthef. Dit is nie onbepaald nie, maar vir 'n vasgestelde tyd.

Lewensonderhoud sal volgens omstandighede met die kerkraad gereël word.

Art. 14 mag nooit misbruik word deur 'n kerkraad om van 'n predikant ontslae te raak nie of deur 'n predikant misbruik word om van sy gemeente ontslae te raak nie. Teen sodanige misbruik moet kerkraad en in besonder die Klassis waak.

.....Art. 15

K E R K R E G E R I N G

ARTIKEL 15

Geen bedienaar van die Woord mag in 'n ander kerk die Woord of sakramente bedien sonder bewilliging van die kerkraad van daardie kerk nie, en niemand wat die diens van sy kerk onderbreek of nie in vaste diens staan nie, mag hier en daar gaan preek sonder die toestemming van die klassis of 'n partikuliere sinode nie.

1. Beginsel in die artikel:
   Die beginsels dusver in die K.O. neergelê t.o.v. die beroeping en diens van die bedienaar van die Woord word in die art. net verder deurgetrek. Iemand kan alleen Woord en sakrament bedien as hy wettig daartoe toegelaat en geroep is. (art. 3). Die beroepingsreg word in art. 4 beperk tot die plaaslike kerk. Hierdie beroepene is verbind aan 'n bepaalde terrein (art. 7).

   Hierdie art. sluit hierby aan en bepaal dat iemand alleen in 'n ander kerk Woord en sakrament mag bedien met bewilliging van daardie kerkraad. Daarby mag iemand ook nie as 'n rondgaande prediker"hier en daar," d.w.s. waar nog geen gemeente is nie, preek nie sonder bewilliging van die Klassis of Part. Sinode nie.

   Woord en sakramentbediening kan alleen geskied op gesag van die kerkraad. Geen predikant mag hom derhalwe aan 'n ander kerk opdring nie. Die Klassis en Part. Sinode kom ook hier in die prentjie. Dit is die meerdere vergaderings wat betrokke is by preekverlof en beroepbaarstelling. (Vgl. arts. 4,8 en 9).

2. Vir wie geld die art.:
   Eerstens vir predikante wat hulle diens"onderbreek". Dit kan predikante wees wat onder art. 11 losgemaak is van hulle diens in 'n plaaslike kerk. Dit kan ook geld vir predikante wat onder art. 14 hulle diens onder 'n bepaalde verlof onderbreek.
   Tweedens is dit vir predikante wat nie in vaste diens staan nie. Dit kan sien op emerituspredikante of volgens die huidige bedeling ook op professore aan die Teol. Skool.

ARTIKEL 16

Die amp van die bedienaars van die Woord is om in die gebede en bediening van die Woord te volhard, die sakramente te bedien, om goed ag te gee op hulle medebroeders, op die ouderlinge, op die diakens sowel as op die gemeente, en eindelik om saam met die ouderlinge die kerklike dissipline uit te oefen en te sorg dat alles betaamlik en ordelik plaasvind.

1. Wat beteken "amp"

   In die alledaagse lewe dui "amp" op 'n betrekking wat iemand beklee; dit dui op 'n waardigheid of eer. In hierdie artikel sien dit op die diens wat aan die amp verbind is. Amp en diens kan nie geskei word nie. Die amp lê vas in die roeping, roeping weer veronderstel 'n taak. Die artikel handel dus oor die ampsdiens van die predikant.

2. Waarin bestaan die ampsdiens:

   (a) Woordbediening. (Hieroor reeds gehandel onder art. 2). Die predikant is primêr bedienaar van die Woord. Dit sluit in woordbediening in die openbare samekoms van die gemeente. In die openbaar moet hy ook namens die hele gemeente die Naam van die Here aanroep. (Hand. 6:4; 1 Tim. 2:1). Hierbenewens moet hy die Woord ook bring aan die huise. Vermaning en vertroosting ens. moet tot elke lidmaat gebring word. (Hand. 20:20). So dra die huisbesoek 'n amptelike karakter. Hy tree daar op met die Woord. Dit is nie maar 'n besoek vir allerlei praatjies nie, of 'n kuiertjie nie. So word die band tussen herder en kudde ook bewaar. Dit is onontbeerlik vir geseënde prediking.

   Dit is opmerklik dat die K.O. bepaal dat hy hierin moet "volhard". Dit dui op trou in die amp tot die bittere einde toe. Geen teëstand of beproewinge mag hom van koers bring nie.

   By die bediening van die Woord hoort ook tuis die katkisasie, hoewel hiervan niks gemeld word nie. Dit is die onderwysing van die jeug van die gemeente uit die Woord van God, met die oog op openbare belydenis van geloof en deelname aan die sakramente. Hulpkragte mag gebruik word indien die nood dit vereis.

(b) Bediening van die sakramente

Dit is ook amptelik diens deur die bedienaar van die Woord. Matt. 28:19.

(c) Die regering saam met die ouderlinge:

Die artikel onderskei t.o.v. die regering deur die bedienaar van die Woord drieërlei:

Ten eerste moet hy goed ag gee op sy mede-broeders, ouderlinge en diakens en gemeente. Dit maak nie van die predikant n"toesighouer" oor die ander ampte nie, dit beteken slegs dat die Woord wat hy bedien sy lig moet laat val oor die bediening van die ander ampte en die amp van die gelowige. Dit beteken seker nie dat hy moet"waak oor en ag gee op die leer en lewe" van sy medebroeders nie. Hierdie deel van sy ampswerk vereis van hom seker deeglike kennis van Gods Woord.

Tweedens moet hy saam met die ouderlinge die kerklike dissipline uitoefen. Die predikant is leer- en regeerouderling. Hy is dus saam met die ouderlinge medeverantwoordelik vir die kerklike tug. Die tug berus by die vergadering van ouderlinge. Dit sluit alle vorme van hiërargie uit en van willekeur.

Derdens moet hy saam met die ouderlinge sorg en toesien dat alles in die gemeente betamelik en ordelik toegaan. (Vgl. 1 Kor. 14:40 en inleiding).

ARTIKEL 17

Wanneer daar meer as een bedienaar van die Woord aan n kerk verbonde is, moet in hulle dienspligte sowel as in ander opsigte volgens die oordeel van die kerkraad en, indien nodig, van die klassis, soveel moontlik gelykheid bestaan. Dit moet egter ook in die geval van die ouderlinge en die diakens onderhou word.

1. Beginsel ten grondslag aan die art.:

Die artikel het sy oorsprong by die Sinode van Middelburg 1581. Die versoek van sommige kerke onder invloed van a'Lasco dat daar inspekteurs of opsieners onder die predikante aangestel moet word is met hierdie artikel beantwoord.

Die artikel beklemtoon die ampsgelykheid onder bedienaars van die Woord. Dit staan teenoor die Roomse hiërargie. By Rome is die geestelikes hoër as die sog. "leke". Onder die geestelikes self is daar ook 'n rangorde.

Die dissipels het al onder mekaar getwis oor wie van hulle die grootste geag moet word. Jesus beklemtoon egter die diensmotief.

Bedienaars van die Woord bedien dieselfde taak, ongeag sy persoon. Voor Christus is hulle almal gelyk, hoewel nie eenders nie. Hulle het geen gesag uit hulleself nie. Aan geen mens kom heerskappy in die kerk toe nie. Die beginsel word bely in art. 31 Ngb. "En aangaande die bedienaars van die Woord - in watter plek hulle ook mag wees - hulle het een en dieselfde mag en gesag, omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is, die algemene Opsiener en Hoof van die Kerk." Dieselfde beginsel geld ook vir ouderlinge en diakens onderling.

2. <u>Waarin kom die gelykheid uit:</u>

   (a) In dienspligte - hulle moet met dieselfde verantwoordelikhede belas word. Daar moet ook 'n ekonomiese werkverdeling wees. Elkeen moet alle ampspligte vervul. Die Geref. Kerkreg ken dus nie soiets soos 'n hulpprediker of 'n hoofouderling of hoofdiaken nie.

   (b) In ampseer - dit sluit nie besondere waardering uit nie.

   (c) In versorging - moet 'n gelyke lewenstandaard kan handhaaf.

3. <u>Waarom "soveel moontlik":</u>

Die kerkraad dra verantwoordelikheid om die gelykheid te handhaaf na omstandighede. Weens siekte of ander faktore kan daar moontlik 'n mate van ongelykheid wees in bv. dienspligte. By ernstige meningsverskil in die kerkraad kan advies van die Klassis gevra word.

ARTIKEL 18

Die dienspligte van die professore aan die Teologiese Skool is om bedienaars van die Woord op te lei, die Heilige Skrif uit te lê en die suiwere leer teen die ketterye en dwalinge te verdedig.

1. Inleiding:

   Nadat vanaf art. 3-17 oor die amp van die bedienaar van die Woord gehandel is word nou gehandel oor die diens van die Professore aan die Teologiese Skool.

   Ons het alreeds onder art. 2 gewys op die amp van die professore aan die teol. Skool. Hy is 'n predikant in besondere diens.

2. Dienspligte:

   Primêre roeping van die kerk is om die Woord van God te verkondig. Om hiertoe deeglik wetenskaplik opgeleide dienskneegte te kan verkry is nodig dat die kerk sal sorg vir 'n deeglik wetenskaplike opleiding. Die kerk bepaal die opleiding wat standaard en inhoud aanbetref. Doel moet wees die opleiding van bedienaars van die Woord wat nie los staan van 'n deeglik wetenskaplike opleiding nie.

   Tweedens word die professore geroep om die Heilige Skrif uit te lê. Dit beteken dat hulle alle vakke in die ensiklopedie by die lig van die Woord moet doseer. Die vrug van hulle arbeid moet egter ook die kerk andersins ten goede kom o.a. deur publikasies.

   Ten slotte moet hulle die suiwere leer teen ketterye en dwalinge verdedig. Dit moet voor die kateder geskied maar ook wyer uitkring na buite.

ARTIKEL 19

Die kerke moet soveel nodig sorg dat daar studente in die teologie is wat deur hulle ondersteun word.

1. Beginsel ten grondslag aan die artikel:

Die roeping van die kerk is Woordbediening. Dit is dus van lewensbelang vir die kerk dat daar voldoende predikante sal wees. Die kerke moet jongmense aanmoedig vir die bediening en ondersteun. Die steun is geen barmhartigheidsdiens nie maar die steun geskied uit die roeping tot instandhouding van die kerkdiens.

2. Die wyse van steun:

Die steun moet deur elke kerk geskied. Die kerke doen dit gesamentlik. Om willekeur te voorkom is 'n reglement vir die "Teologiese Studentekas" vasgestel. Die steun is geen lenings nie maar vrybeurse.

ARTIKEL 20

By die afsterwe van 'n bedienaar van die Woord moet die kerk wat hy gedien het of in die geval van 'n professor aan die Teologiese Skool, die kerkverband, sy weduwee en wese eervol in hulle nooddruf versorg.

1. Redaksie:

Die redaksie vervang 'n vroeëre redaksie wat gehandel het oor preekoefeninge vir persone wat onder artikel 8 bekwaam geag is vir die Woordbediening. Dit kon verval omdat dit alreeds in art. 8 gereël word.

Nadat oor die twee dienste gehandel is vorm die huidige redaksie 'n logiese afsluiting deurdat die versorging van die afhanklikes van afgestorwe predikante en professore hier gereël word.

2. Beginselgrondslag:

Die bedienaar van die Woord, waarby natuurlik ingesluit is die professore aan die Teologiese Skool, het hulle lewenslank aan die diens verbind. (Vgl. Joh. 21:16; Hand. 15:26).

Kragtens die verbintenis is die kerke verantwoordelik vir hulle versorging (Sien by art. 11). Dit geld vanselfsprekend ook vir hulle gesinne. Dit is geen saak van barmhartigheid nie, maar volgens Skrif 'n reg van so 'n gesin as die hoof wegval. "So het die Here ook vir die wat die evangelie verkondig, bepaal dat hulle van die evangelie moet lewe." (1 Kor. 9:14).

2. Versorging in die praktyk:

By die versorging van afhanklikes is deur die Sinode bepaal dat 'n weduwee 6 maande na afsterwe van haar eggenoot reg het op sy traktement en die bewoning van die pastorie. Daarna geskied versorging deur die E.P.P.W. en Wesefonds op 'n basis soos van tyd tot tyd deur die Sinode bepaal. (Vgl. Reglement E.P.P.W. en W.-fonds Sinode 1942 art. 60 of in K.O.-boekie by art. 13).
Afhanklikes van professore word ook uit die fonds versorg. (Sien Acta Sinode 1973).

ARTIKEL 21

Die kerkrade moet toesien dat die ouers die skoolonderrig aan hulle kinders in die vrees van die Here laat geskied.

1. Redaksie:

Dit is gevoel dat die vroeëre redaksie van die artikel nie bevredig nie. (Vir aandag hieraan deur die Sinodes 1939 en 1942 vgl.: Handleiding by die Kerkorde p. 133-135).
Die grootste beswaar teen die ou redaksie was dat die artikel gekoppel is aan 'n C.N.O. beleidsrigting wat eerder die ouers en staat se taak reël as die van die kerk.
By die hersiening van die K.O. deur die Sinode 1964 is deputate benoem om in te gaan op 'n herformulering van art. 21. Dit lei tot die huidige formulering deur die Sinode 1967 (Acta p. 64).

2. Motivering vir die wysiging:

Die Sinode 1967 het die volgende motivering vir die wysiging van die artikel goedgekeur: (Acta p. 64).

a. Hierdeur stel die Kerkorde 'n suiwere beginsel, sonder om een of ander bepaalde C.N.O.-beleid te reglementeer.

b. Die beginsel is suiwer omdat

(i) dit ooreenstem met die doopformulier;

(ii) die woorde"in die vrees van die Here" aan die Skrif ontleen is, soos die Skrif dit ook gewoonlik aan opvoeding verbind.

c. Hierdie redaksie wys die kerkrade op hulle taak t.o.v. die ouers oor wie hulle regeer en maak die uitvoering dus konkreet en stel in die lig van vorige sinodebesluite die taak van die kerkraad duidelik ten opsigte van die"gees en rigting" van skoolinrigting.

Vir besware teen die ou redaksie van art. 21 verwys ons na Acta Sinode 1967 p. 63-64.

K E R K R E G E R I N G

ARTIKEL 22

Die ouderling word deur die gemeente onder die leiding van die kerkraad verkies volgens die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik of deur die kerkraad vasgestel is. By hierdie reëling staan dit elke kerkraad vry om vooraf aan die gemeentelede geleentheid te gee om die aandag op geskikte persone te vestig, en om saam met die diakens vir die verkiesing die nodige aantal ouderlinge aan die gemeente vir approbasie voor te dra of om tweetalle of 'n dubbele getal te stel waaruit die gemeente die nodige aantal kies. Die verkose broeders word, nadat hulle name verskillende male afgekondig is, en geen wettige beswaar ingekom het nie, bevestig volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

1. Wie verkies?

Die gemeente verkies. Dit is volgens Skrif. (Vgl. Bouwman I p. 528). Dit ook in ooreenstemming met art. 31 Ngb. Vgl. ook bevestigingsformulier: "of u in u hart gevoel dat u wettig deur die gemeente van God, en daarom deur God self, tot hierdie heilige diens geroep is." In Hand. 6:1-6 stel die apostels die vereiste vir die diaken. Daarna kies die gemeente.

Die leiding berus by die kerkraad. So erken die artikel die verantwoordelikheid van die gemeente onder leiding van die kerkraad.

2. Die wyse van verkiesing.

Daar is geen strakke eenvormige voorskrif nie. Die beginsel is verkiesing deur die gemeente onder leiding van die kerkraad. In die toepassing hiervan kan daar verskil wees. Daar is verskeie moontlikhede:

(a) Die gemeente vestig vooraf die aandag op die bepaalde persone. Dit staan die kerkraad vry om hiervan gebruik te maak of nie.

(b) Voordra per approbasie. Die gemeente heg stilswyend goedkeuring daaraan of keur af met motivering. Hierdie weg moet die uitsondering wees.

(c) Deur 'n tweetal aan die gemeente voor te lê. (Twee vir elke vakature). Die gemeente kies dan een.

(d) Deur 'n dubbele getal aan die gemeente voor te lê. Daar moet drie verkies word dan word byv. 5 name voorgelê.

By staking van stemme moet weer gestem word en by weer 'n staking moet die lot gewerp word. (Sinode 1910 art. 176). Alleen belydende manslidmate is stemgeregtig behalwe die wat onder tug is.

3. Approbasie:

Na verkiesing word die name vir approbasie aan die gemeente voorgelê. Daar kan nog besware inkom teen dié wat verkies is. As geen besware inkom vind die bevestiging plaas. As besware oor leer en lewe gehandhaaf word beteken dit dat die verkiesing tot niet verklaar word.

4. Bevestiging:

Dit geskied volgens die formulier. Dit is al deur die Sinode van S'Gravenhage 1586 opgestel). Die bevestiging is 'n openlike aanvaarding van die amp voor die gemeente.

Handoplegging is nie gebruiklik by die bevestiging van ouderlinge en diakens nie omdat hulle nie lewenslank nie maar vir 'n bepaalde tyd gekies word. (Sien Bouman I p. 542).

ARTIKEL 23

Die amp van die ouderlinge is, benewens dit wat hulle gemeenskaplik saam met die bedienaar van die Woord moet doen soos in art. 16 neergelê, ook om toesig te hou dat bedienaars van die Woord hulle mede-ouderlinge en die diakens hulle ampte getrou bedien; verder om huisbesoek te doen tot stigting van die gemeente soos omstandighede van tyd en plek dit toelaat, sowel voor as na die Nagmaal om die lidmate veral te vertroos en te onderrig en ook ander tot die Christelike godsdiens op te wek.

1. Hulle roeping volgens art. 16:

Die art. verwys na art. 16 wat lui: "die kerklike dissipline uit te oefen en te sorg dat alles betaamlik en ordelik plaasvind." Dit dui op regering en tughandhawing. Oor die tug word gehandel in arts. 71-80. Die woorde "en te sorg dat alles betaamlik en ordelik toegaan" sien op 1 Kor. 14:40. Sien by art. 1). Die regering is van die van 'n owerheid onderskei in oorsprong, wese, aard en strekking.

Die oorsprong van hulle regeermag vind sy grond in Christus die Hoof van sy kerk. Die aard van owerheidsgesag is dwingend, die van die ouderling bedienend. Dit bedien Christus se gesag in sy Woord en staan in diens van Hom en ten behoewe van die gemeente. (Sien wat elders gesê is oor die begrip "gesag"). In wese het die gesag te doen met die mens in sy godsdienstig, sedelike bestaan. In strekking beoog dit die eer van God, die opbou van die gemeente (Ef. 4:12) en die ewige saligheid van die uitverkorenes. Christus moet in alles geprys word.

Die dienaar behoort te verstaan dat die mens terug moet tree sodat Christus sy Sender voorop sal staan. Die wil van Christus bind opsiener en lidmaat. Hulle is dus geen heersers nie maar opsieners. (Hand. 20:28; 1 Tim. 3:2).

By die regering moet die ouderling steeds onthou dat hy dit nie alleen kan doen nie. Herderlike werk kan 'n indiwiduele ouderling wel doen maar die regering rus by die ouderlinge in gemeenskap met mekaar. Die Skrif spreek steeds van die ouderlinge in die meervoud. (Hand. 14:23; 20:17). Hulle vorm saam met die predikant 'n raad van die kerk. (Vgl. Bouwman I p. 551). (Vgl. ook bevestigingsformulier). Die Sinode van 1967 (Acta p. 100-102) het funksionele differensiasie van die Ouderlingamp afgewys d.w.s. 'n ouderling mag nie net verkies word vir sending, evangelisasie of jeug ens. Nie die objek van bediening maar die roeping en opdrag van Christus bepaal die amp.

2. Toesig oor mede-ampsdraers:

Die ouderlinge moet toesig hou oor al die ampsdraers. Dit gaan oor die uitoefening van hulle ampte. Dit moet

geskied volgens Gods Woord. Geen vreemde leer mag deur die bedienaar van die Woord voorgedra word nie. (Hand. 20:29). Daar is ook troue en ontroue herders. (Hand. 20:29-31; Eseg. 34). Die ouderling moet ook toesien dat die Woordbediening profytlik en opbouend vir die gemeente is. Dit geld ook vir toesig oor die Katkisasie as deel van sy Woordbediening.

Die ouderlinge moet ook toesig hou oor hulle medeouderlinge en diakens. Dit geskied nie om heerskappy te voer oor mekaar nie maar om op mekaar ag te gee. Dit moet geskied in liefde, met gestrengheid en verantwoordelikheid.

3. Huisbesoek: (Vgl. Pastoraal)

Huisbesoek is die amptelike, private en vertroulike herderlike sorg aan die lidmate in hulle huise. (Vgl. Hand. 20:28, 31; 1 Tim. 5:17; 1 Thes. 5:11-14; Joh. 4; Joh. 20 en 21).
Die gereformeerdes het steeds nadruk gelê op die belangrikheid van die huisbesoek. (Vgl. vir geskiedenis hiervan Bouwman I p. 556 e.v.). Die huisbesoek moet tenminste met Skriflesing en gebed geskied. As tyd word bepaal voor en na die Nagmaal. Voor, om die regte viering voor te berei en na die Nagmaal om oor die vrug van die Nagmaalsviering te spreek en gevalle van nalatigheid en onverskilligheid te vermaan.
Natuurlik moet siekes, oues van dae, beproefdes, nuwe intrekkers ens. besoek word.
Doel van die huisbesoek is stigting en opbou van die gemeente. Lidmate moet vertroos, onderrig en vermaan word.

4. Taak van ouderling buite die kerk: (Vir historiese agtergrond van die laaste woorde van die art. sien Bouwman I p.562).
Die ouderling het ook 'n roeping t.o.v. Evangelisasie en sending.
Aangesien die ouderling nie voltyds die ampsdiens vervul nie is hier geen sprake van traktering nie (Vgl. Bouwman I p. 560.)

ARTIKEL 24

Wat gebruiklik is in die geval van die ouderlinge moet ook onderhou word by die verkiesing, goedkeuring en bevestiging van diakens.

Ons verwys na die behandeling van art. 22 en vir die instelling van die diakenamp na die behandeling van art. 2.

ARTIKEL 25

Die eintlike amp van die diakens is om die liefdegawes in geld en goedere wat aan die armes gegee word, nougeset te versamel en dit met gesamentlike oorleg getrou en vlytig uit te deel volgens die eis van die behoefte aan sowel die behoeftiges in die gemeente as aan ander; verder om die wat in nood is te besoek en te vertroos en om goed toe te sien dat die gawes nie misbruik word nie. Die diakens moet in die kerkraad verslag doen van hulle werksaamhede, en indien verlang, ook voor die gemeente wanneer die kerkraad dit geskik ag.

Die artikel handel nie oor die instelling (sien by art. 2) maar oor die diens van die diakenamp. In die formulier van bevestiging word die eintlike diens van die diaken as versorging van die armes omskryf. Dit is in ooreenstemming met art. 30 N.G.B. wat bepaal: "dat ook die armes en bedrúktes gehelp en getroos kan word na die maat van hulle behoeftes."

Hier word vier dele in hulle diens onderskei: om die gawes te versamel; die gawes uit te deel; die armes te besoek en te vertroos; en van die uitoefening van hulle amp verantwoording te doen.

1. <u>Die insameling van die gawes:</u>

   Die bevestigingsformulier lui dat diakens sorg moet dra "dat daar tot ondersteuning van die armes baie goeie middele" gevind moet word. Hierdie liefdegawes moet vrywilliglik (2 Kor. 8:11,12) deur die lidmate gegee word.

Die verantwoordelikheid mag nie afgeskuif word op die staat of maatskappy (deur straatkollektes) nie. Hier geld besonderlik dat jou linkerhand nie moet weet wat jou regterhand doen nie. (Mat. 6:1-4). Dit sny kersfondse van koerante by die wortel af.

Die Sinode van 1964 het besluit (Acta p. 477) dat die plek van die kollekte, hetsy in of by die erediens, 'n middelmatige saak is en dat dit in die vryheid van kerkrade gelaat word om dit te bepaal. Waaroor die Skrif wel duidelik is, is dat die afsondering van die gawes op die rusdag moet geskied en dat elkeen persoonlik daarvoor moet offer (1 Kor. 16:2). In die loop van die geskiedenis is dit verskillend gedoen. Die Sinode van Dordrecht 1574 het byvoorbeeld geoordeel dat kollektes by die kerkdeur, na afloop van die diens "het allervoechelixte ende bequaemste" is. In sommige kerke in Nederland is wel ook in die erediens gekollekteer. Voeties het gemeen onder of na die diens is van geen wesenlike belang nie. (Vgl. Bouwman I p. 579 e.v.).

2. <u>Die uitdeel van die gawes:</u>

Die versorging is vir die armes van die plaaslike kerk maar strek tog ook wyer. Hieroor laat Gal. 6:10 geen twyfel nie: "laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar die meeste aan die huisgenote van die geloof." Vgl. ook Mat. 5:44,45; Rom. 12:20.

Voorwerpe van versorging in die gemeente is die behoeftiges. Dit onthef nie kinders of kleinkinders van hulle verpligtinge om om te sien na ouers of grootouers nie. (Vgl. 1 Tim. 5:4).
Die armes moet dan na die eis van hulle behoeftes versorg word. Hulle moet behoorlik kan lewe. Gesamentlike oorleg en wyse oordeel is hier nodig. Dit wys op 'n vergadering van diakens. (Vgl. art. 40 K.O.). Die versorging moet deur die diakens by die huis afgedra word. Dit moet steeds bediening van die barmhartigheid van Christus wees. Die versorging moet dus met liefde en simpatie geskied.

3. Die armes besoek en vertroos:

Die diakens doen ook huisbesoek. Dit dra egter 'n ander karakter as die van die ouderling. Hy moet met "troos-woorde uit die Heilige Skrif aan die arme en ellendige hulp bewys." (Bevestigingsformulier). Hy moet ook vir hulle bid. So kan hy ook toesien dat die gawes met oor-leg bestee word.

4. Verantwoording oor die uitoefening van hulle amp:

Die kerkraad moet hom vergewis of die diakens hulle amp na die eis van die Skrif uitoefen. Die diakens moet dus in die kerkraad verslag doen van die uitoefening van hulle amp en ook van die kerkraad advies vra. Aangesien dit 'n diens uit die gemeente (offer van liefdegawes) en aan die gemeente (sy behoeftiges) raak kan die kerkraad ook reël dat verslag gedoen sal word aan die gemeente.

So 'n verslag hoef nie te geskied tot in die fynste be-sonderhede nie. Die name van lidmate wat ondersteun is en bedrae moet nie aan die gemeente bekend gemaak word nie. (Vgl. Mat. 6:1-4). Die verslag sal algemene sake raak soos: aantal gevalle ondersteun, aard van onder-steuning, omvang van ondersteuning, gesindheid van gemeente en gesindheid van hulle wat ondersteun is. Die kerkraad kan reël hoe dikwels die verslag aan die ge-meente gedoen moet word.

ARTIKEL 26

Die diakens moet ander liggame of instellings wat aan behoeftiges hulp verleen, versoek om met hulle oorleg te pleeg sodat die gawes des te beter uitgedeel kan word onder dié wat die meeste gebrek het.

1. Historiese agtergrond:

Sien by Jansen: Korte Verklaring.
Handleiding L.S. Kruger e.a. p. 159.

2. Die beginsel:

Die artikel hou vas aan die beginsel dat die inisiatief vir die behoorlike versorging van die armes by die diakens berus. Indien liggame of instellinge aan behoeftiges hulp verleen moet hulle versoek word om dit nie geheel en al buite die diakens om te doen nie, sodat daar behoorlike en eweredige versorging van die armes sal wees.

Die kerk mag hom nie verlaat op ander bronne van versorging nie. Hy bly steeds verantwoordelik met inagname van 1 Tim. 5:4,16.

Hulp van buite as 'n vervanging van diakonale versorging is nog steeds afgewys.

In die verband het 'n Studierapport "Staatsteun en diakonale arbeid" gedien voor die Sinode 1955, Acta p. 151-152. Die Sinode het met dank van die studie-arbeid kennis geneem. (Studente moet dit self nagaan in die Acta).

3. Hulp van ander diakonieë:

Die art. maak nie voorsiening vir oorlegpleging tussen diakens van een gemeente met die van 'n ander nie. Die kerkraad verteenwoordig die gemeente na buite. Indien diakens nie oor voldoende middele beskik nie moet dit by die kerkraad rapporteer word (art. 25). Die kerkraad kan dan, na voldoende plaaslike inisiatief geneem is, met ander kerke in verbinding tree d.m.v. korrespondensie of die Klassis. (Vgl. art. 41 K.O.)

ARTIKEL 27

Die dienstyd van ouderlinge en diakens word deur die kerkraad gereël soos hy tot die meeste stigting van die kerk ag. By periodieke aftreding na minstens twee of meer jare diens, moet 'n eweredige deel jaarliks aftree.

1. Beginsel ten grondslag aan die art.:

Die art. reël dat dienstyd van ouderlinge en diakens deur die kerkraad gereël word. Die belange van die kerk gaan voorop en nie die grille en wense van hulle wat in die amp staan nie. Volgens die formulering van die artikel kan 'n kerkraad reël dat ouderlinge en diakens vir 'n onbepaalde tyd, dit kan ook lewenslank wees, verkies word. Die kerkraad sal dan, by aanvraag van ontslag, moet vasstel of daar genoegsaam redes is om ontslag te gee.

Die kerkraad kan egter ook reël dat daar periodieke aftrede sal wees. In so 'n geval word ampsdraers vir 'n bepaalde periode gekies. Die Skrif gee geen direkte uitspraak oor tydelike of permanente diens van ampsdraers. Dit kan met reg aan kerkrade oorgelaat word. Calvyn het diens, slegs vir 'n bepaalde tyd, as tot groot voordeel vir die gemeente geag. Die amp dra geen onverliesbare karakter (Character indebelis), soos Rome dit wil nie. In Geneve het ampsdraers jaarliks afgetree. (Sien Bouwmann I p. 601 e.v.). Die Franse Geref. Kerke het Calvyn gevolg en in art. 22 en 23 van hulle belydenis bepaal dat die amp van ouderling en diaken nie lewenslank is nie. Periodieke aftrede is gewens om die volgende te voorkom:

(a) Oligargie of kliekregering in die kerk.

(b) Hiërargie: heerskappyvoering oor die gemeente.

(c) Klerikalisme: die gedagte van 'n regerende klas in die kerk.

Dit is egter ook gewens sodat dieselfde broeders nie te veel beswaar word met die diens van die amp nie. Daar kan ook ander gawes en kragte in die gemeente wees wat met seën gebruik kan word.

/2. Praktiese...

2. Praktiese reëling:

Die art. bepaal dat ampsdraers minstens twee jaar moet dien. Dit is 'n absolute minimum vir profytlike diens. Vertroue van lidmate moet gewen word en daar moet geleentheid wees vir behoorlike opvolging van probleemgevalle. In stedelike gemeentes waar daar gedurige verwisseling is hoef nie tot periodieke aftrede besluit te word nie. Dit lê binne die mag van die kerkraad. Die artikel maak nie periodieke aftreding verpligtend nie.
Die art. bepaal verder dat 'n ewweredige deel moet aftree. Die doel hiervan is dat daar die nodige kontinuïteit sal wees.

Hoewel die artikel herverkiesing nie afsny nie, het dit binne die raamwerk en strekking van die artikel geen sin nie. Dit kan egter onder bepaalde omstandighede gebeur. In so 'n geval moet na herverkiesing ook herbevestiging wees.

ARTIKEL 28

Soos dit die plig van owerhede as instellings van God is om aan die kerk en sy ampsdraers hulp en beskerming te bied, so is dit ook die plig van alle predikante, ouderlinge en diakens om die gehoorsaamheid en eerbied wat aan die owerheid verskuldig is, getrou en ywerig by die gemeente in te skerp, en hulle moet trag om, in die vrees van die Here, die goedgesindheid van die owerheid jeens die kerke op te wek en te behou in belang van die kerke.

Dit is ook die plig van die kerklike vergaderings om korrespondensie moet die owerheid te onderhou om die nodige medewerking van die owerheid te verkry en in voorkomende gevalle as kerk van Christus voor die owerheid te getuig.

/1. Histories:

1. Histories:

Die artikel is eers deur die Sinode van Dordrecht 1618-19 in die K.O. opgeneem. Dit is ook nie duidelik waarom die Sinode dit gedoen het nie. Jansen meen dat die Sinode om twee redes hiertoe gekom het.

(a) Om die owerheid gunstig te steun en so die owerheid se goedkeuring te kry vir die kerkorde. Hierdeur sou dit krag van 'n staatswet ontvang en

(b) om van te vore al die Arminiaanse gedagte dat die owerheid bo die kerk staan sowel as die Roomse idee dat die owerheid onder die kerk staan, af te sny.

Die artikel in sy huidige formulering is deur die Sinode 1967 sodanig gewysig.

2. Die roeping van kerk en owerheid teenoor mekaar:

Die artikel gaan uit van die skriftuurlike gedagte dat die owerheid 'n instelling van God is. (Rom. 13). Die gesag van die persoon wat 'n owerheidsamp vervul word direk van God afgelei. (H. Kateg. in 104).
Die artikel omskryf die plig van die owerheid teenoor die kerk en die van die ampsdraers teenoor die owerheid. Die plig van die owerheid is om die kerk en sy ampsdraers hulp en beskerming te bied. Die hulp en beskerming is noodsaaklik met die oog op die uitvoering van sy roeping. Die owerheid moet ook rus vir eredienste en kerklike vergaderings verseker.

Die roeping van kerklike ampsdraers teenoor owerhede is om by lidmate gehoorsaamheid en eerbied (5de gebod) teenoor die owerheid in te skerp. Daarby moet hulle ook die goedgesindheid van die owerheid probeer behou.

Die laaste paragraaf van die art. gryp vooruit na art. 29 e.v. wat handel oor kerklike vergaderings. Dit is ook die plig van lg. om korrespondensie met die owerheid te onderhou. Dit lê 'n gereëlde kontak tussen kerk en owerheid.

/Dit

Dit het tweërlei doel:

(1) Vir medewerking van owerheid.

(2) Om indien nodig voor die owerheid te getuig.

Lg. kan nodig wees by bepaalde openbare misdrywe maar die owerheid moet optree.

In die art. word dus beide kerk en owerheid se gesag op eie terrein erken (teenoor Lutheranisme en Rooms Katolisisme) maar terselfdertyd dat daar wedersydse respek vir mekaar moet wees en dat daar die nodige samewerking moet wees.

ARTIKEL 29

Vier kerklike vergaderinge moet onderhou word: die Kerkraad, die Klassis, die Partikuliere Sinode en die Algemene of Nasionale Sinode.

1. <u>Die noodsaaklikheid van kerklike vergaderings:</u>

Met art. 29 begin die tweede deel van die K.O. wat handel oor die kerklike vergaderings. Die kerk het behoefte aan leiding en versorging. Daartoe is nodig organe wat in Naam van Christus waak oor die handhawing van orde en tug. Volgens die H.Skrif moet daar en elke kerk opsieners wees om toesig te hou oor die gemeente. Hulle tree op as n raad van die plaaslike kerk om te regeer. Maar omdat die kerke één is in Christus is dit noodsaaklik dat n onderlinge verband onderhou sal word, sodat die eenheid en suiwerheid van die leer gehandhaaf kan word. Twee beginsels tree hier sterk na vore t.w. die handhawing van die selfstandigheid van die plaaslike kerk maar terselfdertyd die saamhorigheid en samewerking en afhanklikheid van mekaar in kerkverband.

Die plaaslike kerk is wel n selfstandige komplete kerk, n openbaring van die liggaam van Christus, op een bepaalde plek. Dit is egter, nie openbaring van die liggaam van Christus nie.

/Soos....

Soos art. 27 Ngb. dit stel: die kerk is versprei en verstrooi oor die hele wêreld.

Die eenheid in kerkverband klem dan soveel te meer as daar eenheid is in dieselfde geloof. Die Gereformeerdes het die noodsaaklikheid van die kerkverband verdedig teendie Roomse en die Independente. Vir Rome is die kerk 'n heilsinrigting waardeur Christus sy genade meedeel aan die wêreld. Die sigbare kerkinstituut vorm die tussenskakel tussen God en mens. Heel die priesterkerk is één. Waar die Pous is daar is die kerk.

Teenoor Rome wat een groot heilsinstituut leer handhaaf ons as Gereformeerdes die selfstandigheid van die plaaslike kerk wat staande in 'n kerkverband nog die vryheid bly behou.

Hierdie selfstandigheid mag egter nie opgevat word in die sin van die Independentiste nie wat elke groep van gelowiges vir onafhanklik hou. Die gemeente regeer en dit erken geen bindende outoriteit van 'n Sinodale verband. Hulle erken wel 'n sinode maar dit gee slegs advies. Van 'n bindende gesag van meerdere vergaderings wil hulle niks weet nie.

Hierteenoor erken ons dat hoewel die plaaslike kerk wel 'n selfstandige en komplete kerk is, dit tog volgens goddelike orde is dat die kerkverband in meerdere vergaderings sal funksioneer en tot openbaring sal kom. Dit bring geen nuwe kerk nie maar is tog nodig in die blywende voortbestaan van die kerkverband. 'n Plaaslike kerk word dan ook in kerkverband gestig. 'n Plaaslike kerk moet nie oers, soos Bouwmann (II p. 9) dit stel, besluit om vrywillig aan te sluit by 'n kerkverband nie.

Die noodsaaklikheid van die kerkverband rus in die volgende gronde:

(a) <u>Die immerlike eenheid van die kerk van Christus</u>

Daar is maar een kerk die mistieke liggaam van Christus.

/Plaaslike...

Plaaslike kerke is openbaringe van die een onsigbare liggaam vnn Christus. Dit dwing plaaslike kerke om in kerkverband daardie eenheid tot openbaring te bring.

(b) Die H.Skrif leer dat plaaslike kerke mekaar moet help en ondersteun en dien.

'n Sprekende bewys uit die H.Skrif is die kerklike vergadering te Jerusalem. (Hand. 15). 'n Saak wat die kerke gemeenskaplik raak, die belydenis, het hulle byeengebring. Die waarheid van God het 'n einde gemaak aan die teenspraak. Verder lees ons van 'n samewerking van kerke tot wedersydse hulp. So is gekollekteer in die kerke vir die armes te Jerusalem. Paulus spreek van die onderlinge geloof van die gemeentes, van die roeping om mekaar te vermaan en te steun. (Rom. 12:15; 1 Thess. 5:11; Filip. 1:27). Dit geld nie net in gelowiges nie, maar ook van kerke. Die plaaslike kerk het vir sy instandhouding, uitbreiding en suiwerheid in leer en wandel die genabuurde kerk nodig.

(c) Die kerkverband is derdens nodig om die vryheid van die gemeente en sy lede te waarborg, teenoor die heerssug en die willekeur van ampsdraers. Deur die reg van beroep op 'n meerdere vergadering kan 'n lidmaat sy besware voor 'n onpartydige vergadering lê. Deur samewerking kan ook ampsdraers gesteun en onderrig word in die regte uitoefening van hulle amp. (Vgl. visitasie).

So handhaaf ons die selfstandigheid van die plaaslike kerk maar terselfdertyd die noodsaaklikheid van die onderlinge band in kerkverband.

2. Die aard van die kerkverband:

Die kerkverband rus prinsipieel op die eenheid van die kerk in Christus. Praktiese is hierdie eenheid alleen moontlik by kerke van 'n gemeenskaplike belydenis. Eenheid in belydenis is dus die akkoord wat kerke bind. Wat is eerste, die plaaslike kerk of kerkverband.

/Die....

Die kerkverband is daar voor die plaaslike kerk.
Die ecclesia universalis gaan die geïnstitueerde kerk vooraf.
'n Plaaslike kerk kom binne 'n kerkverband tot openbaring. Deur die kerkverband word die plaaslike kerk egter nie in sy selfstandigheid en vryheid aangetas nie. Deur die verband ontstaan ook nie 'n nuwe kerk nie waarvan die plaaslike kerke dele is nie. Die kerkverband moet juis daartoe dien om die selfstandigheid en vryheid van die plaaslike kerk te beskerm en te bestendig. Daar mag geen bestuursmag insluip waardeur die plaaslike kerk in sy roepingsvervulling van Woord- en Sakramentsbediening gestrem word nie.

Dit wil natuurlik nie sê dat 'n plaaslike kerk hom nie hoef te steur aan die besluite van 'n meerdere vergadering nie. Daar is sake wat 'n plaaslike kerk weer nie kan afhandel nie o.a. sake oor belydenis en kerkorde. Die meerdere vergadering waak ook oor die regte en vryhede van die gelowige. Sake kan bywyse van appél daar dien. Besluite moet ook nagekom word tensy dit bewys kan word as in stryd met Gods Woord (art. 31). Die Woord bind gelowiges en vergaderings in die kerk. Daarom spreek ons nie van die"outonomie"van die plaaslike kerk nie. Die Here self is die Wetgewer van sy kerk.

Meerdere vergaderings word op grond van Hand. 15 saamgestel uit afgevaardigdes van plaaslike kerke. Die lasbriewe is dan bewyse van hulle wettige afvaardiging van die plaaslike kerk. Bouwmann sê dat die plaaslike kerk "ten principale de eigenlÿke bezitters zÿn der kerkelÿke wacht, en die door hare afgevaardigden de macht, die zÿ zelve bezitten, voor bepaalde zaken en in bÿzondere gevallen samenbrengen." Hiermee stem ek nie saam nie. Dit maak die begrip "mag" as iets wat die plaaslike kerk besit. Mag veronderstel gesag. Die een is nie los van die ander nie. Sy gesag dra Christus nie oor nie. Hy oefen dit uit deur sy Woord en die bediening daarvan, ook by die regering van sy kerk. Dieselfde gesag en bygevolge mag gee Hy ook direk aan meerdere vergaderings wat saamgestel word deur afgevaardigde ampsdraers uit plaaslike kerke.

/3. Die....

3. Die vier kerklike vergaderinge

(a) Die kerkraad:

Onder kerkraad verstaan ons die ouderlinge wat as 'n raad van die plaaslike kerk optree. In 1 Tim. 4:14 is sprake van die "ouderlinge" d.i. die vergadering van ouderlinge. Die kerkraad is dus die vergadering van ampsdraers vir die regering in die plaaslike kerk.

(b) Klassis:

Dit kom van die Griekse woord = roep, saamroep. Dit is 'n sameroeping van genabuurde kerke. In art. 41 word verder oor die Klassis gehandel.

(c) Partikuliere sinode:

Dit is 'n samekoms van plaaslike kerke van verskillende Classes in meerdere vergadering. Dit word 'n "meerdere" vergadering genoem en nie 'n "hoëre" vergadering nie. Dit is net meer plaaslike kerke wat saamkom in kerkverband. Hulle kom saam met die oog op regering in die kerkverband maar ook op grond van die dieperliggende eenheid in Christus.

(d) Nasionale sinode:

Dit is 'n samekoms van al die kerke binne die nasionale grense.

4. Ander kerklike vergaderings:

(a) Algemene Sinode:

A.g.v. etniese onderskeidinge is daar verskillende nasionale Sinodes in Suid-Afrika. Op grond van eenheid in belydenis het die Sinode 1964 besluit dat 'n Algemene Sinode tot stand moet kom. Oor die kerkregtelike plek en bevoegdhede van die Alg. Sinode en oor watter aanpassings en herformulerings gemaak moet word in die K.O. Sien Acta 1973.

(b) Ekumeniese Sinode:

Dit is 'n wêreldwye samekoms van Gereformeerde kerke wat een is in belydenis.

/Die.....

Die Sinode van Dordt 1618 - 19 het in 'n sekere sin 'n internasionale karakter gedra. Dit was wel 'n nasionale sinode wat deur die State-Generaal byeen geroep is maar die St.Generaal het ook buitelandse teoloë uitgenooi. Hulle is egter nie deur kerke gedeputeer nie, maar deur die owerhede! Dit was dus nie in volle sin 'n Ekumeniese Sinode nie. Buitendien het die Franse en Skotse owerhede ook geen afgevaardigdes gestuur nie.

Die huidige Gereformeerde Ekumeniese Sinöde is geen Ekum. Sinode in die gewone natuurlike sin van die woord nie. Dit neem geen bindende besluite nie en is ook nie 'n verdere meerdere vergadering in die sin van art. 29 nie.

ARTIKEL 30

Kerklike vergaderinge moet alleen kerklike sake en dit op kerklike wyse behandel. Op meerdere vergaderings moet alleen sake behandel word wat nie in mindere vergaderings afgehandel kan word nie of sake wat by die meerdere vergaderings tuis-hoort.

1. Historiese agtergrond:

Om die artikel reg te verstaan moet ons iets weet van die historiese agtergrond daarvan. In die tyd net na die Reformasie, 'n tyd van vervolging en verdrukking, het die kerk hom ook soms besig gehou met politieke sake. Daar was 'n noue verwantskap tussen politieke vryheid (teenoor Spanje) en godsdienstige vryheid.

Reeds die Sinode van Emden 1571 het al 'n aanvoeling vir die beginsel gehad dat die kerk slegs kerklike sake moet gehandel. Die Sinode het geweier om soldate te werf vir die opstand teen Spanje. Die Sinode van Dordrecht 1574 het dan ook openlik die beginsel uitgespreek dat kerklike vergaderinge slegs oor kerklike sake sal handel en dat hy gemengde sake wat 'n politieke en kerklike karakter dra, die beslissing aan die owerheid oorgelaat sal word.

/In.....

In 1578 is dit gewysig dat kerkraad en owerheid saam oor sulke sake sal beslis. Die huidige redaksie is soos finaal geformuleer deur Dordt.

2. Beginsel ten grondslag aan die artikel:

Aan die artikel lê die beginsel van die soewereiniteit in eie kring van die kerk teenoor die staat en ander lewenskringe of organisasies, ten grondslag. Die kerk bemoei hom nie met maatskaplike sake (landbou ens.) geen politieke sake (verkiesings, staatsinrigtings ens.) militêre sake (v. oorlog) en wetenskaplike sake nie (beoefening letterkunde, natuurwetenskappe). Regspraak hoort ook nie tuis by die kerk nie.

3. Bevoegdheid: slegs kerklike sake:

"Kerklike sake" moet hier nie rigoristies geneem word nie. Daar is wel sogenaamde gemengde terreine. Ons verwys na art. 21 - onderwys.
" 26 - kontak met liefdadigheidsinstellings.
" 28 - kontak met owerheid.

Sommige sake, politiek ekonomies, maatskaplik ens, raak wel die lidmate of die geïnstitueerde kerke. Die Sinode van 1942 het (Acta art. 45) 'n nadere verklaring gedoen oor die sog. gemengde terreine. Die Roomse gedagte dat alle lewensterreine in diens van en onder die kerk moet staan is verwerp. By gemengde terreine, waarby kerk, staat en maatskappy belang het, moet deur korrespondensie onderling oorleg gepleeg word. Noodsaak vir korrespondensie oor 'n saak word bepaal deur die belang wat die kerk as instituut daarby het.

4. Kerklike sake op 'n kerklike wyse:

Die karakter van 'n kerklike vergadering is heeltemal anders as die van enige ander vergadering en daarom ook sy prosedure. Dit gaan om die heerskappy van Christus deur sy Woord. Aan die owerheid het Hy mag en gesag gegee om met geweld sy mag te handhaaf. Dit is dwingende gesag. 'n Kerklike vergadering het dienende gesag. Die kerklike wyse kom dus in hoofsaak daarop neer dat die Woord van God sal beslis.

/Dit....

Dit word beklemtoon in art. 5 en 7 N.G.B.
Die karakter van die kerklike mag is dus anders as enige ander instansie s'n. Owerheidsmag dra 'n juridiese karakter en kerklike mag 'n religieu-etiese.
Die Woord eis gehoorsaamheid. In middelmatige sake sal oorredend, oortuigend en adviserend, opgetree word.

So tree die ampsdraers altyd op as diensknegte van Jesus Christus tot opbou van die liggaam van Christus. Die liefde van Christus moet hulle in alles besiel.

5. Wat word op kerklike vergaderings behandel:

Met die bepaling in die K.O. word die selfstandigheid, vryheid en bevoegdheid van die plaaslike kerk verseker. Verder lê aan die art. ten grondslag dat meerdere vergaderings regeerliggame is.

In die eerste plek hoort by 'n meerdere vergadering tuis dit wat op 'n mindere nie afgehandel kan word nie.

Die uitgebreidste mag berus by die plaaslike kerk. Die kerkraad handel oor al die sake in die gemeente en meerdere vergaderings slegs oor dit wat die kerkraad nie kan afhandel nie. By Rome is die mag van die Pous die ruimste. In die Lutherse stelsel berus die hoogste gesag by die owerheid, in die kollegiale stelsel by die Sinode. In die Geref. stelsel is die mag van meerdere vergaderings dus baie beperk.
Ons het 'n mooi voorbeeld in die kerklike vergadering van Hand. 15. 'n Saak die besnydenis al dan nie van Christene uit die heidene is voorgelê aan die vergadering van Jerusalem omdat dit 'n saak was oor die leer wat alle kerke geraak het. Dieselfde beginsel word neergelê deur die Sinode van Emden 1571. (Vgl. Bouwman II p. 34) so ook deur Dordrecht 1581. Doel is om die reg en selfstandigheid van die plaaslike kerk en mindere vergaderings te beveilig maar ook om die werksaamhede van 'n Sinode nie tot in die oneindige uit te rek nie. Dit is ook om oligargie en hiërargie in die kerk uit te skakel.

Tweedens word sake deur 'n meerdere vergadering behandel wat daar tuis hoort.

/Daar.....

Daar is alreeds gewys op die noodsaaklikheid van kerkverband kragtens die eenheid van die kerk. Wanneer kerke met mekaar in kerkverband tree is daar noodwendig sake wat al die kerke raak. Dit moet ook deur al die kerke behandel word. Dit is veral sake wat belydenis en K.O. raak, en die Liturgie. Meerdere vergaderings behandel net wat daar tuishoort. Hulle is geen hoër besture wat sake vir mindere vergadering afhandel nie. Bouwman sê by 'n meerdere vergadering hoort tuis wat "het openbare welzyn of het algemene belang" van die kerke raak. Dit is sake oor leer, diens, tug, opleiding van bedienaars van die Woord, liturgie ens. Dit wil nie sê dat 'n Sinode alles tot in die fynste besonderhede moet reël nie. Daar moet 'n mate van vryheid wees in elk geval mag nie afgewyk word van die beginsels en algemene reëls deur 'n meerdere vergadering neergelê nie. Dit alles is daarop gerig om die heerskappy van Christus en sy Woord in die kerk te handhaaf en vir die goeie orde en saambinding van die kerke. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die reëling van die Liturgie.

Daarom mag 'n kerk nie nuwighede invoer wat die kerke in verband raak nie. Voor dit gebeur moet die kerke in kerkverband eers daarin geken word. Dit is nie 'n vorm van hiërargie nie, maar dit is terwille van die goeie orde, onderwerping aan die juk van Christus en die handhawing van die goddelike reg, ook in die kerkverband. As 'n plaaslike kerk die besluite van 'n meerdere vergadering naas hom neerlê verbreek hy daarmee die eenheid en die goeie orde. As 'n plaaslike kerk nie kan bewys dat so 'n besluit in stryd is met Gods Woord nie, is dit 'n daad van revolusie.

ARTIKEL 31

Wat op 'n kerklike vergadering met meerderheid van stemme besluit is, moet as vas en bindend beskou word tensy bewys word dat dit in stryd is met Gods Woord of die artikels van die Kerkorde. As iemand egter 'n klagte het dat hy deur die uitspraak van die mindere vergadering verongelyk is, kan hy hom op 'n meerdere vergadering beroep.

1. Die gesag van 'n kerklike vergadering:

In die art. word die beginsel beklemtoon dat die Woord van God die gesag in die kerklike vergaderings moet uitoefen. In die kollegialistiese stelsel het ons 'n ander gesagsbegrip. Dit gaan uit van die gedagte dat die kerk 'n gewoon menslike vereniging is wat ook op sodanige wyse bestuur word. Die gesag word bepaal deur die helfte plus een, die meerderheid in demokratiese sin. In die Gereformeerde stelsel het alleen die Woord absolute gesag. In 'n beslissing van die helfte plus een moet eers gesoek word na die lig van Gods Woord. Die vergadering moet, kan sê: so het ons en die H.Gees besluit. Daarom dat die besluite van kerklike vergaderings bindend is tensy bewys kan word dat dit in stryd is met Gods Woord.

'n Tweede beperking is gelê in die aanvaarde kerkorde. Daar mag dus nie van die kerklike prosedure en goeie orde afgewyk word nie.

Indien stemme oor 'n saak staak, is dit onbeslis van die tafel af. Indien stemme oor persone staak, word die lot gewerp (Acta, 1910 art. 176).

2. Die reg van appél:

Die bepaling dat besluite met meerderheid van stem geneem, as vas en bindend beskou moet word, hou in dat die minderheid hom moet konformeer d.w.s. by die besluit neerlê en dit sy eie maak. Indien iemand hom nie kan konformeer nie het hy die reg van appél. Indien 'n persoon hom nie kan konformeer nie, moet hy appelleer, anders stel hy in liberale sin sy eie oordeel bo die van die Woord, en maak hy hom skuldig aan ontbinding en skeurmakery.

/Die.....

Die art. gaan dus van die standpunt uit dat hoewel besluite van kerklike vergaderings bindend is, dit nog steeds feilbare sondige mense is wat tot 'n beslissing moet kom. Die meerderheid kan dus 'n besluit neem in stryd met Gods Woord en die aanvaarde Kerkorde. Daarom maak art. 31 die weg tot hoër beroep oop in die kerklike lewe. Dit is onmisbaar en 'n middel om te verseker dat Christus deur sy Woord regeer en nie die blote meerderheidstem van mense nie. Die doel van 'n appél moet altyd wees om waarheid en reg en orde te laat seëvier en nie om 'n persoonlike triomf te behaal nie.

Die appél na 'n meerdere vergadering gaan uit van die veronderstelling dat waar meer kerke oor 'n saak beslis daar 'n groter waarborg is vir 'n ryper en objektiewe onpartydige en regverdige beslissing. Twee koppe dink nou eenmaal helderder as een.

3. <u>Die gronde vir appél:</u>

Die formulering van die art. wek die skyn dat die reg tot appél alleen gegee is vir geval iemand deur die uitspraak van 'n vergadering persoonlik verongelyk is. So moet dit nie opgeneem word nie. Daar kan appelleer word teen enige besluit van enige kerklike vergadering wat jy in stryd ag met Gods Woord. Die vergadering teen wie die beswaar ingebring word kan natuurlik nie uitspraak doen in die saak nie want hy het 'n party geword daarom moet 'n meerdere vergadering hieroor besluit. Vir prosedure by appélsake sien Acta 1939 art. 135. Studente moet dit deeglik nagaan. Sien K.O. boekie by die art.) Daar word wel bepaal dat alleen by kronking van die reg geappelleer mag word. In die praktyk word dit egter nooit so eng geneem nie.

4. <u>Wat van 'n besluit as 'n appél hangende is:</u>

Elke saak moet op sy meriete behandel word. Belangrik is dat 'n beswaarde hom nie willekeurig aan besluite mag onttrek nie. Hiervoor is net geen vaste reël aan te gee nie.

ARTIKEL 32.

Alle vergaderinge moet met aanroeping van die Naam van God geopen en met danksegging gesluit word.

Die art. skyn oorbodig te wees. Dit lyk so van selfsprekend. Dit beklemtoon egter die besondere karakter van kerklike vergaderings. Nietige en sondige mense moet in die Naam van die Here en saam met die H.Gees (Hand. 15:28 (a)) in die kerk regeermag uitoefen deur sy Woord. 'n Kerklike vergadering moet regerende besluite neem. Werwing van stemme of 'n koukus is ontoelaatbaar by 'n kerklike vergadering.

ARTIKEL 33

Die afgevaardigdes na meerdere vergaderings moet hulle geloofsbriewe en opdragte saambring, onderteken deur die wat hulle stuur; en elke afgevaardigde sal 'n kerksteun hê, behalwe in sake wat sy eie persoon of kerk in die besonder aangaan.

1. Afgevaardigdes:

Die begrippe "afgevaardigde", "geloofsbriewe" en "opdragte" wys daarop dat daar 'n instansie is wat stuur. Dit is natuurlik die plaaslike kerk.

Die geloofsbrief is 'n getuienis van wettige afvaardiging. Teenoor die Remonstante wat die standpunt gehuldig het dat die owerheid die reg het om kerklike lashebbers na kerklike vergaderings te stuur handhaaf die art. dat alleen aan kerke die reg toekom om afgevaardigdes na kerklike vergaderings te stuur, en wel in die sin dat kerkrade afvaardig na Klassisse en lg. na Part. Sinode en Part. Sinode na Sinodes.

As getuienis van wettige afvaardiging bepaal dit ook die karakter van 'n meerdere vergadering. Dit is 'n vergadering van plaaslike kerke verteenwoordig deur hulle afgevaardigdes. In die lasbrief is dan ook die opdrag aan die afgevaardigde om in alle sake wat wettiglik ter tafel mag kom te besluit volgens Gods Woord, die 3 Formuliere van Eenheid en die aanvaarde K.O. So 'n kredensiebrief moet deur die voorsitter en skriba onderteken word. Twee getuie bevestig volgens die Skrif die waarheid en egtheid van 'n saak.
So word die bevoegdheid van afgevaardigdes streng beperk.
Die korrektheid en formulering van 'n geloofsbrief is dus van grondliggende betekenis. Die afgevaardigdes moet onthou dat hulle in alles namens hulle onderskeie kerke handel. Hulle verkeer in 'n vertrouensposisie. Eie insigte, wense of begeertes mag nie geld nie.

Vanaf 1863 het die Sinode 'n Openlike verklaring gedoen net na konstitutering. Dit is 'n plegtige onderskrywing en herbevestiging van die lasbriewe en 'n bekendstelling na buite.

Die Openlike verklaring is agter in die K.O. boekie.

/Afvaardiging

2. Afvaardiging geskied na 'n bepaalde meerdere vergadering:
Dit moet op die lasbrief vermeld word. Daaruit vloei vanself voort dat as 'n meerdere vergadering afgeloop is die bevoegdheid van die afgevaardigdes ook daarmee beëindig is. Meerdere vergaderings is nie permanente besture wat in die lewe geroep word nie.

Daar moet gewaak word dat kredensiebriewe nie 'n blote formaliteit word nie. Dit is 'n essensiële en wesenlike deel vir die samestelling van 'n meerdere vergadering. Die Geref. Kerk in S.A. het 'n goedgekeurde lasbrief wat agter in die K.O. boekie onder art. 41 verskyn.

3. Opdragte:
Wat is die opdragte wat die afgevaardigdes moet saambring. Vroeër het dit gelees "instruksies". Dit kan tot misverstand lei. Dit wek die skyn dat afgevaardigdes vooraf gebind is deur hulle kerkrade hoe om te stem. In die hersiene K.O. heet dit "opdragte". Wat beteken dit? Dit dui aan dat afgevaardigdes sake wat op 'n mindere vergadering nie afgehandel kon word nie moet saambring vir die agenda van die betrokke meerdere vergadering. Dit sien dus op dié sake wat hulle op die meerdere vergadering aan die orde moet stel.

In die reël word sake vir behandeling nou gestuur aan deputate vir korrespondensie wat dit moet orden en sirkuleer. Dit neem nie weg nie dat dringende sake volgens die art. ook direk op 'n tafel van 'n meerdere vergadering gebring kan word. Dit sal egter baie duidelik moet wees dat dit van 'n plaaslike kerk kom.

4. Keurstem:
Diegene wat wettig afgevaardig is, het keurstem d.w.s. hulle kan beslis oor voorkomende sake. Hierop is egter 'n beperking: "behalwe in sake wat sy eie persoon of kerk in die besonder aangaan. Lg. sien veral op 'n appèl teen 'n besluit van 'n betrokke vergadering. Die beginsel is dat niemand 'n regter in sy eie saak kan wees nie. Niemand kan ooit heeltemal onpartydig optree in 'n saak wat hom in besonder raak nie. Sy keurstem word hom dan ontneem.

...../Naas

Naas keurstem is daar 'n adviserende stem. Dit word in die reël verleen aan professore aan die Teologiese Skool. Hulle is in besonder geroepe om die lig van Gods Woord op sake te laat val.

Die beginsel dat 'n meerdere vergadering saamgestel is uit afgevaardigdes van kerke sluit die professore van 'n keurstem uit. In 'n kollegialistiese stelsel het hulle as ampsdraers van die "groot" kerk wel 'n keurstem en volle sitting op 'n "hoër" vergadering.

ARTIKEL 34

In alle vergaderinge moet by die praeses 'n skriba gevoeg word om noukeurig op te skrywe wat noodsaaklik opgeteken moet word.

In die Roomse en Kollegialistiese kerkregeringstelsels word aan permanente besture 'n durende mag verleen. In die gereformeerde kerkreg verwerp ons dit.

Nie enkele ampsdraers nie maar hulle gesamentlik in vergadering, regeer in die kerk. Hulle besluite moet dus noukeurig opgeteken word. Die beraadslagings verdwyn maar die besluite bly en daarmee word regeer. Daarom die bepaling dat dit noukeurig opgeteken moet word. Die besluite van 'n meerdere vergadering dra 'n durende karakter. Besprekinge word nie neergeskryf nie. Dit stig net verwarring.

Die ordelike gang van sake in 'n gemeente is van groot belang. 'n Goeie skriba is goud werd.

Elke kerklike vergadering kan reël hoe hy sy acta bekend wil maak.

Vertroulike persoonlike sake moet nie publiek gemaak word nie.

...../Artikel 35

ARTIKEL 35

Op meerdere vergaderings presideer 'n bedienaar van die Woord en die werk van die praeses is om voor te dra en te verduidelik wat behandel moet word, toe te sien dat elkeen op sy beurt spreek, om die wat redetwis en al te heftig spreek die swye op te lê, en as hulle geen gehoor gee nie die gepaste sensuur oor hulle uit te oefen. Sy amp hou op as die vergadering beëindig is.

Die artikel sny alle moontlikhede van die voorsitter as 'n heerser of outokraat oor 'n vergadering af. Die voorsitter moet onpartydig lei sodat die werksaamheid ordelik en voorspoedig afgehandel sal word.

1. Beginsel:
   Die beginsel in die art. is dat 'n bedienaar van die Woord moet presideer. Die Woord moet lei. Die leiding van die voorsitter moet dus prinsipiëel gerig wees. As voorsitter is hy nie hoër as die ander lede van die vergadering nie en staan ook nie "oor" hulle nie. Kragtens sy amp wat hy bedien is hy voorsitter en 'n primus inter pares.

2. Die konsulent as voorsitter:
   'n Konsulent is 'n deputaat van die Klassis wat die kerkraadsvergaderinge moet lei wanneer 'n gemeente vakant is of in gevalle soos by art. 4 en 5 K.O. of wanneer daar byvoorbeeld 'n tughandeling aan die gang is teen 'n plaaslike predikant. Hy is nie lid van die kerkraad nie en het geen keurstem nie. 'n Ander predikant kan op versoek van die kerkraad en met toestemming van die konsulent wel in afwesigheid van laasgenoemde 'n vergadering lei. In buitengewone spoedeisende gevalle kan 'n ouderling presideer. Dit moet die uitsonderlike wees.
   Geen voorsitter het 'n beslissende stem. By staking van stemme oor sake is 'n saak van die tafel af en oor persone moet na gebed geloot word.

3. Die werk van die voorsitter:
   Die voorsitter moet hom vooraf goed op hoogte stel van die agenda. In prinsipiële sake moet hy uit die Woord leiding gee.

...../Hy mag

Hy mag nie oorheersend optree nie. Met takt, oorleg en onpartydigheid moet hy reg laat geskied aan alle persone. Verder moet hy spreekbeurte ordelik reël en sorg dat daar nie onnodig herhaal word nie. Die voorsitter moet na rype bespreking die hoofelemente uit 'n bespreking saamvat om so die vergadering ryp te maak vir 'n beslissing.

Hy moet persone wat te skerp en strydlustig spreek vermaan. Persoonlike aanvalle moet in die kiem gesmoor word. "Gepaste sensuur" dui hier op vermaning.

4. <u>Die duur van die praesidium:</u>

Sy amp hou op as die vergadering beëindig is. Amp dui hier op waardigheid en bevoegdheid. Na beëindiging van 'n meerdere vergadering het die voorsitter geen waardigheid of funksie meer nie. Dit is wel so by kollegialistiese stelsels. Ons dink aan die moderator wat 'n waardigheid en bevoegdheid behou. Art. 41 bepaal dat 'n voorsitter van 'n Klassis nie by 'n volgende vergadering herkiesbaar is nie. So is dit ook by Part. Sin. en Alg. Sin. Dit is om enige sweem van hiërargie in die kerk te voorkom. 'n Praeses funksioneer net vir die duur van 'n samekoms en is maar net 'n voorganger onder gelykes.

...../Art. 36

Dieselfde seggenskap het die Klassis oor die kerkraad wat die Partikuliere Sinode oor die Klassis en die algemene sinode oor die Partikuliere Sinode het.

1. Waak teen foutiewe vertolking:
   Dit moet nie in kollegialistiese sin vertolk word asof hier 'n klimmende gesag en magsuitoefening is nie nl. dat die kerkraad aan die meerdere vergaderings ondergeskik is. Dan het ons hier trappe van gesag van laag, hoër en hoogste. Hierdie moontlikheid word wel afgesny deur die woordjie "dieselfde". Dit beteken tog identies, gelyk.

2. Seggenskap van meerdere vergaderinge:
   Daarop moet gelet word dat die art. nie spreek van die gesag oor die gemeente nie. Dit handel slegs oor die seggenskap van (authoritas) meerdere vergaderinge.
   Die "meerdere" bestaan net in die samekoms van meer kerke.

   Volgens art. 30 het meerdere vergadering 'n eie roeping. Hulle behandel sake wat op 'n mindere vergadering nie afgehandel kan word nie of oor sake wat by hulle tuishoort. "Dieselfde seggenskap" beteken dat dit in wese dieselfde is, en ook in outoriteit. Die begrip"seggenskap" beklemtoon dat die beslissinge van 'n meerdere vergadering bindend is vir 'n mindere vergadering tensy bewys kan word dat dit in stryd is met Gods Woord. Die gesag wat daar uitgeoefen word is die van Christus deur sy Woord. Vgl. Hand. 15. "so het ons en die Heilige Gees besluit".

   Volgens die Independente het 'n Sinode slegs adviserende mag.

   Die beslissing van Hand. 15 moes deur die kerke nagekom word. Die sending van Paulus en Barnabas wys duidelik op afvaardiging. Uit vss. 22-29 is dit duidelik dat die besluit bindend was vir die ander gemeentes in Sirië en Silisië. Daar is ook ander getuienis vgl. Hand. 16:4. God wil dat in alle kerke alles ordelik en met een sal geskied. Daarom is onderlinge oorleg en samewerking noodsaaklik. Kerke verbind hulle vrywilliglik in 'n meerdere vergadering en mag hulle nie willekeurig daaraan onttrek nie. Gehoorsaamheid aan Jesus Christus is dat die kerklike besluite opgevolg sal word.

Die/.....

Die seggenskap tas nie in die minste die gesag van die kerkraad oor die gemeente aan nie. Die kerkraad het ook direk met die gelowiges te doen terwyl die meerdere vergaderings slegs met kerkrade en met mekaar te doen het.

Die mag van meerdere vergaderings om beslissinge te neem wat hulle 'n seggenskap gee oor mindere vergaderings is nie 'n gedelegeerde mag of akkumulatiewe mag nie.

Bouwman (II p. 53) "De in de Classis en Synode samengekomene kerken brengen daar eene macht bÿeen, die beantwoordt aan de eenheid van de vergaderde kerken". Ons stem nie saam nie. Onder aan dieselfde bladsy weerspreek Bouwman hom weer. Hy sê op 'n meerdere vergadering word"in onderworpenheid aan Christus en zÿn Woord gehandeld". Jansen sê ook "de meerdere vergaderingen hëbben alleen een van de kerkeraden ontleende macht, terwyl de kerkeraden de macht oorspronkelÿk van Christus, den Koning der kerk ontvangen hebben". Hier is meer die verwarring van mag- en gesagsbegrip. Asof daar 'n mag en gesag bestaan los van Christus. Hy "gee" dit, Hy"beklee" daarmee asof dit los van homself bestaan. Hy roep wel en Hy bekwaam maar Hy is deur Woord en Gees self die gesag in sy kerk.
Dit is dieselfde gesag wat in 'n meerdere vergadering werk as die wat op 'n kerkraad werk t.w. die gesag van Christus deur sy Woord, en Hy gebruik ook hier dieselfde werktuie, sy ampsdraers wat Hy geroep het en bekwaam het om met sy Woord tot 'n beslissing te kom. Dit is handhawing van sy koningskap.

Daar is dus geen wesenlike of prinsipiële verskil tussen die gesag van 'n kerkraad of 'n meerdere vergadering nie. Daar is wel 'n verskil in oorsprong (kerkrd.verkies deur gemeente) en duur.

Meerdere vergaderings het dus 'n selfstandige outoritatiewe mag oor sake wat daar tuishoort. As dit nie die geval is nie, is dit bloot konferensies. Aan elkeen is sy eie terrein toegewys. Hierdie standpunt ontneem kerkrade nie hulle selfstandigheid en gesag nie.

3. Die/.....

3. Die karakter van die seggenskap:

Dit is geestelik. Dit is wel bindend maar tree nie bevelend, dwingend op nie. Dit is bedienend van aard en geen heerskappyvoering nie. Dit is nie onfeilbaar nie maar altyd toetsbaar aan die Woord (art. 31).

ARTIKEL 37.

In alle kerke moet 'n kerkraad wees wat bestaan uit die bedienaar(s) van die Woord en die ouderlinge, wat gereeld vergader onder voorsitterskap van die bedienaar van die Woord of die bedienaars om die beurt as daar meer as een is.

Begin nou handel oor die kerklike vergaderings afsonderlik. Arts. 29-36 het gehandel oor vergaderings in algemeen.

1. In elke kerk 'n kerkraad:

Die artikel gaan uit van die grondbeginsel dat elke plaaslike kerk 'n komplete selfstandige kerk is. Vgl. Gal. 1:2. So word gespreek van afsonderlike kerke te Jerusalem, Antiochië ens. Uit die H.Skrif is dit duidelik dat daar in elke plaaslike kerk 'n kerkraad moet wees. In elke gemeente is ouderlinge verkies. Vgl. Hand. 14:21,23; 15:2; Titus 1:5.

Dit is ook duidelik dat hulle as 'n vergadering moes optree, d.i. as 'n kerkraad. 1 Tim. 4:14. So word dit ook in ons konfessie bely. N.G.B. art. 30. Daar gespreek van die Raad van die kerk waardeur die kerk regeer word. Vgl. Hand. 20:28.

Die kerkraad omvat alleen die ouderlinge. So word dit deurgaans bedoel in die K.O. As van die sog. breë kerkraad sprake is word gespreek van die ouderlinge en die diakens. In hierdie art. word dus bedoel 'n raad van die ouderlinge aan wie die regering in die kerk toevertrou word.
As selfstandige openbaring van die liggaam van Christus moet elke plaaslike kerk 'n regeerliggaam hê.

Nou is daar 'n skynbare teenstrydigheid tussen K.O. en art. 30 N.G.B. Ons verwys hiervoor na Polman se Onze N.G.B. waarin hy 'n teenstrydigheid afwys. Ons verwys ook na die Acta Sin. 1945 Art. 82b.

Hierin/.....

Hierin handhaaf die Sinode ook dat daar geen teenstrydigheid is nie. "Art. 30 van die N.G.B. sê nie dat die drie soorte van kerkdienare tesame die Kerkraad vorm of die kerkraad is nie, maar dat hulle daar is as 'n Raad van die Kerk. Die woordjie "as" word hier nie in essensiële sin gebruik nie, soos duidelik blyk uit die Fr. en Latynse teks van die N.G.B. Art. 30 van die N.G.B. is geen art. van die K.O. wat kerklike bevoegdhede formeel wil reël nie, maar dit is 'n art. van 'n Konfessie wat in die algemeen uitspreek wie in die kerk ex offisio iets te doen en te reël het". Aldus die Sinode.

2. <u>Die bedienaar van die Woord praesideer:</u>
Uit die art. is dit duidelik dat die bedienaar van die Woord ook 'n regeer ouderling is. Hy moet ook praesideer. Die Woord moet regeer en die leiding gee op die vergadering. Waar meer as een dienaar in die gemeente is, praesideer hulle om die beurt. Dit sluit elke sweem van hiërargie uit.

Die "gereelde vergadering" stel net die beginsel. Hoe dit in die praktyk gereël word, word aan elke kerkraad oorgelaat.

3. <u>Die taak van die kerkraad:</u>
Dit word bepaal deur die aard van die ouderlingamp. (Vgl. arts. 16 & 23 en bevestigingsformulier). Dit sluit alle geestelike versorging van die gemeente in d.i. bediening van genademiddele, katkisasie, evangelisasie, sending, huisbesoek ens. Die opbou van die gemeente moet gesoek word. Tug moet gehandhaaf word. Die kerkraad moet alle stukke wat op die leer, kerkregering en tugoefening betrekking het behandel. Dit sluit natuurlik in attestate, aansoeke om belydenis van geloof af te lê of om as lidmaat in die kerk opgeneem te word.

Die sogenaamde breë kerkraad (ouderlinge saam met diakens) het 'n meer algemene karakter. Die K.O. bepaal spesifiek by sekere artikels dat die diakens saam met die ouderlinge moet beslis. (Vgl. 4,5,10,22,24).

Art.38/.....

ARTIKEL 38

Waar 'n kerkraad vir die eerste maal of opnuut ingestel word, moet dit geskied met advies van die Klassis. As die aantal ouderlinge klein is, kan die diakens deur plaaslike reëling by die kerkraad gereken word; dit moet egter altyd gedoen word waar die aantal ouderlinge minder as drie is.

Die artikel handel oor twee sake: die instelling van 'n kerkraad waar 'n nuwe gemeente gestig word en oor kerkrade met 'n klein aantal ouderlinge.

a. Die stigting van 'n gemeente:

Die instelling van 'n kerkraad by afstigting van 'n nuwe gemeente is volgens die artikel nie net 'n saak van plaaslike belang nie. Daarom word hier bepaal "met advies van die Klassis". Die woord "advies" het in ons gewone taalgebruik die konotasie van "raadgewing" wat opgevolg of afgewys kan word. In die gereformeerde kerkregering waar dit "advies" geld van 'n meerdere by 'n mindere vergadering is dit 'n veel sterker begrip. Dit staan gelyk aan bewilliging of toestemming. Die veronderstelling is dat in die plaaslike kerk volgens die "advies" gehandel sal word. Die beginsel is dat daar geen willekeur of misbruik by die plaaslike kerk mag geduld word nie. Die "advies" is nie daar om inbreuk te maak op die selfstandigheid van die plaaslike kerk nie, maar om die eenheid en die goeie orde in die kerlike lewe te handhaaf. (Sien H. Houwman II p. 39.) Die Klassis moet waak oor die belange van die te stigte gemeente. Die Klassis moet oordeel oor die lewensvatbaarheid, selfstandigheid (is daar genoegsame persone met ampsgawes) bestaans- en uitbreidingsmoontlikhede, stoflike posisie, regverdige grensreëlings, die invloed op naburige kerke ens. Deur laasgenoemde word die belange van die bestaande gemeentes in die Klassis behartig. As 'n afstigting twee Klassisse raak moet albei daaroor adviseer. 'n Afstigtingsakte moet aan die Klassis voorgelê word. Die Klassis moet 'n konsulent benoem vir die te stigte gemeente.

...../Die

Die leiding by die afstigting gaan uit van die kerkraad van die gemeente van wie afgestig word.

Die logiese uitvloeisel van die artikel is dat die advies van die Klassis ook noodsaaklik is by die ontbinding van 'n gemeente.

b. Kerkrade wat klein is:

Die K.O. reël dat die diakens tot die kerkraad gereël moet word as die getal ouderlinge minder as drie is. Dit is noodsaaklik dat 'n kerkraad onpartydig optree sonder oorheersing van een persoon. Daarom word drie as die absolute minimum beskou.

Dit bring mee dat diakens as hulp-ouderlinge kan dien. Hulle vervul dan die funksie van 'n ouderling. In so 'n geval dien ook die ouderling as hulp-diakens. (Vgl. H. Bouwman II p. 115).
Hierdie is nie 'n verandering van amp nie. Dit is bloot 'n kerklike reëling. Die diakens mag nooit vergeet dat hulle eintlike amp armversorging is nie.

c. Kombinasie:

Dit is 'n skriftelike ooreenkoms wat twee kerke aangaan, met behoud van beide se selfstandigheid, tot samewerking tot 'n voorafbepaalde en welomskrewe doel in 'n kombinasie-akte. Die Klassis moet kennis dra van so 'n kombinasie-akte. So 'n kombinasie mag voordele hê vir twee kerke, maar kan miskien baie nadelig wees vir 'n derde. Hieroor moet die Klassis waak. (Vgl. bylaes by art. 4 K.O.).
In die kombinasie-akte word in die reël voorsiening gemaak vir sake wat deur die kerkrade in kombinasie gesamentlik behandel moet word. Die Sinode 1939 (art. 44) het adviseer dat 'n gekombineerde kerkraadsvergadering sal besluit met instemming van die kerkrade wedersyds en nie met blote meerderheid van stemme nie. Dit is om oorheersing van 'n groter kerkraad te voorkom.

...../art.39

ARTIKEL 39

Plekke waar nog geen kerkraad kan wees nie, moet deur die Klassis onder sorg van 'n naburige kerkraad gestel word.

1. Inleiding:

Die Gereformeerde Kerk het, veral na die stigting van die Feufeesbedieningsfonds, besondere aandag begin gee aan die sogenaamde verspreidwonende lidmate. (Vgl. Sinode 1955 art. 245 en 1961 art. 149).

2. Wat is: plekke waar nog geen kerkraad kan wees nie?

Die K.O. gaan basies uit van plaaslike selfstandige komplete kerke. Gelowiges kan nou afgeleë woon buite die grense van so 'n plaaslike kerk sodat meelewing om praktiese redes 'n onmoontlike saak word. Die Sinode 1955 (art. 245) het besluit dat 'n Klassis moet oordeel wanneer lidmate verspreidwonend is.

3. Die Klassis moet hulle onder sorg van 'n naburige kerkraad stel:

Dit beteken nie 'n verruiming van die grense van 'n gemeente nie. Die gemeente wat die lidmate moet versorg is verantwoordelik vir Woord en sakramentsbediening, pastorale sorg, en sal van tyd tot tyd verslag aan die Klassis moet doen.
Die gemeenskaplike roeping en verantwoordelikheid van die kerke ten opsigte van die verspreidwonendes moet in en om die Klassis tot openbaring kom. Indien enigsens moontlik moet daar plaaslik 'n ouderling en diaken verkies word.

Die organisasie en administrasie van sulke verspreidwonendes moet apart van die plaaslike kerk geskied. Hulle is trouens nie deel van die plaaslike kerk nie. Daar moet gewaak word teen 'n slordige administrasie.(L.W. t.o.v. doop, huwelike, lidmateregister ens.;)

ARTIKEL 40

Die diakens moet gereeld saamkom om met aanroeping van die Naam van God te handel oor die sake wat hulle amp aanbetref en die bedienaar van die Woord moet daaroor goed toesig hou en indien nodig daarby teenwoordig wees.

Die diens van die diakens is gereël in art. 25. Die uitoefening van hulle amp vra om gesamentlike oorleg. Die vergadering van diakens word in die art. gereël. Uitdruklik word bepaal dat hulle alleen moet handel oor sake wat hulle amp aanbetref d.i. insameling en uitdeling van die gawes vir die diens van barmhartigheid.

Die art. bepaal dat die diakens gereeld moet vergader. Dit impliseer so dikwels as wat nodig is. Dit is wenslik dat die diakens minstens elke maand sal vergader. Daar word uitdruklik bepaal dat die vergadering met gebed geopen moet word. Dit karaktiriseer die vergadering as 'n amptelike diens van die kerk in die naam van God. Daar word ook oor uiters belangrike sake gehandel. Waar die leiding van die Here onontbeerlik is.

Waarom moet die predikant indien nodig die vergadering bywoon? Die beginsel is dat die Woord van God ook die diakonale diens moet lei. Dus geen bewys van hiërargie nie. Hy is nie deel van die vergadering nie. Hy het slegs adviserende stem. Hy ken die hele gemeente en kan waardevolle wenke gee.

ARTIKEL 41

'n Klassis is 'n vergadering van naburige kerke wat elkeen 'n bedienaar van die Woord en 'n ouderling of, waar nie 'n bedienaar is nie, twee ouderlinge afvaardig. Die plek en die tyd van die volgende vergadering word deur die vorige bepaal en dit mag nie meer as drie maande uitgestel word nie. Op hierdie vergadering moet die bedienaars van die Woord om die beurt presideer of anders die een wat deur die vergadering gekies word, maar dieselfde bedienaar mag nie op twee agtereenvolgende vergaderinge gekies word nie.

...../Die

Die praeses moet onder andere vra of die kerke kerkraads-vergaderinge hou, of die kerklike tug uitgeoefen word, of die armes en skole versorg word, en of daar iets is waarin 'n kerk die oordeel en die hulp van die Klassis vir sy regte bestuur nodig het. Op die laaste vergadering voor die Part. Sinode moet die afgevaardigdes na hierdie Sinode gekies word.

1. Die samestelling en karakter van 'n Klassis:

Die artikel bepaal uitdruklik dat die Klassis 'n vergadering is van naburige KERKE. Kerk sien hier op die plaaslike geïnstitueerde kerk wat op die Klassis deur afgevaardigdes verteenwoordig word. Dit raak die verhouding plaaslike kerk, kerkverband en meerdere vergadering. (Sien by behandeling, Presbiteriale stelsel).
Let wel 'n Klassis is nie 'n vergadering van kerkrade nie. (Vgl. Handleiding p. 260). Die afgevaardigdes van plaaslike kerke is predikante en ouderlinge wat geroep is om te regeer. Die afgevaardigdes is die instrumente waardeur plaaslike kerke in vergadering saamkom. 'n Klassis is nie 'n vergadering van 'n opper-kerkraad nie, maar slegs 'n vergadering van meer kerke. Dit beklemtoon die belangrikheid van die geloofsbriewe. Dit is 'n afvaardiging met 'n mandaat en nie bloot 'n vormpie om die presensielys van die vergadering vas te stel nie. Die afgevaardigde moet 'n ampsdraer wees. Dit is die werktuig wat Christus roep vir regering in sy kerk. (Ek verskil van Bouwman II p. 21, 135 en Handleiding p. 261). Gewoonlik geskied afvaardiging deur die kerkraad met 'n vrye verkiesing nadat eers 'n groslys opgestel is van broeders vir wie dit moontlik is om te gaan. Moet predikante en ouderlinge wees. Die Woord moet lei. Mag geen predikanteheerskappy wees met terugsetting van ouderlingamp nie.

2. Die tyd en plek van samekoms:

Die tyd en plek van 'n volgende vergadering moet deur die Klassisvergadering wat in sitting is bepaal word.
Die bepaling "dit mag nie langer as drie maande uitgestel word nie" verseker dat vergaderings nie te lank namekaar

...../sit nie.

sit nie. In Suid-Afrika sit Klassisvergaderings in die reël elke ses maande.

3. Die Praesidium:

'n Predikant moet voorsitter wees. Die beginsel is dat die Woord moet lei. Die artikel reël dat 'n voorsitter by toerbeurt of deur 'n vrye verkiesing aangewys sal word. Die bepaling dat dieselfde bedienaar nie op twee agtereenvolgende vergaderings mag praesideer nie, is om enige sweem van hiërargie uit te skakel. Teenswoordig is die gangbare gebruik by wyse van toerbeurt.

4. Die werksaamhede van 'n Klassis:

Die Klassis het d.m.v. deputate natuurlik baie ander funksies soos in verskillende artikels gereël. In hierdie artikel word spesifiek genoem dat die kerke onderling oormekaar toesig hou bywonende van die voorsitter van die Klassis. Die voorsitter moet sekere vrae aan die kerke stel. Die "onder andere" dui daarop dat meer vrae aan die orde kan kom. Hierdie is 'n leidraad en baken min of meer die terrein af.

Die wyse waarop die vrae gestel moet word kan deur elke Klassis gereël word. Dit is duidelik dit gaan in die vrae veral oor die"regte bestuur" in die plaaslike kerk, waaronder hoofsaaklik verstaan word die regering en organisasie van die gemeentes. (Sien Rapport Acta 1955 p. 179 ens.).
Onder die vraag"of daar iets is waarin 'n kerk die oordeel en hulp van die Klassis vir sy regte bestuur nodig het" kan aangeleenthede soos spesiale visitasie, sustentasie, arbitrasie of 'n advies oor 'n konkrete probleem geopper word.

5. Afvaardiging na die Part. Sinode:

Die Sinode 1958 het besluit tot die sogenaamde getrapte afvaardiging. (Sien Acta p. 41-42)
(K.O. boekie by art. 47)

...../Art. 42

ARTIKEL 42

Waar in 'n kerk meer as een bedienaar van die Woord is, kan ook dié wat nie volgens die bogenoemde artikel afgevaardig is nie, in die Klassis teenwoordig wees met adviserende stem.

Met die bepaling dat een predikant en een ouderling uit 'n plaaslike kerk afgevaardig moet word spreek dit vanself dat kerke wat meer as een predikant het 'n predikant sal hê wat nie sitting het op 'n bepaalde Klassisvergadering nie. Die art. bepaal nou dat sodanige predikante teenwoordig kan wees op die Klassis met adviserende stem. Dit hou in dat hy wel advies kan gee oor sake maar nie daaroor mag stem as dit tot 'n beslissing moet kom nie. In die redaksie van Dordt 1618-19 is aan die predikante keurstem verleen. Dit is prinsipieel nie te verantwoord nie. Dit sny in teen die beginsel van afvaardiging en verteenwoordiging in art. 41 gereël en ontkom nie aan 'n sweem van dominokrasie nie.

ARTIKEL 43

Aan die einde van die klassikale en ander meerdere vergaderings moet sensuur uitgeoefen word oor die wat iets tugwaardigs in die vergadering gedoen of die vermaning van die mindere samekomste verontagsaam het.

Die kerke moet opmekaar ag gee. Dit gaan veral oor die "regte bestuur" in die kerk.

Veral in die tyd van die Reformasie was die artikel besonder nodig. Ampsdraers was nog nie genoegsaam op hoogte van kerklike orde, prosedure en dissipline nie.

Die sensuur is wel verwant aan die wat in art. 35 genoem word. In art. 35 oefen die voorsitter die sensuur uit. Hier geskied dit deur die vergadering self.

...../Sensuur

Sensuur beteken hier vermaning, waarskuwing, teregwysing en is bedoel om die orde, waardigheid, eer en dissipline van 'n kerklike vergadering te handhaaf. Dit gaan alleen oor die gedrag van 'n afgevaardigde op 'n bepaalde vergadering.

ARTIKEL 44

Die klassis moet minstens twee van die oudste, mees ervare en geskikte bedienaars van die Woord as visitatore benoem om in alle kerke van die klassis gereeld kerkvisitasie te hou, vas te stel of die ampsdraers hulle ampte getrou waarneem, by die suiwerheid van die leer bly, die Kerkorde in alles onderhou, die stigting van die gemeente en onderwys van die jeug behoorlik na hulle vermoë bevorder, sodat hulle diegene wat nalatig in een of ander bevind word, betyds broederlik kan vermaan en met raad en daad alles kan help reël wat bevorderlik is vir die vrede, die opbou en belange van die kerk.

1. Agtergrond:

Die Skrif ken wel soiets soos visitasie. (Vgl. Hand. 15:22-31; 2 Kor. 8:22). Hierin lê opgesluit die behoefte aan 'n vorm van toesig en advies wat van meer kerke uitgaan. Histories het die behoefte in Nederland ontstaan toe byv. die Libertyne hulle afwykinge in plaaslike kerke gehandhaaf het en dit so nooit op die tafel van 'n klassis gekom het nie of besweer is nie.

Aanvanklik was daar beswaar teen visitatore omdat gevrees is dat hulle in inspekteurs of superintendente sal verloop. Die Sinode van s'Gravenhage 1586 het toe tog daarvoor voorsiening gemaak maar nie verpligtend gestel nie. Dordt 1618-19 het visitasie, a.g.v. die beroering met die Remonstrante, dit verpligtend gemaak.

Kerkvisitasie (art. 44) was vir baie jare in Suid Afrika nie in gebruik nie. Herhaalde male het Sinodes dit afgewys op grond van landsomstandighede. Dit is vervang deur uitgebreider vrae onder art. 41. Toe later wel met visitasie begin is het die uitgebreider vrae onder art. 41 en visitasie duplisering meegebring. Die Sinode 1955 het uitgemaak dat daar wel deeglik verskil is tussen art. 41 en 44 en is die lang lys van vrae onder art. 41 afgeskaf en teruggekeer tot die toepassing van art. 41 soos dit in die K.O. geformuleer is.

...../Die

2. Die verhouding art. 41 en 44:

Die toesig onder art. 41 dra 'n meer algemene karakter. Dit gaan in algemene sin oor die bestuurswyse. In art. 44 word in meer besonderhede gehandel oor die uitoefening van die ampsdiens en die vrug daarvan in die gemeente d.w.s. of die gemeente wel deur die diens van die ampte toeberei word vir sy dienswerk en as liggaam van Christus opgebou word. (Ef. 4:11 & 12).

3. Aard van visitasie:

Dit is geen inspekteurs of superintendente. Hulle kom namens die kerkverband om 'n helpende hand te bied bywyse van advies, vermaninge, bemoediging en om sake saam met die kerkraad te help reël. Natuurlik rus die beslissing oor sake by die kerkraad.

4. Benoeming van visitatore:

Die art. stel dit duidelik dat die Klassis visitatore benoem. Dit moet twee visitatore wees. (Sien Deut. 19:15; Mat. 18:16; 1 Tim. 5:19). Dit verseker 'n objektiewe weloorwoë rapport van meer as een persoon. Dit word verder bepaal dat hulle bedienaars van die Woord moet wees. Dit beklemtoon die Woord se lig moet in die visitasie skyn. Hulle gaan as deputate in 'n raadgewende en leidende hoedanigheid. Die raadgewende karakter van visitatore word verder beklemtoon deur die bepaling dat dit van die "oudste, mees ervare en geskikste bedienaars van die Woord" moet wees. Hulle moet dus die vermoë besit om advies te kan gee. Visitatore moet dus verkies word en nie bywyse van toerbeurt aangewys word nie.

Elke klassis kan sy program van visitasie reël volgens plaaslike omstandighede. Al wat die art. bepaal is dat dit "gereeld" moet plaasvind.

5. Die opdrag aan visitatore:

Volgens die art. behels die opdrag aan visitatore in hoofsaak om "vas te stel of die ampsdraers hulle ampte getrou waarneem".

...../Dit

Dit gaan dus om die ampsdiens van die predikant, ouderling en diaken. Die "getrou" wys heen na die eise van die Skrif vir die ampte. Verder moet vasgestel word of hulle volhard in die suiwerheid van die leer. Die suiwere leer is die akkoord van gemeenskap. Dit bind kerke binne dieselfde kerkverband. Vervolgens moet nagegaan word of die Kerkorde in alles onderhou word. Alleen waar goeie orde is kan die ware godsdiens onderhou word (art. 30 N.Gb.). Die ampsdiens moet dien tot stigting van die gemeente. Visitatore moet dus nagaan of die gemeente gebou word, of daar vrug op die arbeid is. Die onderwys word ook genoem omdat die kerk 'n roeping het t.o.v. die verbondsjeug.

Die visitatore moet by nalatigheid vermaan. Dit moet opbouend wees. Die "broederlik" dui op die gesindheid van Christus.

Ten slotte kan hulle "met raad en daad alles help reël wat bevorderlik is vir vrede, die opbou en belange van die kerk". Hulle kan die kerkraad dus van advies bedien of selfs help om sekere sake te reël sonder om die beslissingsreg van die kerkraad in die gedrang te bring. Visitasie mag nooit verloop in oorheersing nie.

6. <u>Inrigting van visitasie:</u>

Elke Klassis reël dit in die reël met 'n eie reglement. Die volgende kan as riglyne dien:

a. Die visitasie moet vooraf aan die gemeente bekend gemaak word indien iemand die visitatore sou wou ontmoet.

b. By gewone visitasie berus die leiding by die praeses van die kerkraad.

c. By buitengewone visitasie, d.w.s. noodgedwonge visitasie vanweë besondere omstandighede in 'n gemeente, moet een van die visitatore die vergadering lei.

d. Visitatore moet as deputate van die Klassis aan genoemde vergadering verslag doen van die uitvoering van hulle opdrag. Die verslag hoef nie alle fyne besonderhede van die visitasie te vermeld nie.

...../Adviese

Adviese wat gegee is behoort vermeld te word asook sake wat die besondere aandag van die Klassis moet geniet.

ARTIKEL 45

Elke meerdere vergadering benoem 'n korresponderende kerkraad of deputate vir korrespondensie wat alle stukke en dokumente van die vergadering ontvang en bewaar en sy handelinge op die volgende vergadering besorg.

Eweneens benoem elke meerdere vergadering 'n roepende kerkraad om die volgende vergadering op te roep en te ontvang op die vasgestelde tyd en plek of anders op die tyd en plek wat die roepende kerkraad in die geval van die partikuliere sinode, volgens advies van sy klassis, en in die geval van die algemene sinode, volgens advies van sy partikuliere sinode, bepaal.

Die art. maak voorsiening vir die veilige bewaring van die stukke van 'n meerdere vergadering en die oproep van 'n gewone en buitengewone meerdere vergadering.

Meerdere vergaderings kan 'n paar persone of 'n kerkraad as deputate vir korrespondensie benoem. Alle stukke bedoel vir die agenda van die vergadering moet aan hulle gestuur word. In 'n rapport wat in die reël as agenda van 'n vergadering aanvaar word, moet hieroor verslag gedoen word.

Hiernaas benoem elke meerdere vergadering ook 'n roepende kerkraad. Die kerkraad roep die vergadering op die vasgestelde tyd op, beoordeel die kredensiebriewe en ontvang die vergadering. Die roepende kerkraad dien ook 'n rapport in oor sy werksaamhede. Die tyd en plek van 'n volgende vergadering word in die reël deur 'n vorige vergadering bepaal. Dit mag wees dat 'n roepende kerkraad verhinder word om 'n Part. Sinode of nasionale Sinode te ontvang. In geval van die Part. Sinode moet oorleg gepleeg word met die Klassis waartoe die roepende

.....kerkraad

kerkraad behoort en in geval van die Nasionale Sinode, met die Part. Sinode waartoe die roepende kerk behoort. Na so 'n oorlegpleging kan tyd en plek wel verander word.

Die deeglike versorging van argivale stukke kan onder die artikel tuisgebring word.

ARTIKEL 46.

Sake vir behandeling op meerdere vergaderings moet nie opgestel word voordat die besluite van die voorgaande sinodes oor die voorgestelde punte nagegaan is nie, sodat wat eenmaal afgehandel is, nie weer voorgestel word nie tensy dit noodsaaklik geag word om iets te verander.

1. Kontinuïteit van besluite van meerdere vergaderings:
   Meerdere vergaderings bestaan slegs solank dit in sitting is. Dit beteken nie dat daar nie kontinuïteit is van een na 'n volgende vergadering nie. Die kontinuïteit bestaan in besluite wat geneem is. Die reël is dus dat sake wat eenmaal afgehandel is en natuurlik dan nog in die kerkverband geldig is, nie weer in behandeling geneem moet word nie.

   Derhalwe bepaal die art. dat die besluite oor 'n bepaalde aangeleentheid eers nagegaan moet word voordat daaroor gehandel word. Nodelose herhaling moet voorkom word.

2. Die verandering van besluite:
   Dit beteken nie dat die besluite van meerdere vergaderings gladnie verander mag word nie. Dit kan wees dat besluite onvolledig is of verouderd is.

   Besluite is wel bindend maar nie onfeilbaar nie. So 'n besluit kan wel verander word indien dit noodsaaklik geag word om iets te verander. Die woordjie "geag" wys op voorlopigheid. Die betrokke vergadering oordeel finaal.

...../n

'n Verandering mag noodsaaklik geag word weens bepaalde gebreke of teenstrydighede. Dit kan ook noodsaaklik geag word op prinsipiële gronde indien gemeen word dat dit in stryd is met Skrif en belydenis. In so 'n geval word 'n beswaarskrif of gravamen ingedien by die vergadering wat die besluit geneem het. Die sinode van 1964 (Acta art. 188,279) het die prosedure vir beswaarskrifte vasgelê.

Dit behels die volgende:

a. 'n Gravamen moet gerig word tot die vergadering wat die betrokke besluit geneem het waarteen beswaar gemaak word.

b. Dit moet betyds vir opname in die Agenda van die betrokke vergadering ingedien word.

c. Die besluit waarteen die beswaar ingedien word moet duidelik en woordeliks aangegee word.

d. 'n Beswaarskrif oor 'n besondere besluit mag nie meer as een keer ingedien word nie, tensy die beswaarde met gewigtige redes aantoon waarom nie berus kan word nie.

ARTIKEL 47

Die partikuliere sinode is 'n vergadering van naburige klassisse waarheen elke klassis 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge afvaardig soos deur die partikuliere sinodes bepaal. Die partikuliere sinode vergader jaarliks tensy dit na die oordeel van minstens twee klassisse noodsaaklik geag word om 'n buitengewone vergadering byeen te roep.

1. Samestelling:

Die art. bepaal dat 'n Part. Sinode 'n samekoms van Klassisse is. Dit beteken dat Klassisse daarheen afvaardig, soos gereël deur die Sinode 1958. (Sien by art. 47). Dit beteken egter nie dat dit nie 'n samekoms van kerke is nie. Dit is wel getrapte verteenwoordiging maar via die Klassis steeds 'n samekoms van kerke.

...../Die

Die gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge wat afgevaardig moet word voorkom dominokrasie. Ouderlinge mag wel in die plek van predikante afgevaardig word waar lg.ontbreek. Die omgekeerde mag egter nie gebeur nie. Die afgevaardigdes moet predikante of ouderlinge wees. Die vergadering kom saam met die oog op kerkregering.

2. 'n Buitengewone vergadering:

Die art. bepaal dat Part. Sinodes jaarliks moet vergader. Daar kan 'n uitsondering wees. Minstens twee klassisse moet dit noodsaaklik ag dat 'n buitengewone Part. Sinode gehou sal word. Na hulle toestemming kan dit opgeroep word.

ARTIKEL 48

Elke partikuliere sinode kan met 'n naburige of ander partikuliere sinodes korrespondensie hou soos hy dit vir die algemene welsyn die beste ag.

Vanaf 1586 tot 1618 het geen Nasionale Sinode in Nederland byeen gekom nie. Die owerheid het dit belet. Die kerk was in beroering as gevolg van die Remonstrantse dwalinge. Dit Partikuliere Sinodes het, by gebrek aan nasionale sinodes, die onderlinge kontak behou d.m.v. korrespondensie. Oor en weer is deputate gestuur wat dan adviserende stem ontvang het. Sinds 1619 het die owerheid weer nie 'n nasionale sinode byeen geroep nie. In die handhawing van die suiwere leer en die kerkorde het die korrespondensie tussen die partikuliere sinodes 'n uiters belangrike funksie vervul.
Vandag nog word in Suid-Afrika die Actas van Part. Sinodes aanmekaar gestuur. Dit bevestig die onderlinge band maar kan ook verhoed dat sake oor en oor deur verskillende sinodes in studie geneem word.

.....Dit is

Dit is seker nodig dat Partikuliere Sinodes binne dieselfde provinsie oor gemeenskaplike sake met mekaar sal skakel soos byv. oor die onderwys in Transvaal.

ARTIKEL 49

Elke meerdere vergadering benoem deputate om wat besluit is, uit te voer volgens 'n welomskrewe opdrag. Die partikuliere sinode benoem in elk geval deputate om aan klassisse hulp te bied in voorkomende moeilikhede en om teenwoordig te wees by die proponentseksamen (peremptoir). Vir die onderskeie belange, moet soveel moontlik afsonderlike groepe deputate benoem word. Hierdie deputate hou van al hulle handelinge notule om aan die meerdere vergadering verslag te doen. Slegs die betrokke meerdere vergadering kan hulle van hierdie opdrag onthef.

1. Die beginsel in die artikel:

   'n Meerdere vergadering bestaan net solank dit in sitting is. Sy besluite het egter bindende gesag en moet na afloop van 'n vergadering ten uitvoer gebring word. Deputate word dan benoem om die besluite uit te voer. Hier het ons te doen met twee basiese beginsels t.o.v. deputate:

   a. Hulle kan slegs bestaande besluite uitvoer. Hulle ontvang dus geen gedelegeerde mag om namens 'n meerdere vergadering te handel nie. Hulle sou dan inderdaad niks anders wees as 'n bestuurskollege soos dit wel by die Kollegialisme voorkom.

   b. Hulle kan alleen 'n besluit uitvoer indien hulle 'n welomskrewe opdrag daartoe ontvang. Hulle moet hulle streng hou aan hulle opdrag.

2. Deputate vanweë die Part. Sinode:

   Die artikel bepaal dat die Part . Sinode in elk geval deputate moet benoem om Klassisse te help in voorkomende

...../moeilikhede.

moeilikhede. Dit sien op die uitvoering van art. 4,11,12, 13 en 79 K.O. Die hulp aan Klassisse word dus deur die K.O. self bepaal.
Hierdie deputate moet altyd beskikbaar wees sodat onmiddellik opgetree kan word in voorkomende gevalle onder die betrokke artikels, eksaminering en beroepbaarstelling (art. 4) losmaking (art. 11) eervolle ontslag (art. 12) emeritering (art. 13) en afsetting uit die diens (art. 79).

3. Keuse van deputate:

Dit is natuurlik wenslik dat deputate vir 'n bepaalde opdrag benoem sal word wat bekwaam is om die opdrag uit te voer. Daar moet ook gereelde wisseling in die samestelling van deputate wees anders kan dit naderhand die indruk wek van 'n permanente bestuurskollege.

Daarom bepaal die art. ook dat vir onderskeie belange afsonderlike groepe deputate benoem moet word. Die bepaling sny enige vorm van hiërargie af. Afsonderlike belange bepaal die benoeming van deputate. Deputate mag nie met opdragte oorbelas word nie.

4. Verslag aan vergadering:

Deputate moet noukeurig notule hou van hulle werksaamhede en verslag doen van die uitvoering van hulle opdrag. Dit geskied by die vergadering wat hulle benoem het. Die verslag raak net die hoofsake. Deputate moet egter gereed wees om, indien daarvoor gevra word, uit hulle notule meer besonderhede te verstrek oor die uitvoering van hulle opdrag. Hulle is bloot uitvoerders van 'n bepaalde opdrag. Hulle bly dan ook verantwoordelik vir die opdrag totdat hulle mandaatgewers hulle daarvan onthef het.

...../art. 50

ARTIKEL 50

Die nasionale sinode is 'n vergadering van al die partikuliere sinodes waarheen elke partikuliere sinode 'n gelyke aantal bedienaars van die Woord en ouderlinge, soos die nasionale sinode bepaal, afvaardig. Die nasionale sinode vergader driejaarliks tensy dit na die oordeel van minstens twee partikuliere sinodes noodsaaklik geag word om 'n buitengewone vergadering byeen te roep.

1. Terminologie:

Ons spreek van "Nasionale" sinode. Vroeër is gespreek van Algemene Sinode. Die term "nasionale" hou rekening met die etniese eiesoortigheid van volkere. So het ons op die oomblik vier nasionale sinodes t.w. die van die Geref. Kerk in S.A. (Blank), die van die Geref. Kerk onder die Kleurlinge, die van Soutpansberg en die van die Middellande.

2. Geskiedenis:

Die owerheid wat 'n patronaatsreg oor die kerk gehandhaaf het het vanaf 1618 tot 1816 geen sinodes byeen geroep nie. Die owerheid was bang om die soewereiniteit van die kerk te erken en die kerk in sinodale vergadering die geleentheid te gee om homself te handhaaf. Die beginsel dat kerke in 'n sinode moet saamkom is egter gehandhaaf. Dit kom eers weer in toepassing na die Afskeiding van 1834. Die feit dat geen sinodes oor byna twee eeue kon byeenkom nie, was mede verantwoordelik vir die deformasie in die kerk.

3. Samestelling:

Die Nasionale Sinode is 'n vergadering van Partikuliere Sinodes. Tot 1958 is nasionale sinodes direk deur afvaardiging uit kerkrade saamgestel. Sindsdien het ons die sogenaamde getrapte afvaardiging. Partikuliere Sinodes vaardig af na die Nas. sinode. In art. 30 word bepaal wat op die tafel van 'n nasionale sinode kom.

...../Die

Die Sinode 1958 het bepaal dat elke Part. Sinode 32 afgevaardigdes na die nasionale sinode mag stuur, 'n gelyke aantal predikante en ouderlinge. Afgevaardigdes kan natuurlik buite die kring van die bepaalde Part. Sinode wat in sitting is, gekies word.

Die bepaling van 'n gelyke getal predikante en ouderlinge wil natuurlik dominokrasie weer. 'n Sinode moet nie "leer" nie, dit moet regeer met die Woord.

4. 'n Spesiale sinode:

Die reël is dat sinodes elke drie jaar bymekaar kom. 'n Spesiale sinode word byeengeroep indien dit deur minstens twee partikuliere sinodes noodsaaklik geag word. Die samekoms van 'n volgende sinode op die normale tyd word nie hierdeur geraak nie. 'n Spesiale sinode kan natuurlik besluit om 'n volgende sinode eers oor drie jaar byeen te roep. So was dit in 1946. Die volgende sinode is toe bepaal vir 1949. Die dringende noodsaaklikheid vir die byeenroeping van so 'n Part. Sinode moet natuurlik vas staan.

ARTIKEL 51

Die nasionale sinode reël die korrespondensie met Gereformeerde Kerke buite die Republiek van Suid-Afrika sowel as met die Gereformeerde Kerke van ander volksgroepe binne die Republiek wat hulle eie klassisse, partikuliere sinodes en nasionale sinodes onderhou.

1. Redaksie:

In die suidelike Nederlande het 'n Fransprekende (Waalse) en 'n Nederlandssprekende (Vlaamse) volkstam gewoon. Hierdie etniese onderskeiding is deur die Dordtse Sinode 1618-19 eerbiedig en tweërlei kerkverbande gehandhaaf in die bepaling: "Alzoo in de Nederlanden tweërlei sprake gesproken wordt, is voor goed gehouden, dat de Kerken der Duitsche en Waalsche taal op haar zelve haar Kerkeraad, Classicale vergaderingen en Particuliere Synoden hebben zullen."

Die redaksie van die artikel is sindsdien verskeie male verander. Die sinode 1964 het die huidige redaksie goedgekeur en sodoende teruggekeer tot die basiese van die oorspronklike Dordtse formulering en gedagte.

Die etniese verskeidenheid van eiesoortige kerklike vergaderinge sowel as die geestelike eenheid tussen die verskillende kerkverbande deur onderlinge korrespondensie, word so eerbiedig. (Hand. p. 318).

Dit is duidelik die artikel het betrekking op Gereformeerde kerke onder ander volkere binne Suid-Afrika en op Gereformeerde Kerke buite die Republiek van Suid-Afrika. Ons het in die artikel dus te doen met kerklike korrespondensie in enger sin.

2. Wat is korrespondensie:

Die begrip "korrespondensie" het 'n eie betekenis in die gereformeerde kerkreg. Op die klank af wek dit die indruk van bloot 'n onderlinge briefwisseling. Dit is verre daarvandaan. Korrespondensie tussen nasionale kerkverbande veronderstel dat daar eenheid in leer en kerkregering is. Na die Refor-

masie/.....

masie het onderskeie Gereformeerde kerkverbande ontstaan in verskillende Wes-Europese lande. Die onderskeidende faktor was volks-, kultuur- en taal verskille. Op die Dordtse Sinode 1618-19 was ook adviseurs uit buitelandse kerke. Die Nederlandse owerheid het in sy uitnodiging dus rekening gehou met die ooreenstemming in die leer.

So het ook die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika vanaf die begin korrespondensie gesoek met buitelandse Gereformeerde kerke, die Christian Reformed Church van Amerika in 1869 en die Chr. Ger. Kerk in Nederland 1873. Die Geref. Kerk in Suid-Afrika het ook die inisiatief geneem (sien Acta 1930 art. 89, 1942 art. 62, 1945 art. 168, 234) wat uitgeloop het op die huidige Geref. Ekumeniese Sinode.

Op die huidige onderhou die Geref. Kerk in Suid-Afrika engere korrespondensie met etlike Gereformeerde kerke in die buiteland. (Vgl. Almanak 1974 p. 114).

Wat hou engere korrespondensie in?

Dit beteken dat kerke uit verskillende lande wat in engere korrespondensie met mekaar staan in kerkverband met mekaar tree. Dit beteken erkenning van mekaar se attestate, predikante mag oor en weer beroep word, kansels word vir mekaar oopgestel. Soms word afgevaardigdes na mekaar se Sinodes gestuur wat in die reël adviserende stem ontvang. Aangesien daar nog geen Ekumeniese Sinode in die ware sin van die woord bestaan tussen Geref. Kerke oor die wêreld, lê die korrespondensie in engere sin die ekumeniese verband. (Vgl. Acta 1955 p. 161 e.v.).

3. <u>Korrespondensie tussen Geref. Kerke binne dieselfde landsgrense:</u>

Die artikel maak ook voorsiening vir nasionale sinodes onder ander volkere binne dieselfde landsgrense. Die Sinode van 1964 het bepaal dat hoewel selfstandige nasionale sinodes op grond van verskil in taal en kultuur gehandhaaf word daar tog n "Ekumeniese sinode" gehou moet word. (Acta 1964 p. 268-269).

Dit is/.....

Dit is deur die Sinode 1967 gefinaliseer en op vaste voet geplaas as Algemene Sinode van Gereformeerde kerke in Suid-Afrika. (Vgl. Acta 1967 p. 347-349). Op die Algemene Sinode is die Nasionale Sinodes met 'n gelyke getal afgevaardigdes verteenwoordig. Die Sinode van 1973 het 'n rapport aanvaar waarin die Algemene Sinode sy regmatige plek in die betrokke kerkorde-artikels gevind het. (Vgl. Acta 1973 p. 310-314).

ARTIKEL 52

Die nasionale sinode stel 'n sendingorde vas in sover algemene bepalings daarvoor nodig is.

'n Vraag wat onder die artikel van wesenlike belang is, is wat die verhouding van Kerkorde tot sendingorde is. Die kerkorde is 'n ordereëling vir gevestigde geïnstitueerde kerke. In sy sendingwerk tree die kerk op na buite. Die sendingorde vervang nie die kerkorde nie maar wil dit slegs aanvul. Die sendingorde moet uitgaan van die beginsels wat aan die kerkorde ten grondslag lê. Die sendingarbeid na buite en die vrugte wat dit dra moet ordelik beheer word. Vanaf 1904 tot 1964 is die sendingorde gedurig gewysig. Dit is in sekere opsigte 'n nuwe veld wat betree is. Daar moes voortdurend gevra word na die beginsels van die gereformeerde kerkreg. (Vir sendingorde vgl. Acta 1967 p. 240-242).

AFDELING III

OOR DIE LEER, SAKRAMENTE EN ANDER SEREMONIES

ARTIKEL 53

Die bedienaars van die Woord en ook die professore aan die Teologiese Skool moet die drie Formuliere van Eenheid soos vasgestel

op die/.....

op die Sinode van Dordrecht 1618-19 onderskryf en onderteken en die wat weier om dit te doen, moet metterdaad in hulle diens geskors word deur die kerkraad of klassis, en in die geval van professore, deur die nasionale sinode, totdat hulle hul daaroor volledig verantwoord het. As hulle hardnekkig wèier, moet hulle heeltemal van hulle diens afgesit word.

ARTIKEL 54

Ook die ouderlinge en die diakens en diegene wat deur 'n klassis as proponente toegelaat word, moet die genoemde Formuliere van Eenheid onderskryf en onderteken.

In die twee artikels word die bedienaars van die Woord, professore aan die Teologiese Skool, ouderlinge, diakens en proponente aan die belydenis verbind.

1. Geskiedenis van die artikels:
   (Sien H. Bouwman Geref. Kerkrecht II p. 566-575).

2. Die noodsaaklikheid van 'n belydenis:
   Kerkverband rus op eenheid van belydenis as akkoord van gemeenskap. Dit is dus noodsaaklik dat die kerk sal toesien dat die belydenis gehandhaaf word. 'n Belydenis is noodsaaklik om die volgende redes:

   (i) Dit is uitdrukking van die geloof van die gemeente. Wie glo kan nie swyg nie. (Hand. 4:20; 2 Kor. 4:13). 'n Kerk sal nie meer kerk wees as dit nie meer sy geloof bely en uitdra nie.

   (ii) Teenoor die wêreld en die lasteringe van die teëstanders word so in die openbaar getuienis gegee van die suiwere godsdiens.

   (iii) Dit is 'n onderskeidingsteken van die ware geloof teenoor ketterye.

   (iv) Dit is 'n uitdrukking van die eenheid van die geloof

tussen/.....

tussen kerke. Eenheid in die kerklike lewe eis eenheid van belydenis en kerkinrigting.

(v) Dit is n middel waardeur die ware geloof aan die nageslag oorgelewer word.

3. Binding aan die belydenis:

Die ampsdraers en proponente moet die belydenis onderskryf en onderteken. Onderskryf beteken innerlike aanvaarding dat die belydenis in ooreenstemming is met Gods Woord. Die ondertekening is die sigbare objektiewe bevestiging van die aanvaarding van en die voorneme om die belydenis te handhaaf en dwalinge te weerlê wat daarteen stry.

Gereformeerde kerke het nog altyd die quia (omdat) teenoor die quatenus (in sover) standpunt gehandhaaf. Die quatenus standpunt, waarby die belydenis net aanvaar word insover dit ooreenstem met die Woord van God, maak die deur wyd oop vir subjektivisme en bygevolg leervryheid.

4. Tyd en plek van ondertekening:

Proponente onderteken die formulier by beroepbaarstelling deur die meerdere vergadering. (Sien K.O. boekie by art. 4 en 53. Acta 1939 p. 45 en Acta 1967 p. 51(g)). Proponente onderteken weer die formulier vir bedienaars van die Woord by bevestiging. Predikante onderteken telkens weer die formulier wanneer n beroep na n gemeente in n ander Klassis aanvaar word. Elke Klassis moet dus n boek met die ondertekeningsformulier in sy besit hê. (Vgl. Acta 1949 art. 204).

Die Sinode 1964 (Acta art. 207, p. 491) het eers art. 54 ten volle in werking gestel, toe besluit is dat ouderlinge en diakens by bevestiging ook n formulier moet onderteken.

Professore aan die Teologiese Skool onderteken n formulier by hulle bevestiging as professor. (Vgl. Acta 1936 art. 100).

Prosedure/.....

5. Prosedure ingeval van weiering tot onderskrywing of ondertekening:

'n Ampsdraer wat weier om die ondertekeningsformulier te onderskryf en te onderteken moet deur die betrokke kerklike vergadering, in geval van professore deur die Nasionale Sinode, in hulle diens geskors word, totdat hulle hulle oor hulle weiering verantwoord het. Hardnekkige weiering kan lei tot afsetting volgens art. 79 K.O. 'n Proponent wat weier mag nie beroepbaar gestel word nie.

6. Prosedure indien twyfel ontstaan:

In die ondertekeningsformuliere word die vryheid van die gewete erken. Dit lê ook opgesluit in die woorde in art. 53 "totdat hulle hul daaroor volledig verantwoord het". Uitsprake van kerklike vergaderings en so ook die belydenis is appellabel aan die Skrif.

Daarom maak die ondertekeningsformuliere daarvoor voorsiening om besware aan kerklike vergaderings voor te lê. Enige bedenkinge teen die belydenis mag nie openlik of in die geheim gepropageer word nie. Die beswaarde verbind hom egter om hom steeds te onderwerp aan die oordeel van die kerklike vergaderings d.i. kerkraad, Klassis en Part. Sinode.
Dit is die vergaderings wat te doen het met die toelating tot die bediening.

Professore moet hulle in gevalle van twyfel wend tot die kuratore. Die Sinode beslis egter finaal. (Vgl. Buitengewone Sinode 1946). Proponente moet hulle wend tot die kerklike vergadering wat hulle beroepbaar gestel het en ouderlinge en diakens tot hulle kerkraad.

Die ondertekeningsformuliere maak ook daarvoor voorsiening dat te enige tyd ondersoek gedoen kan word oor die regsinnigheid van 'n ampsdraer, veral as daar twyfel ontstaan.

ARTIKEL 55

Om die suiwere leer in die gemeente te handhaaf en om die valse leringe en dwalinge te weer, wend die bedienaars van die Woord en die ouderlinge by die uitoefening van hulle onderskeie ampte, by die bediening van die Woord, by die kategetiese onderrig en by die huisbesoek, die middele van lering, weerlegging, waarskuwing en vermaning aan.

1. Historiese agtergrond:

Aanvanklik het die artikel in die Dordtse K.O. 1619 gehandel oor die sogenaamde boekesensuur. Die gedagte het sy oorsprong by Rome. Na die uitvinding van die boekdrukkuns 1425 het Rome boeke wat skadelik mog wees vir die kerk gesensureer. Die gereformeerdes het die gedagte oorgeneem. Vanaf Emden 1571 het Sinodes agtereenvolgens bepaal dat boeke oor die godsdiens alleen met goedkeuring gepubliseer mog word. Dordt bepaal dan dat niemand van die gereformeerde religie 'n boek mog publiseer sonder toestemming van:

(i) die predikante van die Klassis of

(ii) die predikante van die Part. Sinode of

(iii) die professore in die teologie met voorwete deur die Klassis.

In die praktyk het die toepassing van die art. baie probleme opgelewer.

2. Nuwe redaksie:

In Suid-Afrika het die Sinode van 1869 (art. 108) die Gereformeerde kerke al as't ware onthef van art. 55. Die Sinode bepaal egter dat die handhawing van die suiwerheid van die leer onderhou moet word. Die Sinode van Utrecht 1905 het die artikel volgens gees en inhoud van die huidige artikel verander. Die Geref. Kerk in S.A. het dit in 1916 aanvaar en by die hersiening van die K.O. dit in die meer positiewe huidige vorm gegiet.

Handhawing/.....

3. Handhawing van suiwere leer:

Die art. beklemtoon dat dit amptelik tot die diens van bedienaar van die Woord en die ouderling behoort om die suiwere leer te handhaaf en om valse leringe en dwalinge te weer. Dit moet geskied in die amptelike dienste van Woordbediening, Kategetiese onderrig en huisgesoek. Dit moet geskied in lering, weerlegging, waarskuwing en vermaning. Die ouderling in sy regeeramp moet toesien dat die Woordbediening en kategetiese onderrig hieraan beantwoord.

ARTIKEL 56

Die verbond van God moet so spoedig moontlik aan die kinders van Christene in die erediens met die Heilige Doop beseël word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

1. Grond van die doop:

Grond vir die doop is die verbond van God. (Gen. 17:7; Gal. 3:16). Die K.O. gaan hiervan uit. Dit is 'n instelling van Christus (Mat. 28:19) wat teken van die verbond in die plek van die besnydenis gekom het. Die K.O. sluit aan by art. 34 Nederlandse Geloofsbelydenis.

2. Beginsels in die art.:

Die eerste kerkordelike beginsel wat die artikel stel is dat die doop "so spoedig moontlik" bedien moet word. Die verbondsouer moet dus erns daarmee maak dat die verbondsteken en -seël spoedig aan die kind bedien sal word.

Rome leer ook die vroegdoop omrede dit noodsaaklik is vir die saligheid. Die hervormers leer ook vroegdoop maar op grond daarvan dat kinders van gelowiges vanaf geboorte in die verbond staan en daarom reg het op die doop (Hand. 2:39). Die besnydenis is al op die agtste dag bedien.

Onnodige uitstel is veragting van die sakrament. Dit lyk

geregverdig/.....

geregverdig om te wag op die moeder se herstel. Om dus langer as ongeveer drie weke uit te stel lyk na onnodige vertraging van die doop. Die Gereformeerde Kerk ken geen spesiale doopsondae nie. Elke Sondag is doopsondag. Rutgers sê van spesiale doopsondae: "En by den doop werd de hoofdzaak niet Gods werk, Gods beloften, en de goddelyk pand, maar de verplichting der ouders, hunne beloften en de treffende toespraak van den predikant. (Kerkelyke Adv. II p. 15).

Die tweede beginsel in die artikel is dat die doop in 'n erediens moet geskied. As teken en seël van die verbond waardeur die dopeling openlik in die verbondsgemeente ingelyf word moet dit geskied daar waar die gemeente saam is onder leiding van die bedienaar van die Woord en onder toesig van die ouderlinge. Die doopbediening word hier verbind aan die Woordverkondiging. (Vgl. Hand. 2:38-42; 16:14 en 15,32 en 33). Dit word verder amptelik verbind aan die bedienaars van die Woord. Ons ag nie die doop as absoluut noodsaaklik tot die saligheid nie. Dordt het wel toegegee dat in gevalle van "seer grooten noot" doop aan huise bedien mag word mits onder toesig van die kerkraad. (Post-Acta Sessie 163).
Ons handhaaf die innige band tussen kind en gemeente: "in Christus geheilig en daarom as lidmate van sy gemeente behoort gedoop te wees". (Doopsform. 1e vraag).

3. <u>Objek van die doop:</u>
Die art. bepaal die objek as "kinders van die Christene". Dit klink ruim. Die formulering dateer vanaf die Sinode van s'Gravanhage 1578.

Hieronder verstaan ons dat in die reël alleen kinders gedoop word van 'n ouer of ouers wat aan 'n Gereformeerde Kerk behoort. Dit geskied plaaslik. Indien 'n lidmaat in 'n ander plaaslike kerk as waartoe hy behoort, wens te doop moet hy toestemming hê van sy kerkraad. Indien een van die ouers nie aan 'n Geref. Kerk behoort nie,kan so 'n kind wel

gedoop/.....

gedoop word. Sodanige ouer kan wel voor die kansel verskyn (Acta 1945 art. 172), maar kan nie antwoord op die vrae nie.

In hoogsuitsonderlike gevalle kan die doop ook bedien word "aan kinderen van deugdelÿke lidmaten van ander protestantsche gezindten wat verstoke is van gereelde kerklike bediening. (Acta 1876 art. 162). Soortgelyk is die bevinding van die Sinode 1945 (Acta art. 172).

Kinders van dooplidmate kan wel gedoop word maar hulle mag nie self voor doop hou nie. Geskikte voogde, soos byv. grootouers, kan hulle laat doop.

Buite-egtelike kinders kan gedoop word deur voogde of deur die moeder indien die kerkraad seker is van waaragtige berou.

Aangenome kinders word gedoop. (Vgl. Rapport en besluit hieroor Acta 1970 p. 131-137). Let veral op die volgende: Kerkrade moet, wanneer lidmate aansoek doen om die doop van hulle aangenome kinders, hulle vergewis dat:

1. die aanneming in wetlike vorm sy beslag gekry het, en
2. die ouers die aanneming beleef as 'n aanneming in die Here.

Dieselfde prosedure word gevolg en formulier gebruik as by natuurlike kinders.

Kinders in inrigtings:

Die Sinode 1949 het besluit dat huisouers of ander verantwoordelike persone deur die Tehuiskommissie goedgekeur verbondskinders in die inrigting, vir doop mag aanbied. (Acta art. 145).

Wat van ouers wat hulle kinders by 'n sekte laat doop? Die Sinode 1910 (art. 153) het besluit dat hulle tugwaardig is. As 'n lidmaat hom deur 'n sekte laat doop het hy daarby aangesluit en verval sy lidmaatskap by 'n plaaslike kerk.

Erkenning van doop van ander gesindtes:

Die doop van ander kerke of van sektes is erken mits aan die

volgende/.....

volgende vereistes voldoen is:

1. Dit moet bedien word volgens die instelling van Christus en met water.
2. Dit moet bedien word in die Naam van die Drie-enige God.
3. Dit moet bedien word deur iemand wat deur 'n kerk of sekte wettiglik daartoe geroep en afgesonder is om die doop te kan bedien.
   (Acta 1879 art. 170, 178; Acta 1882 art. 163; Acta 1930 art. 16).

Indien iemand by die Gereformeerde kerk aansluit en sy doop aan bogenoemde vereistes voldoen word hy nie weer gedoop nie.

ARTIKEL 57

Die bedienaars van die Woord moet toesien dat die vader, moeder of voogde die doop vir hulle kinders aanvra.

1. Taak van die bedienaar van die Woord:

   As 'n kindjie gebore word is dit 'n toevoeging tot die verbondskudde van Jesus Christus. Die herder, die bedienaar van die Woord, moet waak oor sy kudde. Hy moet toesien dat die doop vir die kindjie aangevra word en wel so spoedig moontlik. Die kerkraad moet dan toesien dat die doop sonder versuim bedien word.

2. Die verbondsouer:

   Die verbond lê op die verbondsouer verbondsverpligtinge. Hy moet so spoedig moontlik die doop vir sy kind aanvra. Die ouers is verplig om die kind in die vrees van die Here op te voed en te laat opvoed. Dit hou in wat hulleself moet doen en wat hulle laat doen deur die skool en in die kategetiese onderrig. Die vader as verbondshoof word eerste genoem. As die vader oorlede is of nie aan 'n Gereformeerde Kerk behoort nie neem die moeder die inisiatief.

3. Die Voogde:

   Wanneer die ouers oorlede is of die kindjie nie voor doop mag hou nie, kan voogde die kind laat doop. Sodanige voogde neem die verantwoordelikheid met die belofte wat afgelê word, op hulle. Alleen lidmate van 'n Geref. Kerk kan dus as voogde optree. Hulle moet die kind onder hulle sorg en toesig neem. Hoewel die kerkraad moet toesien dat die verbondsonderrig deurgaan mag hulle nie uit eie midde voogde benoem nie. Die verbond is met persone in die lyn van die geslagte opgerig en nie met instansies nie. Die kerkraad sou dan die plek neem van verbondsouers. Dit grens aan die Roomse dwaling wat, vanweë hulle skeiding van natuur en genade, by die doop die kind aan die natuurlike ouer ontneem en dit die eiendom van die kerk maak.

ARTIKEL 58

Die bedienaar van die Woord moet by die doop van klein kinders sowel as van volwasse persone die onderskeie formuliere gebruik wat daarvoor vasgestel is.

1. Waarom formuliere?

Die art. bind die bedienaar van die Woord om by die doopsbediening die formuliere te gebruik. In die formuliere word 'n verklaring gegee van die sakrament wat die bediening daarvan moet voorafgaan. Dit is 'n verklaring van die kerke oor hoe hulle die doop verstaan. Die bedienaars van die sakrament moet hulle ook hou aan die formuliergebede. (Acta 1927 art. 154).

Die liturgiese formuliere staan in 'n besondere verband met die Kerkorde en belydenis van die kerk. Die formuliere kom voort uit die K.O. Die formuliere dien natuurlik verder die doel om uniformiteit in die liturgie van die onderskeie kerke te waarborg.

2. Leeftydsgrens tussen kinder- en volwassedoop:

Die vraag is wanneer kinders nog gedoop moet word deur ouers of voogde. Waar is die leeftydsgrens dat hulle met hulle doop gelyktydig belydenis van hulle geloof aflê. Geen vaste resep kan hier gegee word nie. As beginsel kan seker geld dat solank 'n kind nie in staat is om met die gawe van onderskeiding belydenis van geloof af te lê nie moet die kinderdoop aan so 'n kind bedien word. Calvyn het gemeen dat 'n kind van 12 jaar al in staat is om rekenskap van sy geloof te gee. Die Provinsiale Sinode van Rotterdam 1586 het besluit dat ouers die doop moet laat bedien tot op 14 jaar.

In Suid-Afrika het die Gereformeerde Kerk se sinode van 1876 wyselik besluit om geen maksimum ouderdom vir kinderdoop vas te stel nie "omdat zÿ daarvoor geen den minsten grond vindt in Gods Woord en het eene kind van het andere soms veel verschil in gezindheid en ontwikkeling. Zÿ laat het dus aan de bescheiden oordeel van elken kerkeraad respectief over" (art. 152).

/Riglyne. .....

3. Riglyne:

(i) Kerkrade moet toesien dat die doop volgens die Woord van God geskied. Indien kinders ryp genoeg is om belydenis van hulle geloof af te lê moet die volwasse doop aan hulle voltrek word.

(ii) Die doop moet so spoedig moontlik bedien word. Daar mag dus nie maar 'n langdurige uitstel van die doop wees sodat 'n kind terselfdertyd geloofsbelydenis aflê nie. (Vgl. Rutgers Kerkl. Adv. II p. 69). Dit stry met die Skrif, (Vgl. Hand. 2:39) en misken die ryke betekenis van die Doop as 'n teken en seël.

ARTIKEL 59

Volwassenes word deur die doop in die gemeente van Christus ingelyf en as lidmate van die kerk opgeneem en daarom is hulle verplig om die Nagmaal van die Here te gebruik soos hulle by hulle doop belowe het om te doen.

1. Historiese agtergrond:

In die begin van die 17e eeu was die Gereformeerde Kerk staatskerk in Nederland. Daar was sekere voordele verbonde aan lidmaatskap van die kerk. Sommige het dan belydenis van geloof kom aflê met volwasse doop maar het dan nie Nagmaal gebruik nie. Vrae hieromtrent is deur Dordt 1618-19 beantwoord deur 'n artikel wat in die K.O. opgeneem is.

2. Wat beteken "ingelyf" en "opgeneem":

Die term "in die gemeente van Christus ingelyf"dui op die geloofsgemeenskap met ander gelowiges. Opgeneem as "lidmate van die kerk" wys op opname in die plaaslike geïnstitueerde kerk.

/Gebruik.....

3. Gebruik van kerklike regte en voorregte:

Deur doop word die volwassene ingelyf in die plaaslike kerk en moet dus gebruik maak van al die voorregte van die plaaslike kerk. Hieronder val ook die gebruik van die Nagmaal. Dit verwys na die 4de doopvraag aan volwassenes. Die doop wys heen na die Nagmaal (Vgl. art. 61 K.O.). 'n Kerkraad doop juis die volwassenes wat 'n begeerte het na die Nagmaal. 'n Dopeling se lewe en wandel moet dan ook so wees dat hy toegelaat kan word tot die Nagmaal.

ARTIKEL 60

Die name van die gedooptes en van hulle ouers of voogde sowel as die datums van geboorte en doop moet opgeteken word.

1. Beginsel:

Die artikel het die skyn van 'n blote organisatoriese inhoud en strekking. Hieraan lê egter 'n beginsel ten grondslag. Die name van kinders word aangeteken sodat die kerkraad op skrif het en daarom presies weet wie deur hulle amptelik bedien moet word en oor wie t.o.v. die doopbelofte toesig gehou moet word.

2. Inhoud van doopregister:

Name van kind: 'n Mens word geken aan jou naam. (Sien 1 hierbo).

Name van ouers of voogde:

Die ouers of voogde het die belofte afgelê by die doop om die kind binne die verbond in die vrees van die Here op te voed. Die kerkraad weet nou wie hy verantwoordelik moet hou. Die sinode 1961 verklaar dat "die groot waarde van die doopregister vir die kerk daarin bestaan dat dit die name bevat van die persone wat die verantwoordelikheid by die bediening van die doop aanvaar het" (art. 38,6,a).

...../Die volle

Die volle name van die persone moet ingeskryf word met vermelding of dit 'n ouer of voog is.

3. Verandering in doopregister:
Die Sinode 1961 (art. 38) het gehandel oor die naamsverandering in die doopregister. (Sien K.O. boekie p. 74).

ARTIKEL 61

Tot die Heilige Nagmaal word alleen diegene toegelaat wat volgens gebruik van die plaaslike kerk belydenis van die Gereformeerde Godsdiens gedoen het en 'n goeie getuienis van 'n vrome wandel besit. Sonder sodanige getuienis moet ook diegene wat uit ander kerke (van dieselfde kerkverband) kom, nie toegelaat word nie.

Art. 61-64 handel oor die viering van die Nagmaal.

1. Beginsel:
In die artikel word van die veronderstelling uitgegaan dat die kerkraad toesig moet hou oor die viering van die H.Nagmaal. (Sien by art. 64). Die toesig hou in dat alleen lidmate van die plaaslike kerk wat belydenis van die gereformeerde godsdiens gedoen het tot die Nagmaal toe-gelaat mag word. Ons ken geen oop nagmaalsviering nie. Die Kollegialistiese kerkbegrip lei wel tot sodanige praktyk. Volgens die kollegialisme is die kerk die somtotaal van sy onderdele, die gemeentes. Iemand is lid van die kerk as geheel. Die gevolg is dat die Nagmaalsviering oop is vir al die lidmate van die kerk in die algemeen.

Die art. beklemtoon die selfstandigheid van die plaaslike kerk en die voorregte wat deur die lidmaat plaaslik genuttig moet word.

...../Belydenis

2. Belydenis van die gereformeerde godsdiens:

Die art. stel as eis belydenis van die gereformeerde godsdiens, vir toelating tot die H. Nagmaal. In navolging van Calvyn het die gereformeerdes geoordeel dat die openbare geloofsbelydenis toegang verleen tot die H. Nagmaal. (Vgl. Bouwman G. Kerkrecht II p. 387-389).
Volgens die H. Skrif moet die gelowige hom gedurig ondersoek of hy in die geloof vasstaan. (Vgl. 1 Kor. 11:28; 2 Kor. 13:5). Die Nagmaal is immers alleen vir die gelowiges ingestel (Vgl. 1 Kor. 11:18,20,33). Dit is in ooreenstemming met die gedagte dat die Nagmaal 'n voedings- en gemeenskapsmaaltyd is. Dit voed die reeds bestaande geloof en dit bind enersgelowende mense aanmekaar. Die tafelgemeenskap gee uiting aan die onderlinge eenheid in geloofsoortuiging (Vgl. Heid. Kat. vr. 65, vr. 81 en N.Gb. art.35). Die kerkordelike beginsel vloei nou hieruit voort dat die kerkraad moet toesien dat alleen hulle wat die gereformeerde waarheid as geloofsinhoud bely het tot die Nagmaal toegelaat mag word.

Deur die openbare aflegging van belydenis van die geloof neem die gedoopte bondeling persoonlik die verpligtinge van die verbond op hom, wat met sy doop verseël is. Dit is geen "aanneming" nie. Dit is 'n kollegialistiese begrip dat jy eers by belydenisaflegging aangeneem word as lidmaat van die kerk. Dit nivelleer die betekenis van die verbond en van die doop.
Volgens die art. word eerstens vereis deeglike kennis van die gereformeerde leer. Die jong lidmaat moet dus so ryp wees dat hy die begrippe van die geloofsleer kan verstaan en bewustelik kan aanvaar.
(Vgl.belydenisvrae K.O. boekie p. 75).

3. Lidmate uit ander kerke.

Die artikel bepaal dat ook diegene "wat uit ander kerke kom" nie toegelaat mag word nie sonder getuienis van 'n vrome wandel. Met die "uit ander kerke" word natuurlik bedoel kerke van dieselfde kerkverband. Hier kry ons dus te doen met die kwessie van attestasies wat egter volledig behandel word

...../onder

onder art. 82.

Daar is 'n gebruik om lidmate waarvan die attestaat nog nie ontvang is nie of wat op besoek is in 'n gemeente as "gaste" toe te laat by die Nagmaal. Dit kan alleen as sodanige lidmaat daarom aansoek doen, as by hom (haar) huisbesoek gedoen is en as vasgestel is dat hy (sy) van "vrome wandel" is. (Vgl. Sinode 1910 art. 159). In sodanige gevalle moet met groot omsigtigheid te werk gegaan word. Die tafel van die Here mag nie ontheilig word nie.

Die artikel geld natuurlik ook vir persone wat uit kerke van 'n ander kerkverband oorkom na 'n Geref. kerk. Die Sinode 1873 het besluit dat almal "die uit een ander kerkgenootschap overkomt, door den volle kerkraad, of door eene commissie uit den kerkeraad, zal worden onderzocht aangaande de redenen van hunne overkomst" (art. 182). Die kerkraad moet natuurlik ook vasstel of so 'n persoon die Gereformeerde belydenis onderskryf en of hy (sy) vroom is in sy lewenswandel. Vir opneming lê so 'n persoon in die reël nie weer in die openbaar belydenis van geloof af nie. Die kerkraad moet elke saak op sy meriete behandel. By oorkoms van 'n sekte kan dit in die openbaar geskied.

Die Sinodes van 1862 (art. 43) en 1869 (art. 109) het bepaal dat lede van geheime genootskappe soos die Vrymesselaars nie lidmaat van die Geref. Kerk mag wees nie. Daar moet met so 'n lidmaat volgens die tugartikels gehandel word.

Die Sinode 1964 het die volgende besluit oor lidmate wat lede is van organisasies waaraan geheimhouding verbonde is:

1. "Dit mag in generlei wyse die uitoefening van die kerklike tug strem nie, nóg wat lidmate onderling betref, nóg wat die amptelike optrede van die kerkraad betref.

...../2. Onder

2. Onder geen omstandighede mag so 'n organisasie hom laat geld op kerklike vergaderinge en op kerklike erf nie.

3. 'n Afrikaner-broederskap en bevordering van die volksbelange, hoe loflik op sigself ookal, mag nooit beklemtoon word ten koste van die Broederskap in Christus of dit enigsins oorskadu nie".
(art. 195, IV punte 1-3).

ARTIKEL 62

Elke kerk moet die nagmaal hou op die wyse wat na sy oordeel tot die meeste stigting dien. Dit moet egter goed verstaan word dat die uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf is, nie verander mag word nie, dat alle bygeloof vermy moet word en dat na die preek en algemene gebede, die formulier van die Heilige Nagmaal, asook die gebed wat daarby behoort, gelees moet word.

Hierdie artikel handel oor die Skriftuurlike wyse waarop die Nagmaal gevier moet word.

1. Middelmatige sake:
Die eerste bepaling in die art. beklemtoon dat daar 'n ruim mate van vryheid in kerke moet wees oor die wyse van nagmaalviering. Die "wyse" word slegs nader bepaal tot dit wat tot die meeste stigting "dien". Dit sien op die sogenaamde middelmatige sake. Hieronder val:

   a. of die nagmaal staande, sittende of selfs in beweging bedien of ontvang word.

   b. of tydens die nagmaalsbediening uit die H.Skrif gelees of Psalms gesing moet word. Die Sinode 1927 het bepaal dat geen toespraak gehou mag word nie maar dat slegs uit die H.Skrif gelees mag word.

...../2. Uitwendige

2. Uitwendige seremonies:

Dit word bepaal dat die uitwendige seremonies, soos voorgeskryf in die Woord van God nie verander mag word nie. Die Skriftuurlike betekenis van die Nagmaal moet dus onverswak gehandhaaf word.

Die Nagmaal word in die H.Skrif voorgehou as 'n maaltyd. Dit moet in die wyse waarop die Nagmaal gevier word uitkom. Dit kom uit in die tafel- en bekergemeenskap. Die gelowiges kom saam om 'n tafel. Dit dui op onderlinge eensgesindheid (Mat. 9:10,11). Die Sinode 1930 het die bediening in banke summier afgewys as 'n poging van satan om die gelowiges die ware betekenis van die Nagmaal te ontneem (Acta p. 158). Die Sinode 1930 het eweneens die gebruik van kelkies in die plek van bekers afgewys (Acta art. 184). Die Sinode verwys na Mat. 26:27,28; Luk. 22:20; 1 Kor. 11:25-29. Die Here het self aan sy dissipels 'n drinkbeker gegee om uit te drink. Kelkies verbreek die broederlike gemeenskaplikheid. Die simboliese eenheid van die liggaam kom uit in die één tafel, dieselfde brood en dieselfde beker.

3. Bygeloof moet vermy word:

Die art. bepaal dat alle bygeloof vermy moet word. Eerstens sien dit op die Roomse dwaling wat leer dat daar 'n verandering in die substansie van die brood en wyn plaasvind. Dit word verander in die liggaam en bloed van Christus. Die Nagmaal word so 'n onbloedige herhaling van die offerande van Christus. Die instellingswoorde (Mat. 26:26,28) word deur die priester as wydingswoorde oor die brood en die wyn uitgespreek. Vir ons is daar geen werkende krag in die woorde wat by die Nagmaalsbediening gebruik word nie.

'n Tweede bygeloof wat afgewys word is dat die Nagmaal bo die Woord gestel word en dit geleer word dat die Nagmaal die geloof werk, die genade in die hart uitstort. Ons verwerp dit. Die Nagmaal verseël en versterk slegs die reeds bestaande geloof en genadewerking in die hart. Daarom gaan die Woordbediening voorop en dan volg die Nagmaal.

...../4. Die

4. Die Formulier:

Ons huidige formulier dateer van Dordt 1618-19. Die Sinode 1973 het opdrag aan deputate gegee om die formuliere te verkort en die volgende Sinode dienooreenkomstig te adviseer. (Acta art. 151). Die K.O. bepaal dat die formulier gelees moet word by die Nagmaalsbediening. Die formulier is 'n offisiële kerklike verklaring oor hoe die kerk die Nagmaal sien in die lig van die Skrif.
Die formulier moet die gemeente dus onderrig aangaande die betekenis en seën van die Nagmaal. Die Sinode 1927 (art. 88) het bepaal dat die formuliergebed ook gelees moet word. Alleen die Twaalf artikels kan nagelaat word indien dit alreeds in die diens gelees is.

ARTIKEL 63

Die nagmaal van die Here moet minstens elke drie maande gehou word.

Volgens Hand. 2:46 is die Nagmaal elke dag gevier maar later volgens Hand. 20:7 slegs op die eerste dag van die week. Calvyn het weer gepleit vir 'n weeklikse viering.

Die art. bepaal dat dit minstens elke drie maande gevier moet word. Hierdeur word die beginsel onderstreep dat die Nagmaal gereeld gevier moet word. 'n Kerkraad is natuurlik vry om dit meermaal te vier maar nie minder as eenmaal elke drie maande nie.

Dit is wenslik dat die Nagmaal op gesette tye gevier sal word. Die gemeente berei hom dan daarvoor voor.

T.o.v. 'n tweede Nagmaalsviering op dieselfde Sondag het die Sinode 1967 besluit:
"Die Formulier moet gelees word elke keer as die Nagmaal gevier word, sonder dat dit aanleiding gee tot 'n opsionele tweede nagmaalsviering". (Acta p. 165).

ARTIKEL 64

Die bediening van die nagmaal vind alleen in 'n erediens plaas onder toesig van die ouderlinge.

1. Beginsel:

Die beginsel wat hier gestel word is dat die Nagmaal alleen in 'n erediens bedien kan word d.w.s. daar word 'n innige band gelê tussen die amptelike bediening van die Woord en die bediening van die sakrament (Hand. 2:42). Daar mag geen sakramentsbediening sonder Woordbediening wees nie. Die Woord gaan voorop. Dit werk die geloof in die hart. Die sakrament volg op die Woord. Dit versterk en verseël die reedsbestaande geloof. Aansluitend by die aard van 'n erediens is die Nagmaal ook 'n uitdrukking van die eenheid van die huisgenote van die geloof.

2. Krankekommunie:

Die reformatore het verskil oor die vraag of die Nagmaal aan siekes by hulle huise bedien mag word. Luther het dit geheel en al afgewys. Melancthon het dit goedgekeur mits die familie teenwoordig is. Calvyn het dit bywyse van hoë uitsondering geoorloof geag op voorwaarde dat:

i. dit onder toesig van ouderlinge moet geskied;
ii. dit openbaar moet wees d.w.s. gemeentelede moet dit ook kan bywoon en
iii. die liturgie nie nagelaat mag word nie. Dit moet dus die vorm van 'n erediens aanneem.

Bullingen, Beza en Voetius wou weer geen Nagmaal buite die erediens bedien nie.

Soortgelyk was die beslissing van die Nederl. Geref. Kerke in 1933 (Acta art. 131).

Die Sinode 1876 van die Geref. Kerk in Suid-Afrika het die standpunt van Calvyn gehandhaaf (art. 163).

Dit kan egter nie gehandhaaf word nie. Dit bots met hierdie art. in die K.O. maar bots ook met die skriftuurlike gedagte dat die Nagmaal 'n gemeenskapsmaaltyd is vir die hele gemeente (1 Kor. 10:16,17).

...../'n Kranke

'n Kranke wat verhinder word om die Nagmaal te gebruik sondig tog nie. Veragting van die Nagmaal is wel sondig.

3. Nagmaalsbediening as 'n liturgiese handeling:
Christus is die eintlike bedienaar van die sakramente. Christus laat dit doen deur sy geroepe diensknegte. Aangesien die Nagmaal sigbare Woordbediening is, is dit die taak van die bedienaar van die Woord om dit te bedien. Die liturg wat die leiding het by die erediens bedien dus die sakrament in die erediens.

Sonder toesig van ouderlinge kan geen eredeins gehou word nie en dientengevolge ook geen Nagmaal bedien word nie. Die ouderlinge moet toesig hou oor die Nagmaalsviering sodat die tafel van die Here nie ontheilig word nie. Dit handel oor die bediening self soos Christus dit ingestel het maar ook oor hulle wat tot die tafel toetree. Daar moet dus voorafgaande tugoefening wees.

ARTIKEL 65

Lykpredikasies of lykdienste mag nie ingevoer word nie.

1. Historiese agtergrond:
By Rome is daar veel bygelowigheid en mensverheerliking rondom die begrafnis. Dit word as 'n kerklike plegtigheid beskou. Die lyk word in die kerkgebou geplaas, die priester hou 'n predikasie en doen gebede in belang van die sielerus van die oorledene. Die lyk word besprenkel met heilige water en in 'n graf begrawe wat deur die priester geheilig is. Klokgelui het die mense opgewek om vir die afgestorwene te bid.

2. 'n Begrafnis geen kerkdiens:
Die art. sny elke moontlikheid af dat van 'n begrafnis 'n kerkdiens gemaak word. Ons beskou dat 'n begrafnis 'n saak van die familie is. Die Sinode 1967 het twee lang rapporte

...../n

('n meerderheids- en 'n minderheidsrapport Acta 1967 p. 104-125) oor art. 65 K.O. ter tafel gehad. Die Sinode het besluit om die formulering van art. 65 net so te handhaaf (p. 125). 'n Begrafnis mag dus nie die vorm van 'n erediens aanneem nie. Dit moet 'n troostwoord uit die Skrif wees vir die treurendes. Dit kan deur 'n ampsdraer of lidmaat waargeneem word. Daar moet gewaak word teen mensverheerliking en bygelowige seremonies.

3. Lyksverbranding:
Die Sinodes 1933 (Acta p. 117) en 1952 (Acta p. 208,216) het hulle teen die praktyk van lykverbranding uitgespreek. Dit is van heidense oorsprong en hou die gedagte in dat met die dood alles verby is. Die Skrif leer dat aan die afgestorwenes 'n eerbare begrafnis gegee moet word. Lyke is alleen verbrand as 'n teken van die oordeel en toorn van God (Lev. 20:14; 21:9; Jos. 7:15). Die begrafnis van die liggaam getuig van ons geloof aan die weeropstanding van die dode. (Vgl. 1 Kor. 15). Die liggaam is die saadkorrel wat aan die aarde toevertrou word en wat op sy bestemde tyd, die opstandingsdag, sal opskiet en vrugte dra.

ARTIKEL 66

In tye van oorlog, pestilensie, algemene volksrampe en ander groot beproewings waarvan die druk oral in die kerke gevoel word, moet die klassis wat daarvoor deur die algemene sinode aangewys is, 'n dag van verootmoediging en gebed uitskrywe.

1. Historiese agtergrond:
Sien Handleiding by die Kerkorde p. 397-400.

2. Beginsel:
Die art. maak voorsiening vir die oproep van 'n landswye dag van verootmoediging en gebed. 'n Klassis, deur die Sinode daartoe benoem, moet so 'n dag uitskrywe.

...../Dit spreek

Dit spreek vanself dat daar onderskeidend te werk gegaan moet word. Daar moet 'n landswye beproewing wees waarvan die druk oral in die kerk gevoel word. Dit ontneem natuurlik nie kerkrade en ander meerdere vergaderings om die inisiatief te neem tot 'n plaaslike dag van verootmoediging onder bepaalde plaaslike omstandighede.

'n Dag van verootmoediging beteken dat sonde bely moet word en dat om skuldvergifnis gesmeek moet word. In die geskiedenis was dit aan vaste verbind. Dit pas by boetedoening, die liggaam ontsê hom alle vorme van vreugde.

3. Samewerking met ander kerkverbande en die owerheid:
Die Sinode 1970 (Acta p. 105-120) het 'n breedvoerige rapport oor die aangeleentheid op sy tafel gehad. Daar is besluit (p. 117-120) dat sulke dae van verootmoediging in samewerking met ander Christelike kerke en die owerheid uitgeskryf moet word. Die volgende is belangrike riglyne:

i. Dit is wenslik dat sulke dae op 'n ander dag as die Sondag sal val.

ii. Indien op 'n Sondag moet dit nie met 'n gewone erediens saamval nie.

iii. Kerke moet dit in gelyktydige eredienste, elkeen in sy eie kerkverband, waarneem.

ARTIKEL 67

Die onderhouding van die Christelike feesdae, Kersdag, Paasfees, Pinkster en Hemelvaartsdag word aan die vryheid van die kerke oorgelaat.

1. Beginsel:
Die redaksie van die artikel dateer van 1964 af. In die vorige formulering is gestel dat die kerke die feesdae "moet" onderhou. Die huidige formulering van die art. stel die beginsel suiwer. Dit is feesdae van menslike herkoms en mag

...../nooit

gelyk gestel word aan die Rusdag, die dag van die Here, nie. Daarom stel die art. die onderhouding daarvan nie as 'n beginselsaak nie, maar as 'n middelmatige saak wat in die vryheid van die plaaslike kerk gelaat word.

2. Die hervormers:

Rome het 'n hele reeks feesdae gehad, so erg, dat in die 15e eeu omtrent elke dag van die kalender daarmee gevul is. (Vgl. Bouwman II p. 485). Die Roomse sinodes van 1512 en 1524 het selfs maatreëls getref om die aantal feesdae te verminder.

Van die begin af het die hervormers hulle teen die feesdae verset. Luther wou, vanweë misbruik daarvan vir brassery en dronkenskap, alle feesdae afskaf. Later was hy meer toegeeflik. Sommige feeste wat diep in die volkslewe gewortel was het hy toegelaat met die verstandhouding dat dit tot eer van God gevier moet word.
Zwingli en Calvyn het hulle slegs ten gunste van die Sondag as feesdag uitgespreek. Zwingli het wel enkele feesdae behou maar Calvyn het in navolging van Farel en Viret alle feesdae buite die Sondag afgeskaf. Knox was van dieselfde gevoele. Calvyn het byv. op 25 Des. 1555 oor 'n vervolgstof uit Deut. 21:10-14 gepreek hoewel hy die vorige Sondag wel kersstof behandel het.
Hulle argumente was: geen menslike feesdae mag gelyk gestel word met die Rusdag wat deur God ingestel is en verder dat die feesdae ledigheid en losbandigheid in die hand werk.

3. Aanbeveling:

Aangesien dit in die vryheid van die kerk gelaat word om die feesdae te vier of nie kan hier hoogstens 'n aanbeveling gemaak word. Ons meen dat die dae-al so as Christelike feesdae geyk is dat dit wenslik is om die heilsfeite op die bepaalde dae in woordbediening te gedenk. Teen misbruike moet gewaak word. Die "spesiale" moet nie gestel word bo die normale woordbediening nie. Die dag moet ook nie hoër geag word of gelyk gestel word aan die Dag van die Here nie.

ARTIKEL 68

Die bedienaars van die Woord moet op Sondag, gewoonlik in die tweede diens, die hoofinhoud van die Christelike leer soos vervat in die Heidelbergse Kategismus uitlê en soveel moontlik jaarliks afhandel volgens die Sondagsafdeling daarvan.

1. Die beginsel in die Kategismusprediking:
   'n Belydenis is die offisiële uitspraak van die kerk oor hoe hy die Skrif verstaan en leer. Dit is dus na sy inhoud Skrifverklaring. Dit is die inhoud van die geloof wat gelowiges in die gemeenskap van die heiliges saambind. Dit is dus noodsaaklik dat die gelowiges hulle belydenis ken en daarin opgebou word. Wanneer die suiwere leer, soos uitgedruk in die belydenis verwaarloos en misken word moet dit lei tot verskraling van die geloofslewe.

2. Geskiedenis van die Kategismusprediking:
   Die Sinode van Dordrecht 1574 (art. 44 en 80) het alreeds bepaal dat die Kategismus in die prediking behandel moet word. Die Sinode van s'Gravenhage 1586 (art. 61) het die art. min of meer in sy huidige redaksie geformuleer soos later deur Dordt 1618-19 vasgelê.

3. Plek en metode van die Kategismusprediking:
   (Sien hiervoor Homiletiek aantekeninge).

/Artikel 69

ARTIKEL 69

In die kerke moet die 150 Psalms, die Tien Gebooie die Onse Vader, die Twaalf Artikels van die Geloof, die Lofsange van Maria, Sagaria en Simeon gesing word. Ander skrifberyminge wat die sinode goedgekeur het word in die vryheid van die kerkrade gelaat.

1. Sang in kerke van Reformasie:

By Rome het die gemeentelike sang geleidelik plek gemaak vir koorsang. (Vgl. Bouwman II p. 498 e.v.). Die Reformasie gee die gemeentesang weer 'n ereplek. Luther lewer 'n belangrike bydrae en skryf self liedere vir kerksang. Calvyn is die vader van Psalmgesang in die kerk. Die gemeente moet met Skrifgebonde liedere die lof van die Here verkondig. Calvyn begin self met Psalmberyming. Dordt het bepaal dat die psalms, enkele Nuwe Testamentiese lofsange, Die Onse Vader, die Tien Gebooie en die Twaalf Artikels gesing moet word. Een gesang is aan die vryheid van die kerke gelaat. Die Psalmmelodië het eweneens 'n ontwikkelling deurgegaan. Die eerste Geneefse wysies is van die meester Bourgeois afkomstig. In Nederland was die psalmberyming van Datheen, aanbeveel deur die konvent van Wezel 1568, vir 'n lang tyd in gebruik. Dit is vervang deur die beryming van 1773 wat ook in S.A. in gebruik was tot met die ingebruikneming van die Afrikaanse psalmberyming.

2. Beginsel in die artikel:

Die beginsel aan die artikel ten grondslag is dat alleen direkte beryminge uit die Woord van God in die erediens gebruik moet word en die ekumeniese simbool die Twaalf Artikels wat alreeds as geloofsbelydenis in die erediens 'n plek het.

3. Skrifberyminge:

Die Sinode 1939 (art. 116) het die beginsel aanvaar dat die kerksang uitgebrei mag word. Die Sinode 1942 het oor 'n 50-tal Skrifberyminge van Totius soos volg besluit:

a. Aangesien die Sinode van 1939 besluit het om uitbreidinge te maak in verband met ons kerkgesang en opdrag gegee het aan deputate om 'n bundel Skrifberymings, wat

...../om en

om en by 50 sal tel, met die oog hierop te publiseer, en hierdie opdrag ondertussen uitgevoer is, so besluit die Sinode nou om hierdie Skrifberymings goed te keur.

b. Die Sinode, inagnemende dat daar nog besware bestaan teen die invoering van die Skrifberymings vir gebruik in ons erediens, beveel aan dat kerkrade, met inagneming van die toestand van hul gemeentes, sal besluit wanneer die tyd by hulle geleë is vir die ingebruikneming daarvan in huis, skool en katkisasie.

c. Die Sinode gee opdrag aan die K.J.B.-fonds om die bestaande berymings by 'n nuwe uitgawe van die psalmboek agterin te laat bind.

d. Die Sinode het daar geen beswaar teen indien van ons kerkrade daarvan nou gebruik wil maak in hul eredienste tot bevordering van die geestelike opbouing nie.

Met hierdie besluit het die Sinode bevestig dat die Geref. Kerk geen beswaar het teen beryminge direk uit die Skrif nie soos die Sinode van Steynsburg 1913 dit gestel het "gesange waarvan die teks in Gods Woord uitgedruk staan".

Die formulering van art. 69 is wat die Skrifberyminge aanbetref nog steeds 'n neerslag van die besluit van 1942.

4. <u>Begeleiding met orrelspel:</u>

Die art. meld niks hiervan nie. Ons verwys kortliks na die volgende:

Daar was (oa. by Calvyn) en is nog by sommige beswaar teen orrelbegeleiding in die erediens. Die besware was hoofsaaklik dat die orrel die gemeentesang verdring en dit so laat agteruitgaan. Hierteen moet natuurlik gewaak word en tog handhaaf ons die positiewe diens wat orrelbegeleiding kan bied. Solank die orrel die sang steun en nie onderdruk nie, kan daarteen geen wettige beswaar ingebring word nie.

/ Art. 70

ARTIKEL 70

Kerkrade moet toesien dat die huwelik as heilige verbintenis in die Here aangegaan word volgens die Formulier wat daarvoor vasgestel is.

1. Gemengde karakter:

Gereformeerdes het nog steeds gehandhaaf dat die staats owerheid en die kerk by die huweliksluiting 'n belang het. Die staat moet die reg in die menslike samelewing, waarvan die gesin 'n fondamentsteen is, handhaaf. Die verbondenheid van twee mense moet wettig wees. Die regsgeldigheid van die huweliksluiting en die beskerming van die partye in die huwelik hoort tuis by die staat.

Die kerk het egter ook belang by die huweliksvoltrekking. Rome het dit tot 'n sakrament verhef.
Die kerk het belang by die Christelike karakter van die huwelik. Die huidige redaksie van die artikel is na 'n deeglike rapport vasgestel deur die Sinode 1970 (Rapport Acta p. 455-476. Besluit Acta p. 476-477).

2. Roeping van die kerkraad:

Die art. bepaal dat die kerkraad moet toesien dat die huwelik as heilige verbintenis in die Here aangegaan word. Die H. Skrif stel hoë eise aan die Christelike huwelik. Dit is 'n instelling van God en 'n afskaduwing van die verbintenis tussen Christus die bruidegom en sy kerk die bruid. Uit die huwelik moet die verbondsgeslag gebore word en die kerk uitgebrei word.
Die "verbintenis in die Here" moet aangegaan word volgens die Formulier wat daarvoor vasgestel is. Die formulier voorkom willekeur en is terselfdertyd 'n uiteensetting van hoe die kerk die huwelik volgens die H.Skrif sien.

3. Egskeiding:

Die Geref. Kerk erken volgens Skrif net een grond vir egskeiding t.w. hoerery. In die wêreldlike hof word omtrent alle egskeidings toegestaan op grond van kwaadwillige verlating. Kerkrade moet dus selfstandig ondersoek instel.

...../In die

In die reël is daar ontug op die spel. Die Sinode 1939 (art. 134) het ingegaan op die tugprosedure by egskeidings waarvoor daar geen Skrifgrond is nie. Volgens die Skrifgronde is slegs die onskuldige party in die huwelik geregtig om weer 'n huwelik aan te gaan. Die Sinode (Acta 1939 art. 134) het besluit: "Wanneer na 'n ongeoorloofde skeiding (sowel as daaropvolgende nuwe huwelik) die skuldige persone hulle sonde bely en berou betoon, moet hulle in die volle gemeenskap van die kerk herstel word. In die geval van 'n nuwe huwelik bestaan die berou nie daarin dat die huwelik ontbind word nie, maar daarin dat leed gedra word oor die stap wat gedoen is."

4. <u>Met oog op die praktyk onthou die volgende:</u>

i. Die huweliksbevestiger is ook deur die staat daartoe aangestel. Maak dus 'n deeglike studie van die regulasies van toepassing op huweliksluitings.

ii. Die huweliksbevestiging is geen erediens nie en hoef nie in 'n erediens bevestig te word nie. Moet dit dus nie soos 'n erediens inrig nie.

iii. Wees kort en saaklik. 'n Huweliksluiting moet op sy uiterste 30 minute duur.

...../Art. 71

OOR DIE KERKLIKE TUG

ARTIKEL 71

Die kerklike tug is geestelik, daarom is, afgesien van die burgerlike straf, die kerklike sensuur noodsaaklik om die eer van God te handhaaf, die sondaar met die kerk en sy naaste te versoen en die aanstoot uit die gemeente van Christus weg te neem.

1. Kenmerk van die ware kerk:

In arts. 71-81 word gehandel oor die kerklike tug. Dit verdien noukeurige aandag. Ons bely immers die kerklike tug as 'n derde kenmerk van die ware kerk (Art. 29 N.Gb.).

Die vernaamste figure uit die reformasie het groot erns gemaak met die kerklike tug.

Luther:

In sy geskrif "Oor konsilies en kerke" (1539) handel Luther volledig oor die kenmerke van die ware kerk. Hy noem ses kenmerke waaronder die sleutels wat gebruik moet word volgens Mat. 18:15,16. Waar 'n christen sondig, aldus Luther, moet hy gestraf word.

a'Lasco:

In sy "Forma ac ratio" handhaaf a'Lasco eweneens dat Christus sy kerk deur drie kentekens kenbaar wil maak waaronder die handhawing van die kerklike tug. In sy "Een korte ondersoeckinge des gheloofs" spreek hy van "het nerstich ghebruick der Christeliker straffen".

Bucer:

In dié verband noem ons nog Bucer wat ook die tug as derde kenmerk van die ware kerk gehandhaaf het, asook die Skotse konfessie waarin gespreek word van die strenge waarneming van die kerklike tug.

Calvyn:

Calvyn is 'n uitsondering op die bogenoemde. Calvyn het nêrens uitdruklik die kerklike tug as derde kenmerk van die ware kerk genoem nie. Dit wil hoegenaamd nie sê dat Calvyn die hand-

...../hawing

hawing van die kerklike tug wou devalueer nie. Die teendeel is waar.

Hy het die tug baie nou aan die Woord verbind. Die Woord moet suiwer verkondig word en die kerk is die bewaker van die waarheid van God. Aldus was die bediening van die Woord en die tug vir Calvyn 'n onskeibare eenheid want om bewaker te wees moes die kerk noodwendig vermaan en bestraf. Calvyn het met hoë waardering gespreek van die kerklike tug. Die tug, aldus Calvyn, is noodsaaklik vir die goeie bestaan van die kerk. Soos die saligmakende leer die siel is van die kerk, so is die tug die spiere. (Inst. IV,XII,I). In sy bekende brief aan Sadoletus noem hy die tug die "nervus corpus ecclesiae", die senuwees van die liggaam van Christus. Die tug is vir Calvyn dus wel kenteken van die welgeordende kerk. Hy skryf aan Sadoletus dat die gaafheid of ongeskondenheid (incolumitas) van die kerk bestaan in die handhawing van die suiwere leer, die tug en die sakramente. Waar die tug verwaarloos word word die kerk verminк, aldus Calvyn.

Al het Calvyn dus nie uitgesproke die kerklike tug as derde kenmerk geleer nie, het hy dit tog ingesluit onder die sterk beklemtoning van die suiwere Woord- en sakramentsbediening wat eerbiedig moet word en nie verontagsaam mag word nie. Tereg is gevra (Plomp) hoe kom dit tot eerbiediging van die Woord en geen verontagsaming van die sakrament as die tug nie hierby ingeskakel is nie.

Ons belydenis:

In ons belydenis handhaaf ons nietemin die handhawing van die tug as derde kenmerk van die ware kerk. Gereformeerde kerke wat erns maak met die handhawing van die belydenis, het nog altyd 'n hoë prys gestel op tughandhawing. In die Dordtse Kerkorde word in nie minder as elf artikels hieroor gehandel terwyl baie ander artikels noue verband het met tughandeling.

Waarom 'n kenmerk?

Waarom die tug dan as kenmerk van die ware kerk?

...../Dit is

Dit is duidelik, 'n antwoord op die vraag hang ten nouste saam met die wese van die kerk. Die kerk is die liggaam van Christus, die vergadering van die gelowiges. Bouwman wys daarop dat dit in die aard van elke lewensgemeenskap lê om sy eie lewensorde te handhaaf. So word dit teen bedreiginge van sy wese en roepingsvervulling bewaar. In 'n huisgesin waar geen orde en tug gehandhaaf word nie, moet dit noodwendig uitloop op verbrokkeling en ontbinding. 'n Staat wat geen orde en tug handhaaf nie moet uitloop op chaotiese anargisme en ondergang. Hoeveel te meer is dit waar van die enige gemeenskap, in wese anders as alle ander lewensgemeenskappe, die kerk, die uitgeroepenes, die liggaam van die Here. As Hoof van sy liggaam het Hy sy verordeninge, sy lewensreëls vir daardie liggaam gegee, om liggaam te kan wees en bly. As 'n goedingerigte geheel waarin elke lid sy plek en taak ken moet dit sy roeping volbring. Indien elke lidmaat maar leef volgens eie sin en wil sonder onderhorigheid aan belydenis en kerkordelike reëlings en daar geen middel is om tot gehoorsaamheid en tot orde te roep nie, moet dit uitloop op verwildering en ontbinding.

Om waarlik kerk te wees:

As derde kenmerk van die ware kerk onderstreep ons in ons belydenis dat die kerk die tug moet handhaaf om waarlik kerk te wees en te bly. Sonder tug loop die kerk gevaar om deur 'n sondige wêreld verswelg te word en verloor hy sy wese. Die kerk het sy ontstaan en voortbestaan te danke aan Jesus Christus sy Hoof. Deur sy Gees en Woord is die lewe van Christus aan sy kerk geskenk sodat dit geheël en onvoorwaardelik aan Hom behoort. Oor hierdie heerlike waarheid moet die tughandhawing in die kerk die wag hou. Tughandhawing, en dit bely ons in art. 29 N.Gb. het dus te doen met die handhawing van die wese van die kerk.

2. Die geestelike karakter van die tug:

In art. 71 word die kerklike tug omskryf as "geestelik". Wat verstaan ons presies daaronder?

...../Geestelik

Geestelik kragtens sy oorsprong:

Die mag wat aan die kerk gegee is om tug uit te oefen het 'n eie selfstandige karakter. Alle mag is van God (Rom. 13:1), die Almagtige, Skepper van hemel en aarde wat oor alles beskik. Die kerklike mag tot tugoefening het sy oorsprong in die Vader van ons Here Jesus Christus en kom sy gemeente toe uit Hom as Hoof en Middelaar. (Sien Bouwman II p. 595).

Die mag van die kerk is dus teenoor alle ander magte in die wêreld, kragtens sy oorsprong, vry en selfstandig. Jesus wil dat die tug in sy gemeente uitgeoefen sal word. Dit is die opdrag aan, maar terselfdertyd die voorreg van sy kerk om in sy Naam te vermaan en te bestraf.

Die verbondenheid van Christus aan sy kerk is baie intiem. Hy is Hoof van sy kerk. Die kerk het sy ontstaan, sy verlossing aan Hom te danke. Deur sy Gees en Woord gee Hy aan sy liggaam die lewe sodat dit geheel aan Hom toebehoort. Alles moet geskied volgens sy wil. As Hoof gee Hy aan sy kerk sy wette as reël vir 'n dankbare en ordelike lewe in sy kerk. Daarvolgens moet geleef en gewerk word. Die tug is dus handhawing van die heerskappy van Gods Woord in die kerk (Bouwman II p. 601). Hierdie innige verbondenheid van die kerk aan Jesus Christus en aan sy Woord bepaal dus in die eerste plek die kerklike tug en kwalifiseer dit as "geestelik".

Geestelik kragtens die objek:

Die geestelike karakter van die kerklike tug word ook bepaal deur die objek wat bedien word d.i. die gemeente van Jesus Christus. Die tugmag in enger sin van 'n kerkraad is beperk tot sy lidmate. Sodra die kerkraad buite hierdie kring tree oorskry hy sy grense. Die tug word dus uitgeoefen op gelowiges wat toegerus moet word om hulle dienswerk te verrig (Ef. 4:12). Om dit baie realisties maar tog baie duidelik te stel, 'n kerkraad is nie besig om 'n gimnastiekspan af te rig nie, hy is besig met gelowiges die volk van God.

...../Hy is

Hy is besig met die opbou van die liggaam van Christus, tot bevestiging van hulle geloof, tot vermaning en vertroosting van sondaars sodat hulle hulle roeping as gelowiges kan vervul. So is die objek van die tughandeling medebepalend vir die "geestelike" karakter daarvan.

Geestelik kragtens die wyse:

Aangesien die kerklike tug namens Christus die Hoof van die kerk midde in sy gemeente uitgeoefen word bepaal dit ook die metode en wyse vand ie tughandeling wat medebepalend is vir die "geestelike" karakter daarvan.

Hiermee word bedoel dat die ouderlingamp, deur Christus verorden om die tug te handhaaf, dit op 'n besondere wyse moet doen. Hulle is diensknegte van Jesus Christus (1 Kor.4:1). Hulle is gesante van Christus (2 Kor. 5:20). Die sorg van die kudde is aan hulle toevertrou waarvan hulle aan Christus die Opperherder rekenskap moet gee.

Dit maak dit van intense belang dat daar op 'n "geestelike" wyse opgetree sal word. Hieruit vloei dan dat die tughandeling bedienend van aard is, dit moet gedra word deur die beginsel van die liefde. Die wapen wat hanteer word is die Woord van God waarmee oortuig, vermaan, gewaarsku en bestraf moet word. Om dit weereens baie prakties en realisties te stel: 'n kerkraad het nie 'n kweperlat in die konsistorie ('n mens het partymaal lus om dit te doen maar dit mag nie) waar oortreders agt of tien houe ontvang na gelang van sy oortreding nie. Nee, met die Woord in die hand moet die sondaar oorredend tot bekering vermaan word. Tughandeling in die kerk is nooit dwingend nie. Dit mag nooit lei tot 'n bloot uitwendige, opgelegde, afgeperste en dus farisese gehoorsaamheid nie maar moet steeds lei tot 'n verantwoordelike, eerbare, onderdanige geloofslewe. Daarom dat die eis tot voortdurende lankmoedige vermaning soos 'n goue draad deur die tughandeling lê. Die "geestelike" karakter van die tug vereis dit.

Hierdie konstitutiewe element ('n beginselbepaling) in art. 71 van ons Kerkorde is natuurlik maar slegs 'n kerkordelike weergawe van wat ons bely: "Ons glo dat hierdie ware Kerk

...../geregeer

geregeer moet word volgens die geestelike bestuurswyse wat onse Here ons geleer het in sy Woord ..... dat ook die oortreders op geestelike wyse gestraf en in toom gehou kan word....." (N.Gb. art. 30).

Teenoor die burgerlike straf:

Om die "geestelike" van die kerklike tug soveel sterker te beklemtoon word dit gekonstrateer met die burgerlike straf. Die kerklike tug mag nie op een lyn daarmee gestel word nie. Die kerklike tug kom ook nie in die plek van die burgerlike straf of andersom nie. Die een is ook nie aanvullend by die ander nie. Staat en kerk tree selfstandig op, elk op eie terrein en met eie metodes.

Waar die kerklike tug "geestelik", opvoedkundig, oorredend, vermanend, dienend in die Naam van Christus optree is die burgerlike straf in wese juridies vergeldend. Die owerheid moet heers oor sy onderdane en toesien dat wet en orde gehandhaaf word. Die owerheid kan deur sy burgerlike straf dus dwingend optree. Hy hanteer die mag van die swaard. In die klassieke hoofstuk wat hieroor handel Rom. 13 staan die volgende: "Maar as jy kwaad doen vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen te straf", (vs. 4). Die burgerlike straf het te doen met die natuurlike lewe.

Wat is verhouding tussen kerklike en burgerlike straf:

Dit is nogal 'n belangrike vraag vir kerkrade. Soms word hieroor gestruikel. Die deurslaggewende beginsel wat hier geld is dat elkeen op eie terrein selfstandig beoordeel en optree volgens eie metodes en met eie doeleindes.

In die praktyk kom dit daarop neer dat die kerk tug mag toepas by volharding in 'n sonde waaroor die burgerlike owerheid moontlik volkome sal swyg. Andersom kan dit ook gebeur dat die burgerlike straf voltrek word of nog uitgedien word terwyl dit kerklik al afgehandel is. By betuiging van waaragtige berou mag kerklike tug nie meer gehandhaaf word nie. Waar iemand nog 'n burgerlike straf uitdien maar alreeds berou betoon het en 'n kerkraad oortuig is van die

...../waaragtigheid

waaragtigheid van die berou, kan daar hoogstens 'n gewone afhouding van die sakramente wees om ontydige beroering in die gemeente te voorkom.

Die selfstandigheid van kerk en owerheid moet maar steeds in gedagte gehou word.

3. Die doel van die kerklike tug:

Die eer van God:
Die eerste en natuurlik belangrikste doel van die tug is die handhawing van die eer van God. Ons sê so maklik: die eer van God moet gedien word. Wat bedoel ons in die onderhawige onderwerp presies daarmee.

Wat is die kerk?
Om presies te verstaan wat by tughandeling met die handhawing van die eer van God bedoel word, moet ons weet wat die verband van God met die kerk is.

Wat is die kerk?
Die kerk is die vergadering van die gelowiges waarvan Christus die Hoof is. Dit is 'n intieme organiese verbintenis. As Hoof is Hy aan die gemeente gegee "wat sy liggaam is", (Ef. 1:22,23). Ook ander beelde uit die H.Skrif beklemtoon die innige eenheid. Jesus is die Wynstok en die gelowiges die lote. Jesus is die Hoeksteen en die gelowiges die gebou wat daarop verrys. Jesus is die bruidegom en sy kerk sy bruid. Die Here se Naam is dus aan sy kerk verbind. Dit is sy eiendom, gekoop met die bloed van Christus, gereinig en geheilig deur die H.Gees.

Naam daaraan verbind:
As ons naam aan 'n instelling verbind is, 'n organisasie of 'n besigheid, en skande sou dit tref, sal dit beteken dat ons goeie naam mede in die gedrang kom. So is dit met die Naam van die Here, so intiem verbind aan sy kerk. Die sonde wat besoedel en verneder bring die Naam van God in oneer. Hy het juis sy Naam aan sy kerk verbind sodat dit sy lof sal verkondig, sy Naam sal bely en heilig, en onberispelik in

...../die

die wêreld sal wandel. Wanneer die sonde dus ongestraf voortwoeker word die skyn gewek dat Gods Woord kragteloos is en dat God 'n leuenaar is. Die vyande spot met Hom wat vir Hom 'n gemeente van verlostes wil vergader, maar kyk net na sy volk, so redeneer hulle, dit is 'n spelonk van rowers, hoereerders, kwaadsprekers ens. Daarom mag die kerk terwille van die eer van sy Naam, die sonde nie ongestraf laat bly nie.

Calvyn:

Calvyn het dit mooi saamgevat: As die kerk mense wat 'n goddelose lewe lei in sy midde duld, word daardeur die heilige Naam van God smaad en oneer aangedoen. Die kerk is die liggaam van die Here. Daarom kan dit nie net met 'n skandelike lewe besmet word sonder om Christus die Hoof, smaadheid aan te doen nie, (Inst. IV xii 5).

Moet erns daarmee maak:

Dit is baie duidelik, met hierdie hoogste doel voor oë, moet ons erns maak met die kerklike tug. Die liefde vir onse God moet die kerk dring, 'n heilige entoesiasme opwek om die tug te handhaaf. Hy het immers vir Hom "'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat hulle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig (1 Petr. 2:9)".

'n Kerk wat hierdie hoogheerlike waarheid buite sy blikveld laat vervaag en verdwyn is ontrou aan sy roeping en die naam kerk van Jesus Christus onwaardig.

'n Tweede doel van die kerklike tug word aldus geformuleer: "om die sondaar met die kerk en sy naaste te versoen".

Calvyn:

Johannes a'Lasco het in 1555 in sy Forma ac Ratio, 'n handleiding oor kerkregtelike en liturgiese sake, die doel van die tug formuleer as: om die kerk suiwer te hou en om die afwykendes weer terug te bring.

...../Dit is

Dit is volkome in lyn met Calvyn wat as derde doel van die tug aanmerk dat die sondaars beskaamd sal word en berou oor hulle sondes sal hê (2 Thes. 3:14). (Vgl. Inst. IV XII, 5).

Gereformeerde konfessies:

Die gereformeerde konfessies is in lyn hiermee. Ons verwys na die Westminster konfessie hst. 30. Daar word bepaal "church censures are necessary for the reclaiming and gaining of offending brethren". In die N.Gb. art. 30 en 32 bely ons dat daar 'n kerkraad moet wees sodat "ook die oortreders op geestelike wyse gestraf en in toom gehou kan word (art. 30)".

Die sondaar as voorwerp:

Die sondaar wat volhard in sy sonde moet dus van sy dwaling afgebring word en opgeroep word tot berou en bekering. In die kerkorde word dit egter op 'n uitsonderlike manier geformuleer "om die sondaar met die kerk en sy naaste te versoen".

Dit is opmerklik dat nie 'n enkele van die bekende verklaringe van die kerkorde vanuit gereformeerde standpunt besien (Vgl. Bouwman, Jansen, Ritgers, Kruger e.a. : Handleiding) nader ingaan op die betekenis van hierdie formulering nie.

Die probleem is voor die hand liggend. Waarom staan daar nie dat hy met God versoen moet word maar wel met die kerk en sy naaste? Dit het die skyn van 'n ongerymdheid selfs van 'n kerkistiese dwaling. Versoening word vereenselwig met Christus en deur Hom met God. En tog word die berou en bekering van die sondaar hier omskryf as 'n versoening met die kerk en sy naaste. Nauta, in sy Verklaring van de Kerkorde, wend wel 'n poging aan om dit te verduidelik. Ons stel hom aan die woord: "Wy mogen en kunnen er niet mee tevreden zÿn dat de rechte verhouding tot God en zÿn Christus weer wordt hersteld. In die afdwalingen en als een gevolg daarvan is veelal aan de kerk en aan bepaalde naasten te kort gedaan. Indien het zo is dat aan de kerk en aan bepaalde naasten, ik zeg niet materiële schade, maar zedelÿk en geestelÿk

...../kwaad is

kwaad is aangedaan, dan spreekt het vanzelf dat, indien het de afgedwaalde ernst is met zÿn berouw en zÿn wederkeer, hy niet mag aarzelen zulks te tonen ook in zÿn houding tegenover de kerk en de desbetreffende naasten persoonlÿk. Er moet verzoening komen. Verzoening betekent een goede verstandhouding en vrede, een toestand waarin er niets meer in de weg staat en alles effen is gemaakt en effen kan blÿven".

Dit is duidelik Nauta het met 'n verwarring van begrippe nog nie tot die kern van die bepaling deurgedring nie. Om maar iets te noem: hy maak van versoening met God in Christus 'n aparte saak en versoening met kerk en naaste weer 'n ander saak terwyl slegs laasgenoemde in die betrokke bepaling genoem word. Verder reduseer hy hierdie formulering as doel van die tug tot 'n blote hipotetiese geval: "indien het zo is dat aan de kerk en aan bepaalde naasten..." Die rede waarom daar versoening met die kerk en naaste moet wees vereng en verflou Nauta tot 'n niksseggende "te kort gedaan" aan genoemde instansies. Ons waardeer Nauta se poging tot 'n verklaring maar ons is oortuig daarvan dat hy nie tot die wese van die bepaling deurgedring het nie.

'n Genuanseerde formulering:

Ons het hier weereens met een van daardie formuleringe te doen waarmee die opstellers van die Kerkorde 'n fyn onderskeiding maak en vanuit 'n bepaalde beginsel uitgaan.

Wat is die kerk?

Om te verstaan wat met dié doelstelling bedoel word moet weereens die kernvraag gevra word, wat aan die hele Kerkorde ten grondslag lê: wat is die kerk? Ons is onmiddellik reg met 'n antwoord: dit is die vergadering van die gelowiges. Dit is korrek. En tog, in hierdie spesifieke formulering van art. 7 lê ten grondslag die bepaalde beeld wat die Heilige Skrif gebruik vir die kerk t.w. die liggaam van Christus. So skryf Paulus aan die Efesiërs dat die gemeente "sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul". (Ef. 1:22,23). Hier word die liggaam onafskeidbaar aan Jesus Christus die Hoof verbind. In Hom bestaan die liggaam

...../en in

en in Hom het die liggaam alles wat hy nodig het. Hy vul die liggaam. Greÿdanus sê hiervan: "De Here Christus stort a.h.w. al zÿn volheid van genade al hetgeen Hy verwierf door zÿn Middelaarswerk, over in zÿn gemeente. Zÿ heeft mit gods van zichzelf. Al wat zÿ is, en al wat zÿ heeft, heeft zÿ van den Here Christus, van Hem, die van zich uit alles opzichten vervult". (K. Verkl. by Ef. 1:23).
In soortgelyke sin skryf Paulus aan die Kolossense: die liggaam leef uit en met sy Hoof Christus en is in Hom saam verbind. (Kol. 2:19).

Die bepaling van die K.O. wil dus beklemtoon dat die hardnekkige sondaar in sy volharding wegdryf van die kerk wat die liggaam van Christus is. 'n Wegdryf van die liggaam beteken losmaking van die Hoof Jesus Christus. Hy wil nie buig onder die juk van Christus nie (N.Gb. art. 29).

Om met die kerk te versoen beteken, dus nie om maar net 'n getroue gehoorsame lid te word van 'n organisasie wat hom besig hou met die Christelike godsdiens nie. Dit is Rooms en 'n uiterste vorm van kerkisme. Om met die kerk versoen te raak beteken om 'n lewende lid te word van die liggaam van Christus één met sy Hoof en daarom met Hom versoen. Versoening met die kerk as sigbare instituut is in sy diepste wese dus versoening met en in Jesus Christus die Verlosser en Middelaar.

<u>Ook met die naaste:</u>
Nou eers kan die laaste lid van die doelstelling reg verstaan word. Omdat die liggaam 'n organiese eenheid is deur die gemeenskaplike geloof in Jesus Christus en intiem saam verbind is, beteken inlywing in die kerk as liggaam van Christus ook versoening met die naaste. So bepaal art. 71 "die sondaar met die kerk en sy naaste te versoen". Die sonde slaan uiteen. Dit laat die lidmaat wegdryf van die kerk. Die genade in Christus bind saam en versoen gelowiges met mekaar tot een liggaam.
Weereens 'n bewys dat ons Kerkorde wat sy konstitutiewe elemente aanbetref gegrond is op die Woord van God.

...../Dit geld

Dit geld ook vir hierdie bepaalde doelstelling. So skryf Paulus aan die Korinthiërs: "Maar nou is daar wel baie lede, maar net een liggaam. En die oog kan nie vir die hand sê: ek het jou nie nodig nie; of ook die hoof vir die voete: Ek het julle nie nodig nie.
..... sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar mag dra. En as een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly (1 Kor. 12:20,21,25 en 26)".

Dit is wat die Kerkorde hier stel as doel van die tug. Die weggedwaalde moet terug geroep word. Hy moet hom laat versoen met sy medegelowiges wat saam die ekklesia, die uitgeroepenes, die liggaam, die versoendes met Jesus Christus die Hoof is. Versoening met die kerk en versoening met die naaste is in sy diepste wese dus versoening met God deur Jesus Christus wat sy liggaam vrygekoop het met die kosbare prys van sy bloed.

'n Derde doel van die kerklike tug is geformuleer: "om die aanstoot uit die gemeente van Christus weg te neem".

Die heiligheid en heil van die gemeente is iets waarmee die kerklike tug baie nou te doen het.

Calvyn en kerkbegrip:
Calvyn het reeds die belangrikheid van hierdie doel onderstreep. Hy verklaar: "Die tweede doel is dat die goeie deur gedurige omgang met die kwade nie bederf sal word soos wat dit gewoonlik gebeur nie. Want ons is so geneig tot afwykinge dat ons deur niks makliker as deur 'n slegte voorbeeld van die regte weg van die lewe afgelei word nie. Die nut hiervan het die apostel Paulus aangewys toe hy die Korinthiërs gebied het om die bloedskender uit hulle gemeenskap te verwyder. 'n Klein suurdeeg, sê hy, maak die hele deeg suur (1 Kor. 5:6,11). En hy het hierin so 'n groot gevaar gesien dat hy hulle selfs alle gemeenskap met die bose verbied het. Indien iemand, so sê hy, wat 'n broeder genoem

...../word

word, 'n hoereerder is, of 'n gierigaard, of 'n afgodedienaar, of 'n dronkaard, of 'n lasteraar, so laat ek nie toe dat u met sodaniges eet nie" (Inst. IV, 12,5).

Uit hierdie formulering van Calvyn is dit weereens duidelik dat die kerkbegrip ook in hierdie doel 'n deurslaggewende faktor is. Die kerk is die liggaam van Christus en dit moet as 'n organiese eenheid met die Hoof, Jesus Christus, heilig gehou word. Christus het geen gemeenskap met die sonde nie. Die amp van die gelowige, én die besondere ampte het die roeping om die sonde te weer en uit die liggaam uit te ban.

Dit bederf die liggaam.
As die sonde nie teëgegaan word nie, woeker dit voort en werk bederwend deur na die ander ledemate van die liggaam. Dit is presies soos met ons stoflike liggaam. 'n Ernstige kwaal, kom ons noem kanker as 'n sprekende voorbeeld, mag in die liggaam gelokaliseer wees, maar op die lang duur ondermyn dit die hele liggaam. Dit teer uit, word verswak, totdat die dood intree. 'n Sondaar wat volhard in 'n ergerlike openbare sonde, breek veel goeds af. Dit is soos slegte saad wat uitgestrooi word, dit skied wortel in die bedorwe mensehart en dra uiteindelik veel vrug. Die slegte voorbeeld vind navolging. As die kwaad maar geduld word en nie daarteen opgetree word nie, wek dit die indruk dat dit eintlik geen kwaad is nie. So vind die kwaad spoedig navolgers. Die gemeente moet dus teen die verleiers en hulle verleidinge gewaarsku word. Hulle mag geen gemeenskap met hulle hê nie sodat hulle nie self deur die sonde besmet word nie. Paulus beklemtoon hierdie waarheid: "Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees - soos julle inderdaad ongesuurd is - want ook ons Paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus" (1 Kor. 5:6,7).

Die valse en die ware moet van mekaar onderskei en ook geskei word. Soos Bouwman sê: "Dan wordt de gemeente bewaard bij de eenheid en de zuiverheid, dan worden de swakken gesterkt

...../en

en afgeschrikt van het kwaad, dan groeit de geheele gemeente op tot een heiligen tempel in den Heere" (Geref. Kerkrecht, II, p. 606).

'n Struikelblok.

In die redaksie van art. 71 staan dat die aanstoot (Engels: offence) uit die gemeente weggeneem moet word. In die Grieks word die gedagte die beste weergegee deur skandalon wat letterlik 'n valstrik of struikelblok beteken. Dieselfde woord gebruik Jesus teenoor Petrus "... jy is vir my 'n struikelblok" (Matt. 16:23). Ons is van nature maar te geneig om 'n slegte voorbeeld na te volg. So word die sonde 'n aanstoot, 'n struikelblok in die weg van die gelowige sodat hy nie sy roeping kan vervul nie.

Kwaadsprekers se tong gesnoer.

Indien dan nou deur tugbehandeling die struikelblokke uit die gemeente geweer word, word daarmee die eer van die kerk bewaar. Daar word in die reël met baie krities-ingestelde oë na die kerk gekyk. Die sogenaamde "kerkmense" se sondes word maar te graag aan die groot klok gehang en so maklik word van 'n partikuliere, geïsoleerde geval gespring na veralgemening: "Ja, so is die kerk 'n klomp huigelaars wat jy maar nie kan vertrou nie". Die vyande van Christus en sy kerk sit maar te gou gereed om verdenking te saai en die kerk in diskrediet te bring. Hierteen moet met alle mag gewaak word. Die middel tot waaksaamheid is die kerklike tug. Daar moet vroegtydig met beslistheid en met 'n ferme hand opgetree word. Die kerk moet toon dat dit hom erns is om in hierdie wêreld met al sy sonde en verderf, die gestalte van Christus te vertoon.

Die oordeel afgeweer.

Die verwaarlosing van die tug bring ook die gemeente onder die oordeel van God. Wanneer openbare goddeloosheid binne die kerk geduld word, stry dit met die heiligheid van die liggaam van Christus. En wanneer die sondaar met sy ergerlike openbare sondes toegelaat word tot die sakramente, ontheilig dit die verbond van God en word sy toorn oor die hele gemeente verwek.

...../Die

Die vraag is nou waarom die hele gemeente hierdeur geraak word. As een sondaar hom vergryp of as die kerkraad nalatig is in die tughandeling, waarom moet die hele gemeente daarvoor boet?

Ons meen hierop moet tweërlei antwoord gegee word.

- Dit beklemtoon weereens die organiese eenheid van die gemeente as liggaam van Christus. As een lid ly, ly al die lede saam; as een lid oortree, werk dit deur na al die lede.

- Die tughandeling berus primêr by die gemeente. Daar begin die tughandeling in sy ruimste sin: deur onderlinge vermaning. By voortkankering van die sonde is die gemeente dus medeverantwoordelik daarvoor. Dit dwing die gemeente om erns te maak van die onderlinge toesig, om die ongereelde mense te vermaan en te bestraf, maar ook om 'n kerkraad as organe van die gemeente ernstig te vermaan as hulle nalatig is in die handhawing van die tug, want nalatigheid wek die toorn van God oor die hele gemeente.

4. <u>Die verhewe doeleindes vra om besondere optrede:</u>
Die ampsdraers moet in die uitoefening van die kerklike tug deurdring wees van die liefde van Christus. Teenoor die oortreder moet 'n gees van ontferming openbaar word. Met wysheid, versigtigheid en begrip moet opgetree word. Daar moet deur die optrede gesoek en nie weggejaag word nie.
Vgl. Gal. 6:1-3.
Die ouderling moet steeds met ootmoed optree. Hy moet bedink dat hy nie beter is as die sondaar wat voorwerp van tug is nie.

5. <u>Voorwerpe van die kerklike tug:</u>
Dit is die lidmate van die plaaslike kerk wat die kinders as dooplidmate insluit. Die kinders behoort tot die genadeverbond (Hand. 2:39). Hulle word deur die Doop as teken van die verbond in die Christelike kerk ingelyf. (Vgl. doopformulier). Hulle is ook aan die bestraffing van die kerk onderworpe.

Die Sinode van 1961 het 'n besluit van 1916 herroep wat dooplidmate as inkompleet beskou en dus nie afgesny kan word nie

...../maar

maar wie sy lidmaatskap by volharding in oortreding op dertigjarige leeftyd verval. Die Sinode 1961 het die besluit van 1904 gehandhaaf: "dat ook doop-lidmaten onderworpen zÿn aan de toepassing van censuur en afsnÿding" (art. 102). Die Sinode 1961 het gehandhaaf dat dooplidmate net soos volwassenes onderworpe is aan die kerklike tug, dit is egter net 'n inkomplete tug insover dissiplinêre afhouding van die sakramente (art. 76) nie op hulle van toepassing is nie. By dooplidmate moet in plaas daarvan met vermaninge volstaan word. Die openbare sensuur oor dooplidmate begin dus met art. 77 en eindig by afsnyding.

ARTIKELS 72 en 73

As iemand dan ten opsigte van die suiwerheid van die leer of vroomheid van die wandel sondig, moet, in sover dit heimlik is en geen openbare aanstoot gegee het nie, die reël onderhou word soos Christus duidelik in Mattheus 18 voorskrywe.

Die heimlike sondes waaroor die sondaar berou het nadat hy deur een persoon afsonderlik of in teenwoordigheid van twee of drie getuies vermaan is, moet nie voor die kerkraad gebring word nie.

1. Waaroor gaan die tug?

   Die Sinode van Emden 1571 het al hierdie artikel geformuleer. Dit het daarna tot by Dordt geringe redaksionele veranderings ondergaan.

   Die art. bepaal dat tug toegepas word oor tweërlei sake t.w. as iemand sondig t.o.v. die suiwerheid van die leer of die vroomheid van die wandel, dus oor leer en lewe.
   Waarom oor die leer?
   Die Kerk is geroep om die Evangelie suiwer te verkondig (N.Gb. art. 29) en om valse leer te bestry. Die kerk is pilaar en grondslag van die waarheid (1 Tim. 3:15). Dit lê ten grondslag aan artikels 53, 54 en 55 K.O. Die konfessie is die middel waardeur die kerk uitdrukking gee aan die suiwere leer. Dit moet gehandhaaf word. Die konfessie is dan ook akkoord van gemeenskap tussen gelowiges. Dwaling in die leer slaan 'n bres in dié gemeenskap van gelowiges en vergryp hom aan die gesag van die Woord wat d.m.v. die konfessie gehandhaaf word omdat dit aanvaar word as in ooreenstemming met die Woord. Die Woord moet ons ganse lewe beheers.
   Lidmate wat dus van die leer van die kerk afwyk en daarin volhard is tugwaardig. Natuurlik, die sondaar wat die waarheid van Gods Woord aantas vergryp hom daarmee aan die eer van God wat Homself in sy Woord bekend maak.

   Uit die suiwere leer wat gehandhaaf moet word, vloei die voorbeeldige lewe. Leer en lewe is onlosmaaklik aanmekaar

...../verbind

verbind. Daarom gaan tughandeling ook oor die lewe. Die boom moet goeie vrugte dra. Daar kan alleen tug toegepas word oor dit wat openbaar is. Die mens mag nie oor die hart van 'n ander oordeel nie. God alleen ken die geheimenisse van die hart. Oordeel oor die hart bring jou in die waters van die fariseïsme en sektariese geesdrywers. 'n Kerkraad bring by tughandeling oor die lewe dus die sondaar se werke in berekening, dit wat waarneembaar is.

2. Onderskeid tussen heimlike en openbare sondes:

Die artikel stel die prosedure vas vir optrede t.o.v. sonde wat nog heimlik is en geen openbare aanstoot gegee het nie. In die Kerkorde is geen nadere aanduiding oor wat as "heimlik" beskou moet word nie. Selfs die Sinode van Emden 1571 en s'Gravenhage 1586 wou hieroor geen nadere verklaring gee nie. (Sien Jansen by die art.).

Met heimlike sonde word in elk geval nie dit bedoel wat nog in die hart gekoester word nie. Dit is in sover openbaar dat een of slegs enkele lidmate daarvan weet maar by die gemeente as geheel nog onbekend is. Dit moet dus ook nog nie openbare ergernis gegee het nie.

Die Sinode van Dordrecht 1578 het hom wel uitgespreek oor wanneer 'n sonde as openbaar beskou moet word. Dit behels drieërlei:

a. As dit in die openbaar voor mense begaan is.

b. As dit op 'n publieke plek begaan is en deur die hardnekkigheid van die sondaar tot openbaring kom.

c. As dit van so 'n gruwelike aard is dat dit openbare bestraffing verdien.

Dit is onmoontlik om 'n algemene reël neer te lê vir wat heimlik is in alle gevalle. Wanneer byv. in 'n klein gemeente 'n sonde aan vier of vyf bekend is kan dit al as openbaar aangemerk word. Dit hang dus baie van plek en omstandighede af. Elke konkrete geval moet maar op meriete beoordeel word.

...../Die tug

3. Die tug berus primêr by die gemeente:

Die art. bepaal dat in geval van heimlike sondes die weg van Mat. 18:15 gevolg moet word: Dit lui: en as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. Dit is 'n opdrag aan alle gelowiges. As iemand dus sondig is dit roeping van sy medegelowige om hom te gaan vermaan. Die gemeente moet dus self onderling tug oefen. Calvyn wys daarop dat die persoonlike vermaninge die fondament van die tug is. (Inst. IV, 12, 2). Dit hoort by die amp van die gelowige. (Vgl. Rom. 15:14; 1 Thes. 5:11; Hebr. 3:13). Die vermaning moet die karakter aanneem van 'n bestraffing.
Die gelowige mag dus nie sy verantwoordelikheid afskuif op die kerkraad nie.

Die onderlinge vermaning moet in broederlike liefde geskied. (Vgl. 1 Kor. 13:7 "dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles".)

Die onderlinge vermaning het as doel die behoud van die sondaar. (Vgl. Jak. 5:19 & 20; Gal. 6:1).
In geval van berou moet die saak as afgehandel beskou word. Dit sluit aan by die Christelike plig van die gelowige om sy naaste se goeie naam te beskerm. (Heid. Kat. vr. & antw. 112).

4. Die prosedure van Mat. 18:

In art. 73 word van die veronderstelling uitgegaan dat die prosedure volgens Mat. 18:15-17 gevolg is. Dit val uiteen in twee vermaninge:

a. Die eerste vermaning is streng persoonlik en moet onder vier oë geskied. So lui vs. 15 "gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen". Dit sien nie net op persoonlike beledigings nie maar op alle sondes wat ergernis kan veroorsaak. Indien die sondaar luister en berou betoon is daarmee die saak afgehandel. Luister hy nie volg die tweede vermaning.

b. Die tweede vermaning geskied met getuie (vs. 16). Met getuies sal die waarheid van die oortreding en die vermaning vasstaan. As die sondaar luister en berou be-

...../toon

betoon is die doel van die vermaning bereik en die saak daarmee afgehandel. By verharding in die sonde moet dit openbaar gemaak word deur bekendstelling daarvan aan die kerkraad. Daaroor word dan in die volgende artikel gehandel.

ARTIKEL 74

As iemand nadat hy deur twee of drie persone in liefde oor 'n heimlike sonde vermaan is, geen gehoor gee nie of 'n openbare sonde bedryf het, moet dit by die kerkraad aanhanging gemaak word.

1. Wanneer by die kerkraad aanhangig maak?

   Wannner die weg van art. 72 en 73 met 'n heimlike sonde gevolg is, en die sondaar na die vermaninge nie wou luister nie kry dit die karakter van 'n openbare sonde en moet dit aan die kerkraad bekend gemaak word. Verder moet 'n openbare sonde wat publieke ergernis veroorsaak het ommiddellik by die kerkraad aanhangig gemaak word. Hiermee begin die tug in enger sin.

   Die aanhangig maak by die kerkraad steun op Mat. 18:17. Daar staan wel "sê dit aan die gemeente" maar die art. is nie in stryd hiermee nie. Die kerkraad is die organe in en uit die gemeente. Hulle oefen die tug namens die gemeente. Die bevestigingsformulier sluit hierby aan. Dit verklaar dat "gemeente" hier sien op "diegene wat deur die lidmate gekies is om hulle te regeer". In 1 Kor. 5:4 is dit baie duidelik dat die tugmag hier toegesê word aan die ouderlinge in vergadering. Hulle moet saam daaroor besluit in die Naam van Christus.

2. Die wyse waarop 'n tuggeval by die kerkraad aanhangig gemaak word:

   'n Klag kan deur 'n lidmaat, 'n ouderling of selfs deur iemand buite die gemeente by 'n kerkraad ingedien word nadat die weg van art. 72 en 73 gevolg is.

...../so 'n

So 'n klag moet duidelik geformuleer wees en die aard van die sode as openbaar en as ergerlik moet duidelik daaruit spreek. In so 'n geval word dan die naam van die sondaar aan die kerkraad genoem.

In die geval van openbare growwe sondes kan die kerkraad dit ter tafel neem sonder dat daar deur iemand 'n spesifieke klag gelê is. 'n Sondaar kan ook uit eie vrye wil sy ernstige sonde by die kerkraad aanhangig maak.

3. Die doel van die bekendmaking aan die kerkraad:
Die kerkraad moet nou amptelik namens die hele gemeente, teen die sondaar met tughandeling optree. Die kerkraad moet eers 'n deeglike ondersoek instel. Dit kan ook geskied deur 'n kommissie van die kerkraad. Die ondersoek moet onpartydig wees. Die aangeklaagde moet volle geleentheid kry om sy saak te stel. Alle gegewens moet ingesamel word. Getuienis moet deeglik geweeg word. By beoordeling moet met groot versigtigheid te werk gegaan word. Die kerkraad moet waak teen 'n ligvaardige beoordeling. Die tugwaardigheid van die sonde moet bo alle twyfel vasgestel word. Indien dit vasgestel is begin die kerkraad met sy tughandeling (Sien by art. 76 e.v.).

4. Wetsbeskerming van kerkrade en ampsdraers in tugsake:
(Sien Acta Sin. 1942 art. 46.)

Wetsbeskerming hou die volgende in:

i. Kerkrade word wetlik beskerm in tugsake teen lidmate van die plaaslike kerk solank hulle streng binne die bepalinge van die K.O.bly.

ii. Ampsdraers het geen privilege om in die hof vertroulike inligting oor 'n persoon terug te hou nie. Hulle kan egter by die hof verlof vra om die feite waaroor hulle beskik nie te openbaar nie, aangesien die saak streng vertroulik behandel was.

iii. Geen ampsdraer mag sonder toestemming van die kerkraad in 'n wetsproses in verband met 'n kerklike handeling getuienis aflê nie.

iv. Indien die voorsitter of skriba van 'n kerkraad gedagvaar

...../word

word om in 'n saak te verskyn en aangesê word om die notuleboek saam te bring moet die kerkraad vooraf opgeroep word en 'n besluit neem sodat die gedagvaardes namens die kerkraad om privilege kan pleit.

v. Iemand wat wettig gedagvaar is om getuienis af te lê moet voor die hof verskyn. Hy kan egter om privilege pleit en weier om oor die handeling van die kerkraad getuienis af te lê as die hof nog nie uitspraak gedoen het oor sy pleitgrond van bevoorregting nie.

vi. Wanneer 'n lasteraksie uit 'n tughandeling voortkom, verval die privilege as bewys is dat daar by die verweerder persoonlike vyandigheid of verkeerde beweegredes of slegte trou of blote oordrywing of die opset tot skewe voorstellings aanwesig was.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat die vertroulike karakter van kerkraadsvergaderings gerespekteer word by die wêreldlike hof. Dit moet dus streng gehandhaaf word.

ARTIKEL 75

Die versoening oor alle sondes wat uit hulle aard of deur veragting van die kerklike vermaninge openbaar geword het, moet, as daar genoegsame tekens van boetvaardigheid is, in so 'n vorm en op so 'n wyse plaasvind soos elke kerkraad dit vir die stigting van die kerk nodig oordeel. Indien daar verskil is in die kerkraad oor die vraag of die versoening in bepaalde gevalle in die openbaar moet plaasvind, moet daaroor met advies van twee naburige kerkrade beslis word.

1. Wat word bedoel met "versoening".

Onder versoening word verstaan die kerklike handeling met 'n sondaar, wat na skulderkentenis en betoning van berou, in die openbaar kwytskelding van die tughandeling ontvang en

...../weer in

weer in die volle regte van 'n lidmaat herstel word. Heimlike sondes moet deur private vermaning tot versoening gebring word.

Die artikel oor die versoening gaan die artikels waarin die tugprosedure behandel word, vooraf. Dit beklemtoon dat die versoening van die sondaar met die gemeente die doel van die tughandeling is.

Die artikel handel slegs oor die versoening van openbare sondes. In die burgerlike lewe moet die sondaar gestraf word ongeag of hy berou het of nie. Daar is straf die herstel van die geskonde reg. Daarom korreleer die straf met die oortreding. By die tug is dit andersom. Die sonde word vergewe na waaragtige berou.

2. Die vereistes vir die versoening:

Die kerke moet oortuig wees van waaragtige, opregte, boetvaardigheid en berou. Voor versoening moet daar deeglike bewys wees van die berou. Dit moet deur die lewenswandel bevestig word. Verder moet die ergernis ook eers uit die gemeente weggeneem word. Die kerkraad hoort by elke vergadering te besin of by die lidmaat wat onder kerklike tug is, tekens van boetvaardige berou is en verbetering in die lewenswandel. Wanneer die berou dan aanvaar word, word die tug opgehef en vind die versoening plaas.

3. Die wyse van versoening:

Die art. bepaal hieromtrent dat die versoening "in so 'n vorm en op so 'n wyse plaasvind soos elke kerkraad dit vir die stigting van die kerk nodig oordeel". Daar is twee moontlike maniere waarop die versoening sal plaasvind: voor die kerkraad alleen of in die openbaar voor die gemeente. Die kerkraad moet oordeel wat tot die meeste stigting sal dien.

Wat word nou in berekening gebring by 'n beslissing oor 'n openbare versoening al dan nie?
Ons meen die aard van die bedrewe kwaad, die bekendheid daarvan, die ergernis wat dit in die gemeente veroorsaak het moet in berekening gebring word.

...../Verder

Verder moet gevra word <u>eerstens</u> wat die meeste tot eer van God sal strek en
<u>tweedens</u> wat sal dien tot meerdere stigting van die gemeente en
<u>derdens</u> wat die mees bevorderlike vir die sondaar sal wees.

By ernstige openbare leerdwalinge is openbare versoening wenslik. Met die oordeel van die liefde moet die sondaar beskerm word teen spotterny.

4. <u>Meerdere advies by openbare versoening:</u>
Die artikel bepaal dat as 'n kerkraad nie tot eenstemmigheid kan kom oor openbare versoening nie die advies van twee naburige kerkrade gevra moet word. "Met advies" het hier die betekenis van medebeslissend. Daar moet wedersydse ooreenstemming bereik word en so moet tot 'n gesamentlike beslissing geraak word.

5. <u>Die vorm van versoening:</u>
Die artikel bepaal slegs dat die vorm van versoening die stigting van die gemeente moet dien. Indien die versoening slegs voor die kerkraad plaasvind of soos dit vandag feitlik reël is voor 'n kommissie van die kerkraad moet dit aan die gemeente meegedeel word om die ergernis geheel uit die gemeente weg te neem.

As dit in die openbaar voor die gemeente plaasvind kan gewys word op die karakter van die sonde en voorts op die egtheid van die berou. Die bedoeling is om die sondaar met die gemeente te versoen sodat die een die ander hoër sal ag as homself. (Fil. 2:3).

ARTIKEL 77

Diegene wat na afhouding van die sakramente en na herhaalde vermaninge geen teken van boetvaardigheid laat blyk nie, maar hardnekkig in die sonde volhard, moet eindelik met die laaste tugmiddel, die afsnyding, van die gemeenskap van die kerk afgesny word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

Die finale afsnyding moet voorafgegaan word deur drie openbare afkondiginge daarvan aan die gemeente, waarin vermeld moet word wat die oortreding van die sondaar is, dat daar veel arbeid aan hom bestee is deur bestraffing, afhouding van die sakramente en menigvuldige vermaninge en dat hy hom nie bekeer het nie. In hierdie afkondiginge moet die gemeente opgewek word om met die sondaar te spreek en vir hom te bid.

By die eerste afkondiging moet die naam van die sondaar, om hom enigsins te spaar, nie genoem word nie.

By die tweede moet met advies van die klassis ook sy naam genoem word.

By die derde moet aan die gemeente bekend gemaak word dat die sondaar, as hy hom nie bekeer nie, van die gemeenskap van die kerk afgesny sal word, sodat sy afsnyding met die stilswyende bewilliging van die gemeente kan plaasvind as hy hardnekkig bly.

Die kerkraad bepaal die tyd wat vir elke afsonderlike geval tussen die drie afkondiginge moet verloop.

1. <u>Inleiding:</u>

   Die artikel handel oor die verdere tughandeling nadat art. 76 toegepas is en daar geen berou en bekering by die sondaar is nie. Na afhouding van die sakramente, (art. 76 stille sensuur - niks hiervan word aan die gemeente bekend gestel nie) volg nou art. 77 wat handel oor die groot ban oor die afsnyding van die gemeente. Volgens die formulering van die art. kan art. 77 nooit toegepas word nie, alvorens art. 76 nie eers in sy volle konsekwensie toegepas is nie.

...../Die Skriftuurlike

Die Skriftuurlike regsgronde vir die afsnyding is onlosmaaklik verbind aan die toepassing van art. 76. Die hardnekkigheid van die sondaar, sy onwil om met die sonde te breek en sy onbekeerlikheid moet bo alle twyfel vasstaan. Dit word dan roeping van die kerkraad om hom namens Christus uit te sluit uit die gemeenskap van die Christelike kerk.

2. Die drie afkondigings aan die gemeente:

In die omgangstaal word gewoonlik gespreek van die"drie trappe van sensuur". Dit kan maklik die foutiewe indruk wek dat elke trap 'n swaarder straf oplê. Wesenlik is aldrie besig met afsnyding. As ons die spraakgebruik van trappe oorneem word daarmee slegs bedoel drie fases in die proses van afsnyding waarin die gemeente moet saamwerk om te kom tot die finale afsnyding. Die kerkraad as organe van die gemeente bedien die tugmag van Christus, namens die gemeente en t.o.v. kerklidmaatskap is die gemeente ook medebeoordelaars soos verder uit die behandeling van die art. sal blyk.

2.1 Die eerste afkondiging:

(eerste trap van sensuur)

In die eerste afkondiging, of eerste trap van sensuur, stel die kerkraad aan die gemeente bekend dat hy na veelvuldige vermaninge genoodsaak is om 'n br. (sr.) onder die eerste trap van sensuur te plaas. In die eerste afkondiging word die naam van die sondaar nog verswyg. Die klem val eerder op sy hardnekkigheid, sy onberoulikheid van hart deur nie met die sonde te breek nie. Die aard van die sonde, die gebooie waarteen hy oortree het, word ook genoem.

Die gemeente is nie bloot passief nie. Die afkondiging dien juis daartoe om die gemeente te betrek. Die gemeente word opgewek om vir die sondaar te bid. Dit moet 'n gemeente tot droefheid stem dat die kerkraad genoodsaak is tot so 'n stap. Met 'n heilige deernis moet so 'n sondaar deur die gemeente se gebede gedra word.

...../Die Sinode

Die Sinode 1961 het besluit (Acta p. 126) dat die gewone tugprosedure gevolg word vir dooplidmate as vir volwassenes, met in agneming van die inkompleetheid van hulle lidmaatskap. By art. 76 sal dooplidmate dus net vermaan word maar art. 77 is vir hulle ook van toepassing.

2.2 Die tweede afkondiging:
(tweede trap van sensuur)
Die tweede trap van sensuur kan eers toegepas word na weereens herhaalde vermaninge en intensiewe aandag aan die sondaar.

Voor die tweede trap moet ook eers die advies van die Klassis ingewin word.

Waarom die advies van die Klassis?

Indien nou verder gegaan word met die tughandeling neem die erns daarvan toe omdat nader beweeg word na die finale afsnyding. Die advies van die Klassis is nodig om moontlike partydigheid by die kerkraad uit te skakel, asook om die hoogste mate van regverdigheid teenoor die sondaar te waarborg.

Dit moet duidelik wees, die tugmag berus by die plaaslike kerk. Die Klassis adviseer slegs om bogenoemde redes. Die gewig van die stap noodsaak die kerkraad om sodanige advies in te win en wil dan graag op sterkte daarvan voortgaan met sy tughandeling.

Mense bly feilbaar. Hier bly die Klassis waar meer kerke saamkom 'n veiligheidsklep.

'n Klassis moet dus nagaan of die prosedure wat die Kerkraad gevolg het in alles klop met Skrif en K.O. Die hele prosedure in die tughandeling moet gekontroleer word sodat geen onreg die sondaar aangedoen word nie. Daarom is dit nodig dat die notuleboeke van die kerkraad aan die Klassis beskikbaar gestel sal word.

By die tweede afkondiging word dieselfde vermeld as by

...../die eerste

die eerste afkondiging met die VERSKIL dat nou ook die NAAM van die sondaar aan die gemeente bekend gestel word. Die naam word genoem sodat die gemeente die lidmaat kan vermaan en vir hom kan bid.

Natuurlik moet die besluit tot die tweede trap van sensuur weereens aan die lidmaat oorgedra word.

2.3 Die derde afkondiging:

(derde trap van sensuur)

Die derde afkondiging is bloot 'n bekendstelling aan die gemeente met dieselfde inhoud as die vorige met die byvoeging dat as die sondaar hom nie bekeer nie, hy van die gemeenskap van die kerk afgesny sal word.

Die tyd tussen die afkondiging en afsnyding moet sodanig wees dat die sondaar nog weer ernstiglik vermaan kan word en hy kan besin oor sy verharding in die sonde.

Die kerkraad bepaal die tyd wat tussen die drie afkondiginge moet verloop. Elke geval moet op eie meriete beoordeel word. Die houding van die sondaar en die graad van verharding sal hier 'n belangrike woord meespreek, asook die beroering wat in die gemeente deur 'n betrokke geval veroorsaak is.

Goue reël bly, geduld, lankmoedigheid, haas jou langsaam wat beslis nie dieselfde is as lamsakkerigheid in die toepassing van die tug nie. Daar moet ferm opgetree word maar sonder oorhaastigheid.

Nadat al die vermanings onder art. 76 en by die drie trappe van art. 77 vrugteloos geblyk het en die sondaar hom bly verhard teen God en sy Woord word oorgegaan tot die afsnyding.

3. Die afsnyding:

Met afsnyding word bedoel dat 'n lidmaat uit die gemeenskap van die kerk uitgesluit word. (Vgl. 1 Kor. 5:2,13). Met afsnyding word hom dus alle regte en voorregte wat verbonde

...../is aan

is aan lidmaatskap van die kerk van Christus ontneem. Dit sluit aan by ons belydenis. (Heid. Kat. vr. 85, N.Gb. art. 32).

Die afsnyding moet geskied volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is. Die afsnyding is vanselfsprekend 'n baie ernstige saak. Dit kan nie maar aan die willekeur van 'n predikant oorgelaat word nie. Dit is die gemeente met sy organe die ouderlinge wat 'n lidmaat uit sy midde uitban. Daarom dat dit moet geskied met 'n formulier wat deur al die kerke in kerkverband goedgekeur is.

Formeel geskied die afsnyding met die lees van die formulier. Natuurlik kan dit alleen geskied in opdrag van die kerkraad. Die aanhoor van die formulier beteken dat die gemeente stilswyend sy goedkeuring daaraan heg. Vir die gemeente is so 'n afgesnedene soos 'n heiden en tollenaar. Daar moet vir hom gebid word en die formulier roep die gemeente selfs op om hom nog steeds te vermaan. Die afsnyding is dus ook nog 'n tugmiddel wat roep tot inkeer. So 'n persoon is dan objek van Evangelisasie.

ARTIKEL 78

As iemand wat afgesny is hom weer deur boetvaardigheid met die gemeente wil versoen, moet dit - voor die viering van die Heilige Nagmaal, of anders wanneer dit geleë is - tevore aan die gemeente bekend gemaak word, sodat hy by die eersvolgende nagmaal, as niemand daarteen beswaar inbring nie, openlik met betuiging van sy bekering weer opgeneem kan word volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

1. Weeropneming in die kerk:

   Afsnyding beteken afsnyding uit die gemeenskap van die volk van God. Dit beteken nie dat so 'n sondaar nooit weer deur berou en bekering tot inkeer kan kom nie. Daarom maak die

...../artikel

artikel voorsiening vir heropname in die kerk na berou en bekering. Dan tree hy weer in volle gemeenskap met die gemeente, die liggaam van Christus. (Vgl. Joh. 20:23; 2 Kor. 2:5-10).

Voorwaarde tot weeropneming is boetvaardigheid, berou en bekering. Die art. lê klem op die verantwoordelikheid van die sondaar. Hy moet die begeerte openbaar om weer met die gemeente versoen te wil wees. Dit kan alleen as die kerkraad oortuig is van sy berou.

Die gemeente moet aktief meewerk by die weeropneming. Voordat die kerkraad 'n afgesnedene weer opneem moet die voorneme daartoe eers aan die gemeente bekend gemaak word. Dit is om die gemeente se stilswyende toestemming te verkry. Die gemeente is medebeoordelaar oor wie tot die gemeente gevoeg word. (Vgl. art. 61 K.O.). Die gemeente kan oor inligting beskik waaroor die kerkraad nie beskik nie.

2. Waarom voor die Nagmaal?

Die weeropneming geskied net voor die Nagmaal. Die Nagmaal is 'n besondere uiting van die gemeente as 'n geloofsgemeenskap. Die tug in enger sin begin met afhouding van die sakramente. Die weeropneming en herstel van lidmaatskap vind sigbaar uiting in die beleewenis van die eenheid met die liggaam van Christus aan die Nagmaalstafel en die verseëling van die versoening in Christus.

3. Opneming volgens die formulier:

Die art. bepaal dat weeropneming volgens die formulier moet geskied. (Let op inhoud van die formulier).

Die weeropneming is terselfdertyd 'n openbare belydenis van geloof.

ARTIKEL 79

As ampsdraers 'n openbare growwe sonde bedryf wat vir die kerk skandelik of ook by die owerheid strafbaar is, moet hulle deur die kerkraad dadelik voorlopig in hul amp geskors word; ouderlinge en diakens moet dan deur die kerkraad en 'n naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade in hulle amp geskors of daarvan afgesit word. Bedienaars van die Woord moet deur die kerkraad en deur die naburige kerkraad of deputate van twee naburige kerkrade egter net geskors word, waarna die klassis met advies van die deputate van die partikuliere sinode oordeel of hulle heeltemal uit hul amp afgesit moet word.

1. Verhouding tot arts. 76-78:

As lidmate is die ampsdraers vanselfsprekend ook onderworpe aan die tughandeling onder arts. 76-77. Dit het egter gevolge vir hulle amp en daarom art. 79 wat die tug oor die amp aandui.

Tughandeling onder art. 76 en 77 hou vir ampsdraers in skorsing uit die amp. 'n Gesensureerde kan immers nie die amp bedien nie.

Die vraag is nou waaroor eerste gehandel moet word. Voetius oordeel, en Jansen stem hiermee saam, dat die tug oor die ampsdraer voorop moet gaan. Indien skorsing volg beteken dit ook toepassing van art. 76 maar indien berou betoon word gaan die tug onder art. 76 en 77 nie voort nie.

Dit wil nie sê dat in sodanige geval die tug oor die amp ook by beroubetoning ophou nie. Dit kan wees dat iemand, ondanks sy berou, onwaardig geag word om in die besondere amp te dien.

2. Noodsaaklikheid van tug oor ampsdraers:

Tug oor ampsdraers is nie minder noodsaaklik as die oor gemeentelede nie. (Vgl. 1 Tim. 5:19,20). Die tug is noodsaaklik wanneer 'n openbare growwe sonde bedryf is "wat vir die kerk skandelik of ook by die owerheid strafbaar is".

Eerstens word bepaal dat dit 'n openbare growwe sonde moet wees. Vir openbare sonde sien by art. 75. Daarom geld

...../Mat. 18

Mat. 18 t.o.v. geheime sondes ook vir ampsdraers.
'n Openbare growwe sonde word nader gekwalifiseer as sondes wat vir die kerk skandelik of ook by die owerheid strafbaar is. Skandelik vir die kerk is sondes waaroor die kerk hom skaam en waardeur die bedrywer hom eerloos gemaak het by die wêreld. Sondes wat by die owerheid strafbaar is, is sondes wat volgens die wette van die land gestraf moet word. (Hieroor word breedvoerig gehandel in art. 80). Deur sodanige sondes word die Naam van die Here en die eer van die gemeente soseer gesmaad dat die skuldige nie meer met eer en met stigting in die gemeente kan dien nie. 'n Ampsdraer moet 'n voorbeeld vir die hele gemeente wees.

3. Vereiste vir 'n aanklag teen 'n ampsdraer:
Omdat 'n klag teen en tug op 'n ampsdraer van so 'n vêrstrekkende gevolge is, moet met groot versigtigheid te werk gegaan word. Op grond van Deut. 19:15 en 1 Tim. 5:19 moet daar twee of drie getuies wees voordat 'n klag ter tafel geneem word. Getuies beteken nie dat hulle mede-aanklaers moet wees nie, maar wel dat die feitelike van die klag bo alle twyfel moet vasstaan. 'n Klag mag dus nie maar op losse gerugte, op hoorsê, ter tafel geneem word nie.

Wanneer 'n klag teen die bedienaar van die Woord ingebring word, moet, om enige skyn van partydigheid te voorkom, die konsulent as voorsitter die vergadering lei. (Acta 1907, art. 155).

Wanneer 'n klag formeel in orde is, gaan die kerkraad daarop in. Die kerkraad moet dan oorweeg of dit 'n openbare growwe sonde is wat tugwaardig is. (Sien aanhef van die art.). Die ampsdraer moet natuurlik volkome op hoogte gestel word van die klag teen hom en genoegsame geleentheid kry om hom te verweer.

4. Wie oefen die tugmag oor ampsdraers uit?
Die vraag is besonder aktueel omdat in "Die Handleiding by die Kerkorde" deur Kruger e.a. 'n foutiewe antwoord op die vraag gegee word wat al baie verwarring en onsekerheid veroorsaak het. Daar lees ons: "omdat die diakens ook teenwoordig is by die verkiesing van ampsdraers (art. 4,5,22,24 K.O.) en

...../skorsing

skorsing geen tug in die enger sin van die woord is nie, behoort die diakens saam met die kerkraad te vergader om in skorsingsake te beslis".
Dit is in stryd met Skrif en Kerkorde. Die artikel bepaal uitdruklik dat "die kerkraad" hier in funksie is. Nêrens in die kerkorde word daaronder iets anders verstaan as die ouderlinge.

By voorlopige skorsing en skorsing het jy al te doen met die tug oor ampsdraers in enger sin en tugmag word deur Skrif en K.O., alleen aan die ouderlinge, die opsieners, toegewys.

Hierbenewens kan daarop gewys word dat waar die K.O. die diakens by die kerkraad wil voeg (soos in arts. 4,5,22 en 24) dit uitdruklik in die K.O. genoem word "die kerkraad en die diakens". By art. 79 staan geen woord hiervan nie.

5. Prosedure vir tughandeling oor ouderlinge en diakens:
Die tugreg oor ampsdraers berus primêr by die plaaslike kerk. Die plaaslike kerk word dan ook in die prosedure nêrens verby gegaan nie.

Indien die kerkraad vasgestel het dat 'n tugwaardige sonde begaan is is die prosedure t.o.v. ouderlinge en diakens soos volg:

5.1 Voorlopige skorsing:
Die K.O. bepaal dat hulle dadelik voorlopig in hulle amp geskors word. Dit beteken dat hulle die reg op hulle ampsbediening ontsê word. Die "dadelik" dui daarop dat die kerkraad dit kan doen sonder enige advies van buite. Die "voorlopig" kwalifiseer die skorsing. Dit wil sê dat dit nie noodwendig sal uitloop op volle skorsing of afsetting nie. By voorlopige skorsing is dus nog nie rekening gehou met die graad van die oortreding nie.

5.2 Skorsing of afsetting saam met twee naburige kerke:
Skorsing of afsetting van 'n ouderling of diaken kan alleen geskied met advies van 'n kerkraad of deputate van twee naburige kerke. Indien deputate van twee naburige kerke opgeroep word moet dit die predikant en twee ouderlinge uit elke kerkraad wees (Acta 1936 art. 87). Die vraag is

...../waarom

waarom meerdere kerke nodig is. Dit lê nie daarin dat die amp enige verbintenis na buite het nie. Die amp is geheel en al plaaslik. Maar juis om die amp hoog te hou en om waarborg te hê vir 'n suiwer en onpartydige oordeel word genabuurde kerke gevra om saam te beslis.

Die deputate van naburige kerke het saam met die plaaslike kerkraad 'n beslissende stem. (Sinode 1907 art. 155). Die gekombineerde vergadering moet natuurlik beoordeel of die voorlopige skorsing geregverdig is. Die saak kan gesamentlik aangehoor word. Die plaaslike kerkraad en deputate van genabuurde kerke vergader dan apart, maak hulle bevinding op, en kom dan bymekaar om tot 'n gemeenskaplike beslissing te geraak. Indien nie tot 'n gemeenskaplike beslissing geraak kan word nie moet die voorlopige skorsing gehandhaaf word en die saak na die Klassis verwys word.

Vir so 'n gekombineerde vergadering is daar drieërlei weë:

Eerstens: Indien die sonde nie sodanig is dat dit skorsing of afsetting verdien nie kan die ampsdraer se voorlopige skorsing opgehef word en hy so in ere herstel word.

Tweedens: Indien die sonde sodanig is dat dit skorsing in die amp verdien beteken dit 'n tydelike opskorting van die bediening van die amp. Die vergadering stel dan 'n bepaalde tydperk waarvoor die skorsing sal geld. Dit kan dien as 'n proeftydperk om te kom tot berou en bekering. Na verloop van die vasgestelde tydperk moet die gekombineerde vergadering dan weer oor die skorsing handel.
Na bevind van sake kan dit die skorsing verleng of ophef of oorgaan tot afsetting.

Derdens: Indien die graad van die openbare growwe sonde, skandelik vir die kerk en strafbaar by die owerheid, sodanig is dat na die mening van die gekombineerde vergadering die persoon hoegenaamd nie meer met seën in die amp kan dien nie,

...../kan hy

kan hy daarvan afgesit word. Dit beteken dat hom die amp ontneem word.

6. Prosedure vir tughandeling oor bedienaars van die Woord:

6.1 Voorlopige skorsing:

Die kerkraad het die reg om 'n bedienaar van die Woord voorlopig te skors. Dieselfde wat oor voorlopige skorsing gesê is in geval van ouderlinge en diakens geld ook vir bedienaars van die Woord.

6.2 Skorsing saam met twee naburige kerke:

Die kerkraad saam met deputate van twee naburige kerke het slegs die reg om 'n bedienaar van die Woord te skors en nie soos in die geval van ouderlinge en diakens die reg om ook af te sit nie.

By die beslissing oor skorsing sal rekening gehou moet word oor die aard en graad van die sonde. Die vraag is: is dit so skandelik vir die kerk en strafbaar by die owerheid sodat die predikant nie meer met eer sy amp kan vervul nie? Dit kan wees dat 'n gekombineerde vergadering skors sonder om dit deur te stuur na 'n Klassis met die oog op afsetting. In so 'n geval word vir 'n bepaalde tyd geskors waarna die gekombineerde vergadering weer oor die saak moet handel. In die tyd van skorsing mag geen ampsdiens verrig word nie.

6.3 Afsetting van bedienaars van die Woord:

Afsetting van bedienaars van die Woord berus by die Klassis saam met die deputate van die Part. Sinode.

Waarom berus afsetting by die Klassis:

Hier maak die K.O. 'n onderskeid tussen die prosedure by ouderlinge en diakens en by bedienaars van die Woord. Die onderskeid lê nie daarin dat die predikant hoër of belangriker is as die ander ampte nie. Die redes is:

(i) Die beroepbaarstelling van 'n predikant geskied deur 'n meerdere vergadering (art. 4 K.O.). Daarmee is 'n predikant beroepbaar in kerke wat in kerkverband staan. Die kerkverband beslis dus wie daarin beroepbaar is. Net so moet die kerkverband ook weer

...../beslis as

beslis as sodanige persoon afgesit word, dus nie meer beroepbaar in die kerkverband is nie.

(ii) Ouderlinge en diakens is tydelik aan die amp verbind. (Vgl. art. 27 K.O.). Bedienaars van die Woord, daarenteen, is lewenslank aan die diens verbonde. Die afsetting van 'n bedienaar van die Woord raak dus sy lewensposisie, sy bestaan. Dit het dus soveel ernstiger en uitgebreider gevolge. Om die rede is dit gepas dat meer kerke hieroor sal beslis.

Selfs waar die Klassis saam met deputate van die Part. Sinode besluit oor afsetting beteken dit nie dat die plaaslike kerk uitgesluit is nie. Die plaaslike kerk is nog steeds op die Klassis verteenwoordig. Daar werk hy mee tot 'n beslissing.

Reg tot verdediging:

Vanselfsprekend moet aan die geskorste bedienaar van die Woord die reg en volle geleentheid gegee word om homself te verdedig.

Verhouding Klassis en deputate Part. Sinode.

Die "met advies" van die Part. Sinode deputate het hier eweneens die betekenis van medebeslissend. Daar moet tot eenstemmigheid geraak word. Indien dit nie bereik kan word nie moet die saak na die Part. Sinode verwys word.

Die volgende stelling in "Handleiding by die Kerkorde" is onsin: "Omdat die deputate die partikuliere sinode as meerdere kerkvergadering verteenwoordig, is die klassis in sy besluit gebonde aan die advies van die genoemde deputate" (p. 474). Waarvoor sit die Klassis dan? Dit is hiërargie in sy ergste vorm.

Indien die Klassis saam met die deputate van die Part. Sinode vanweë onvoldoende gronde nie oorgaan tot afsetting nie beteken dit dat die saak terug verwys word na die gekombineerde kerkraad om na bevind van sake oor die

...../skorsing

skorsing te handel.

Indien die klag van so 'n aard is (sien by art. 80) dat die bedienaar van die Woord nie meer met seën kan arbei nie word hy uit die amp afgesit.

In geval van afsetting moet die Klassis saam met die deputate 'n volledig geformuleerde verklaring opstel wat 'n duidelike weergawe is van die saak en hulle bevinding daaromtrent.

Aan die kerkverband moet van sodanige afsetting kennis gegee word.

ARTIKEL 80

Onder die growwe sondes wat skorsing in, of afsetting uit die diens verdien, is die volgende die vernaamste: valse leer of kettery, openbare skeurmakery, openbare godslastering, simonie, trouelose verlating van die diens of indringing in die diens van 'n ander, meineed, egbreuk, hoerery, diefstal, geweldpleging, gewoontedronkenskap, vegtery, onregverdige winsbejag - kortom al die sondes en misdade wat die bedrywer by die wêreld en die kerk eerloos maak.

1. Verband met art. 79:

   In art. 79 word bepaal dat ampsdraers getug word as "'n openbare growwe sonde wat vir die kerk skandelik of ook by die owerheid strafbaar is" gepleeg word. Art. 80 gee nou 'n nadere beskrywing van hierdie skorsingswaardige sondes. Natuurlik mag nie hiermee volstaan word nie daarom word dit ruim gestel aan die einde van die artikel "kortom al die sondes en misdade wat die bedrywer by die wêreld en die kerk eerloos maak".

2. Die openbare growwe sondes soos in art. 80 vermeld:

   Valse leer of kettery:

   Dit is wanneer 'n ampsdraer welbewus en opsetlik van die leer van die kerk afwyk, 'n afwyking van Skrif en konfessie. Natuurlik moet dit duidelik vasgestel word en alle moontlike misverstande voorkom word.

   Openbare skeurmakery:

   'n Ampsdraer maak hom hieraan skuldig as hy oor ondergeskikte punte in erediens of kerkregering skeuring in die kerk veroorsaak. By kettery gaan dit in die reël oor fundamentele dinge, by skeurmakery oor onbenullige dinge.

   Openbare godslastering:

   Dit is om teen God en sy deugde lasterlik te spreek. Natuurlik kan dit alleen rede vir tughandeling word as dit in die openbaar gespreek of geskryf is.

   Simonie:

   Dit word so genoem na aanleiding van Simon die towenaar (Hand. 8:18-25), wat gepoog het om deur middel van geld die gawe van die H.Gees te bekom. Dit is om deur aanbieding van geld gees-

...../geestelike

telike gawes te probeer bekom en andersom die aanneem van geld om geestelike gawes te verkoop.

Trouelose verlating van die diens of indringing in die diens van 'n ander:

Trouelose verlating van die diens sien op 'n onwettige en doelbewuste nalating van sy diens wanneer 'n ampsdraer byvoorbeeld wegloop soos 'n slegte dienskneg en hom so aan sy diens onttrek sonder goedkeuring van sy kerkraad en die betrokke meerdere vergadering. Dit kom neer op 'n eiewillige bedanking uit die amp. Indringing in die diens van 'n ander is wanneer jy ongevraagd jou bemoei met en indring in die diens van 'n ander ampsdraer, byv. ds. A. gaan doen op eie inisiatief huisbesoek by beswaarde lidmate in die gemeente van ds. B.

Meineed:

Dit is sonde teen die derde gebod. Dit is om vals 'n eed te neem wat beteken om iets voor God as waarheid te verklaar en God as getuie daarvoor in te roep terwyl jy weet dat dit 'n leuen is. Dit is 'n gruwelike vorm van godslastering.

Egbreuk:

Dit is verbreking van die huwelik waarin die ampsdraer 'n leidende en skuldige aandeel het.

Hoerery:

Dit is gemeenskap buite die huwelik.

Diefstal:

Dit is om andere te besteel.

Geweldpleging:

Dit is om andere liggaamlik te lyf te gaan.

Gewoontedronkenskap:

Dit kom voor wanneer die ampsdraer aanhoudend te diep in die bottel kyk.

...../Vegtery

Vegtery:

Dit is 'n ampsdraer wat voordurend in kleinlike rusies betrokke is en 'n behae daarin het.

Onregverdige winsbejag:

Dit is om op 'n oneerlike wyse jou inkomste te vermeerder. Hieronder val ook dobbelary, lotery en smokkelhandel.

3. Herstel in die amp:

In die K.O. word geen voorsiening gemaak vir herstel in die amp indien iemand daaruit afgesit is nie. Herstel is natuurlik nie onmoontlik nie.

In die geval van 'n persoon wat as ouderling of diaken afgesit is, rus dit seker by die kerkraad (art. 22, 24 K.O.) of hy weer tot die amp toegelaat kan word.

Indien 'n bedienaar van die Woord onder art. 79 en 80 K.O. afgesit is, is dit wel moontlik dat hy weer tot die amp toegelaat sal word. Die Sinode 1973 (Acta p. 318 sien 3.2.2.3 en 3.2.2.4) het besluit dat predikante wat onder art. 12 en 79 uit die amp is "eers die oordeel en die aanbeveling van die kerk waar hy lidmaat is verkry, voordat hy by die kerk en die Klassis waar hy uit die amp is, aansoek doen vir 'n aanbeveling waarna hy hom wend tot die partikuliere sinode (in wie se ressort laasgenoemde kerk en klassis ressorteer) met die aansoek om beroepbaarstelling".

In die geval van eiewillige neerlegging van die amp (bedanking) wat beteken "dat hy sy inwendige roeping loën" (Acta 1973 p. 316, 3.2.1) het die Sinode 1973 t.o.v. terugkeer tot die amp soos volg besluit:
"Eiewillige neerlê van die amp is 'n ontduiking van die oordeel van die kerk, soos bepaal in artt. 12 en 79 K.O. Daarom moet 'n persoon wat hom hieraan skuldig gemaak het, eers die oordeel en die aanbeveling van die kerk waar hy lidmaat is, verkry, voordat hy by die kerk en klassis waar hy uit die amp is, aansoek doen vir 'n aanbeveling waarna hy hom wend tot die partikuliere sinode (in wie se ressort laasgenoemde kerk en klassis

...../ressorteer

ressorteer) met die aansoek om beroepbaarstelling.

'n Persoon wat sy predikantsamp eiewillig neergelê het, moet ooreenkomstig art. 4 K.O. aansoek doen om beroepbaar gestel te word". (Acta p. 318, 3.2.2.3 en 3.2.2.4).

ARTIKEL 81

Die bedienaars van die Woord, die ouderlinge en die diakens moet onder mekaar die Christelike sensuur uitoefen en mekaar oor die bediening van hulle amp vriendelik vermaan.

1. Historiese agtergrond:
   (Sien Bouwman II p. 671 e.v.)

2. Beginsel:
   Onderlinge toesig oor mekaar neem 'n belangrike plek in in die Dordtse K.O. Dit geld vir lidmate (art. 71) ampsdraers (art. 81) en kerke in kerkverband (arts. 41, 43 en 44).

   Die H.Skrif spreek direk van die onderlinge sensuur tussen ampsdraers: "Bestraf die wat sondig, in teenwoordigheid van almal, sodat ook die ander kan vrees". (1 Tim. 5:20). Ons het almal gebreke en sondes so ook die ampsdraers. Dit gaan in die artikel oor die "bediening van die amp". Dit dien die goeie orde in die kerk. Ampsdraers moet mekaar opskerp en aanspoor tot meerdere ywer in die uitoefening van hulle ampte tot welsyn van die kerk. So 'n vermaning of opskerping kan ook dien as 'n tydige waarskuwing teen latere ernstige misdrywe.

3. Die karakter van die onderlinge sensuur tussen ampsdraers:
   Voorop moet staan dat die vermaninge hier slegs gaan oor die uitoefening van die amp en dat die vermaning 'n amptelike karakter dra.

   Die vermaning geskied in 'n amptelike vergadering waar die

...../ouderlinge

ouderlinge saam met die diakens onder voorsitterskap van die bedienaar van die Woord vergader.) Dit is duidelik art. 81 bedoel dat ampsdraers gesamentlik "onder mekaar" oor die bediening van "hulle" amp die Christelike sensuur moet uitoefen. Die "gesamentlik" sluit uit dat een ampsdraer 'n ander persoonlik sal vermaan omdat dit in stryd met art. 84 K.O. die skyn kan wek dat een ampsdraer heerskappy voer oor 'n ander. In Mat. 18 gaan dit oor tugwaardige sondes wat nog geheim is. By art. 81 word nie hieroor vermaan nie. (Dit wil juis ernstige tugwaardige sondes in die ampsbediening voorkom.

In art. 81 is dit wel 'n enkele ampsdraer wat die vermaning tot 'n ander sal spreek maar as daar geen teëspraak is nie beteken dit dat die vergadering hom met die vermaning vereenselwig. Dit lê in die "onder mekaar" en "mekaar".

Wat beteken die "vriendelik" in die art.? Dit beklemtoon die beginsel van die "liefde". Die vermaninge moet in 'n goeie gesindheid geskied. Dit moet gedra word deur opregtheid, billikheid en ootmoed. Motief moet steeds wees ywer vir die huis van die Here, dan sal dit ook in 'n broederlike gesindheid geskied.

4. <u>Waarop rig die onderlinge sensuur hom:</u>

Onder art. 79 en 80 is alreeds gehandel oor tugwaardige sondes. Hieroor gaan dit nie in art. 81 nie. In die omgangstaal word gepraat van "censura morum". Dit wek die foutiewe indruk dat dit hier gaan oor 'n ondersoek na die sedes. Dit kan herlei word tot Wesel 1568 wat bepaal het dat dit in hierdie vermaning gaan oor die leer en lewe van die ampsdraers. Daaroor handel die artikel nie. Dit handel oor die ampsbediening van die indiwiduele ampsdraers. Dit handel hoofsaaklik oor traagheid en nalatigheid in die uitoefening van die amp. In geval van ouderlinge en diakens kan die volgende o.a. hierby betrek word: bywoning van eredienste en kerkraadsvergaderings, nalatigheid in die uitvoering van opdragte en in doen van huisbesoek, liefdelose of ontaktvolle optrede teenoor lidmate ens. Wat die predikant aanbetref sal dit konsentreer op sy prediking en herderlike werk. Sy gebede, omgang met mense, optrede in die erediens kan o.a. ook betrek word.

...../Tyd en

5. Tyd en Metode:

In die reël geskied die onderlinge sensuur net voor Nagmaal. Dit is gepas. By die Nagmaal moet alles ordelik en stigtelik toegaan. Alle moontlike hindernisse moet uit die weg geruim word.

Die metode by die toepassing van die art. verskil van kerkraad tot kerkraad. Aanvanklik was dit gebruik dat elke ampsdraer die vergadering verlaat terwyl sy ampswerk bespreek word. Dit is nie aan te beveel nie. Dit kan aanleiding gee tot kwaadsprekerige loslippigheid maar veral is dit in stryd met die vertroulike en openhartige karakter van die vergadering.

Dit is ook nie wenslik om maar globaal dit vra of iemand iets te sê het oor die ampswerk van 'n ander nie. Dit is te onpersoonlik.

Ons meen die mees gangbare metode is dat aan elke ampsdraer persoonlik gevra word of hy iets aan te merk het oor die ampsbediening van een van sy medebroeders.
Bouwman beveel aan dat die ondersoek persoonlik moet wees in die sin van: het iemand iets teen broeder A,B,C. Elkeen in die vergadering kom dus onder bespreking. (Bouwman II, p.673).
Ons sluit af met die volgende uit Bouwman: "Het spreekt wel van zelf, dat al de opmerkingen met kieschheid, in den geest der christelyke liefde moeten worden gemaakt, niet met verkeerde bedoeling of met een huichelachtig hart. Ook de christelyke censuur moet bedoelen de eere Gods en het welzyn van de gemeente. Wanneer zy in rechten broederlyken geest geschiedt, zal zy ongetwyfeld aan de ambtelyke bediening in de gemeente ten goede komen". (II p. 673).

...../Art. 82

ARTIKEL 82

Aan diegene wat uit die gemeente vertrek, moet die kerkraad 'n attestasie (getuienis) van hulle belydenis en wandel saamgee wat deur twee van sy lede onderteken is.

1. Beginsel ten grondslag aan die art.:

In die presbiteriale kerkregeringstelsel is hierdie 'n baie belangrike artikel.

Die eerste beginsel ten grondslag aan die artikel is dat die gelowige lidmaat is van die plaaslike kerk en nie van die landskerk soos by die Kollegialisme nie. Elke plaaslike kerk is 'n selfstandige openbaring van die liggaam van Christus en elke gelowige is verplig om "daarby aan te sluit en hom daarmee te verenig". (N.Gb. art. 28).
By die plaaslike kerk geniet die lidmaat allerlei voorregte en het hy ook sy verpligtinge.

Plaaslike kerke het hulle grense wat eerbiedig moet word. Binne die grense moet alle lidmate hulle by daardie bepaalde plaaslike kerk vervoeg. Dit moet gehandhaaf word anders kan willekeur naderhand wanorde en onenighede in die hand werk.

Die tweede beginsel ten grondslag aan die artikel is dat kerke wat in kerkverband met mekaar staan mekaar se getuienis oor 'n lidmaat aanvaar. Dit word erken in art. 61 K.O. Die akkoord van gemeenskap is die gemeenskaplike geloof en belydenis. Daardie band bind nie net gelowiges nie, maar ook kerke in kerkverband. By die gee en aanvaarding van 'n attestasie word die gemeenskaplike band tussen kerke aanvaar en eerbiedig.

2. Wat is 'n attestasie?:

Die beginsel van 'n attestasie, of om te getuig oor iemand kry ons duidelik in die H.Skrif. (Vgl. Hand. 18:27; Rom. 16:1; 2 Kor. 3:1).
'n Attestasie is soos die art. dit dan ook stel 'n getuienis, of noem dit 'n getuigskrif wat een kerkraad oor 'n lidmaat gee en wat hom in staat stel om hom by 'n ander plaaslike kerk te

...../gaan voeg.

gaan voeg. Die getuienis moet waar en eg wees. Dit is dus nie maar 'n stukkie papier nie of 'n oorplaassertifikaat van een gemeente na 'n ander nie, of 'n dokumentjie wat iewers bewaar word en wat jy as lidmaat op 'n sekere tydstip weer kan "lig". Dit is hopelose wanopvattings.

Dit bly 'n getuigskrif van die kerkraad aan 'n lidmaat wat, soos deur die artikel bepaal, deur twee lede van die kerkraad onderteken moet word. In die mond van twee of drie getuie sal die waarheid vasstaan. (Mat. 18:16 en 2 Kor. 13:1). Dit is 'n bewys vir die kerkraad waar die attestasie as bewys ingelewer word, dat die getuienis daarin vervat waar en eg is.

In die praktyk gebruik ons gedrukte vorms in die Gereformeerde kerk. Dit hoef nie noodwendig so te wees nie. 'n Kerkraad kan sy eie getuienis opstel in die vorm van 'n brief of andersins, solank dit 'n egte getuienis is oor leer en lewe en dit aan belydende sowel as dooplidmate gegee word.

3. <u>Die uitreiking van 'n attestasie:</u>

Die betrokke lidmaat wat uit 'n gemeente vertrek moet aansoek doen om sy attestasie. Dit moet vroegtydig gedoen word aangesien hy die attestasie met hom moet saamneem. Kerkrade maak hulle skuldig aan pligsversuim as die gee van 'n attestasie onnodig vertraag word. Natuurlik moet hier gewaak word teen rigorisme. Met klein gemeentetjies, versprei oor 'n uitgestrekte gebied, waar die kerkraad nie so gereeld kan byeenkom nie, moet geduld beoefen word.

Die uitreiking van 'n attestasie word aan die gemeente afgekondig. Daarmee word die gemeente se approbasie vir die attestasie gevra. Die gemeente stel hom medeverantwoordelik vir die getuienis. Na afkondiging is dit die plig van elke lidmaat om aan die kerkraad te meld as hy meen dat daar nie gunstig oor 'n lidmaat getuig kan word nie. So word beklemtoon dat gelowiges onderling toesig moet hou oor mekaar.

Die attestasie behoort deur die betrokke lidmaat in ontvangs geneem te word en by sy nuwe gemeente ingelewer te word.

...../In die

In die praktyk word dit nie so streng gehandhaaf nie. Kerkrade moet maar dikwels attestasies aanstuur. Waar 'n lidmaat onder tug is, en daar noodwendig ongunstig getuig moet word is dit miskien gewens om die attestasie maar per pos te stuur.

Sodra 'n kerkraad 'n attestasie in ontvangs neem plaas die lidmaat hom onder toesig van die betrokke kerkraad.

Kan 'n kerkraad weier om 'n lidmaat met sy attestasie te ontvang. Rutgers meen dit kan nie. (Kerk Adviezen II, 332).
Hy redeneer dat so 'n lidmaat dan afgesny word sonder die gewone tugprosedure. As 'n kerkraad oor meerdere getuienis beskik hoef hy natuurlik nie die getuienis in 'n attestasie sonder meer te aanvaar nie. So 'n persoon word dan opgeneem as lidmaat maar die kerkraad handel dan met hom selfstandig.

Dit kan ook gebeur dat iemand vertrek sonder 'n attestasie en dat hy weier om dit aan te vra. In so 'n geval geld die besluit van 1973 (Acta p. 168) waarin die besluit van 1933 hieroor gewysig is en slegs verwys is na art. 82 K.O. Indien iemand bewustelik nie attestasie aanvra nie verbreek hyself eiewilliglik daarmee die band met die kerk.

4. 'n Reisattestaat:

'n Lidmaat is soms reisend en kan hom nie permanent onder die toesig van 'n plaaslike kerk plaas nie.

Die Sinode 1970 het oor die kerkregtelike draagwydte van 'n reisattestasie soos volg besluit:

4.1 Vir die lidmaat self aan wie dit afgegee word.
Vir die lidmaat bring dit nie 'n "oorgaan" van die een gemeente na die ander mee nie, selfs nie 'n tydelike oorgaan nie, maar alleen bied dit aan hom die voorreg van bediening in die midde van die gemeente waar hy hom tydelik bevind.

4.2 Vir die kerkraad wat dit afgee
Wat die afgewende kerkraad betref, bly die lidmaat onder sy bediening, en behou die lidmaat sy verpligtinge t.o.v. die kerkraad. As die lidmaat egter tydelik afwesig is, en die kerkraad dus prakties geen kennis van die leer en

...../lewe van

lewe van die lidmaat dra nie, dien die reisattestasie juis as 'n getuienis oor die leer en lewe vir die afgewende kerkraad, daarin dat die kerkrade in wie se ressort hy tydelik verkeer, daarop die nodige op- of aanmerking maak wanneer hy weer vertrek. Die afgewende kerkraad kan hom dus verantwoord oor die leer en lewe van die lidmaat as hy tydelik met reisattestasie reisend was.

4.3 Vir die kerkraad waar dit getoon word

T.o.v. die"ontvangende" kerkraad word die lidmaat wat reisattestasie toon nie lidmaat van die gemeente nie, want volgens die Geref. kerkreg kan 'n persoon nie op twee plekke gelyktydig lidmaat wees nie. Die reisattestasie impliseer slegs dat die "ontvangende" kerkraad gedurende die tydperk van verblyf versoek word om so 'n persoon te bedien en onder meer, op grond van goeie getuienis, hom toe te laat tot die gebruik van die sakramente.

4.4 Konkluderend blyk dit dus:

dat 'n reisattestasie, anders as 'n attestasie, met beëindiging van lidmaatskap by die een gemeente en opneming as lidmaat by die ander gemeente, waar dit getoon word, niks te make het nie;

dat dit gegee word slegs in die geval van 'n persoon wat vir 'n bepaalde tydperk uit sy gemeente afwesig sal wees na meer "onbekende" gemeentes, en wat dan die reisattestasie weer by sy kerkraad moet inlewer voordat die beperkte tyd verby is;

dat 'n reisattestasie by die kerkraad(e) waar die lidmaat hom tydelik bevind, slegs getoon word, en dat die betrokke kerkraad(e) by sy vertrek daarop moet getuig aangaande leer en lewe, en dit weer aan die lidmaat moet besorg.

5. Onderlinge kontak en kennisgewing:

Dit is gewens dat kerkrade aanmekaar kennis gee van lidmate wat sonder attestasie vertrek. As die adres bekend is kan die kerkraad waar hy ingetrek het bearbei en wys op die nalatigheid deur nie met attestasie aan te sluit by die plaas-

...../like kerk

like kerk nie.

6. Lidmaatregister:
Om in staat te wees om attestasies uit te reik is dit noodsaaklik dat 'n kerkraad presies sal weet wie die lidmate is wat aan sy sorg toevertrou is. Daarom moet daar deeglik register gehou word van die lidmate van 'n gemeente. Die Sinode 1955 (Acta p. 290-298) het die kaartstelsel by kerkrade aanbeveel.

ARTIKEL 83

Aan armes wat om gegronde redes uit die gemeente vertrek, gee die diakens soveel middele as wat hulle nodig oordeel en hulle pleeg oorleg oor die verdere versorging met die diakens van die gemeente waarheen die armes vertrek het.

1. Geskiedenis:
(Sien Jansen by die art.)
Tot 1964 het die art. vir die Geref. Kerk in S.A. gelui:
"Die diakens moet aan die armes, wat om gegronde redes vertrek, soveel reisgeld meegee as wat na hulle oordeel nodig is..."
Die Sinode 1964 het dit verander na: "soveel middele as wat hulle nodig oordeel". Verder is die gedeelte wat gehandel het oor die waarskuwing dat kerkrade nie te gewillig hulle armes elders moet stuur nie, vervang deur die woorde: "dat verder oorleg gepleeg moet word met die diakens van die kerk waarheen hulle vertrek het,met die oog op die verdere versorging."
Die barmhartigheidsdiens gewortel in die liefde kom hierin sterk na vore.

2. Aansluiting by art. 82:
Die art. sluit aan by art. 82. Dit handel oor die verdere

...../verantwoordelikheid

verantwoordelikheid van die diakens t.o.v. vertrekkende armes.

Natuurlik staan dit 'n behoeftige lidmaat vry om te vertrek na 'n ander oord. Die nadere bepaling van "om gegronde redes uit die gemeente vertrek" dui daarop dat die diakens hulle wel moet vergewis van die motiewe waarom armes vertrek. Doel hiervan is dat die diakens moet oorweeg wat in die beste belang van die arme is en hoe die kerk op die beste wyse sy roeping kan vervul. Diakens moet ook advies gee sodat 'n lidmaat nie sy posisie met sy vertrek eerder verswak as verbeter nie. Behoeftiges is soms geneig om te dink dat die utopia agter die bult is.

3. Plig van die diakens:

Die diakens moet oordeel wat nodig is vir die lewensonderhoud by die vertrek van 'n arme. Die diakens se verantwoordelikheid hou dus nie op by die vertrek van die arme nie. Daar mag geen stadium wees waarin die arme noodsaaklike lewensmiddele moet ontbeer omdat die kerk sy hand van hom terug getrek het nie. Onder "middele" kan natuurlik ook reisgeld inbegrepe wees.

Verder word bepaal dat die diakens oor die verdere versorging oorleg moet pleeg met die diakens waarheen die lidmaat verhuis. Die barmhartigheidshand mag onder geen omstandighede aan die arme onttrek word nie.

In die oorlegpleging van diakens met mekaar lê dan ook die moontlikheid opgesluit dat inrigtings vir onversorgde kinders en oues van dae opgerig kan word wat deur onderlinge oorlegpleging gesamentlik versorg word. (Vir 'n kort uiteensetting van die geskiedenis van die inrigtings sien Handleiding p. 498-499).

...../Art. 84

ARTIKEL 84

Geen kerk mag oor ander kerke, geen bedienaar van die Woord oor ander bedienaars van die Woord, geen ouderling oor ander ouderlinge en geen diaken oor ander diakens enige heerskappy voer nie.

1. Geskiedenis:

Hierdie is 'n artikel van besondere belang. Van vroeg af het dit 'n plek in kerkordelike formuleringe gehad. Dit figureer in die Franse K.O. 1559 asook in die artikels opgestel deur die Konvent van Wezel 1568. Die Konvent bepaal dat die ampsdraers geen heerskappy oor mekaar mag voer nie en dat die Klassis nie soos 'n hoër bestuur oor die kerke mag heers nie.

In die eerste K.O. op Nederlandse bodem Emden 1571 opgestel word in die heel eerste artikel bepaal: "Gheen Kercke sal over een ander Kercke gheen Dienaar des Woorts, gheen Ouderlinck, noch Diaken sal d' een over d' ander heershappie voeren, maar een yeghelÿck sal hen voor alle suspicien, ende aenlockinge om te heerschappen wachten".

Hiermee is hiërargie in die kerk in sy wortel afgesny.

2. 'n Kardinale beginsel:

Ons het hier te doen met 'n fundamentele beginsel in die presbiteriale kerkregering. Christus alleen is Hoof van sy kerk en Hy regeer dit deur sy Woord en Gees. Ampsdraers bedien die gesag van Christus. Geen mensegesag of opperheerskappy mag in die kerk geld nie. Daarom stel die artikel die onderlinge gelykheid tussen kerke en ampsdraers. Daar is geen plek vir oorheersing van die een oor die ander nie soos dit by Rome en die Kollegialisme is nie. Dit word ook beklemtoon in ons belydenis: "En aangaande die bedienaars van die Woord - in watter plek hulle ook al mag wees - hulle het een en dieselfde mag en gesag, omdat hulle almal dienaars van Jesus Christus is, die enigste algemene Opsiener en die enigste Hoof van die kerk". (N.Gb. art. 31).

Die art. beklemtoon die beginsel dat die plaaslike kerk selfstandig is. Dit is 'n selfstandige openbaring van die

...../liggaam van

liggaam van Christus. Een kerk kan dus nie as 'n "groot kerk" oor 'n "klein kerk" of as 'n "moederkerk" oor 'n "dogterkerk" heerskappy voer nie.

Dieselfde beginsel wat vir kerke geld, geld ook vir ampsdraers. Die gereformeerde kerkreg ken nie so iets soos 'n pous, biskop, eerste ouderling, moderator of superintendent nie. Geen lidmaat of kerklike vergadering mag hom deur die opinie van 'n persoon nie, al is hy wie, laat intimideer nie. Die opinie van die slimste predikant mag nooit die Woord van God verdring nie. Onder die ampte is volkome gelykheid. Die diakenamp is nie 'n trappie tot die ouderlingamp nie. Daar is geen rangorde in waardigheid, status en gesag soos by Rome, Lutherse, en kollegialisme nie.

Die kerklike gesag en mag is bedienend in die Naam van Christus en nie heersend nie. (Sien by grondbeginsels van die Presbiteriale kerkregeringstelsel).

ARTIKEL 85

In middelmatige dinge moet die buitelandse kerke by wie ander gebruike as by ons in swang is, nie veroordeel word nie.

1. Wat is middelmatige dinge?:

Dit gaan nie oor belydenis, kerkregering of 'n Skrifgebonde lewe in die kerk nie. Dit gaan slegs oor sake waaroor die Skrif nie bepalings maak nie. In hoofsaak gaan dit dus oor seremonies en kerklike gebruike. So spreek die oorspronklike Latynse teks van "ritus". Rutgers kwalifiseer dit as dinge wat vir bepaling aan die kerke self oorgelaat is. Die kerke kan nie algemene reëls of bepalinge daarvoor vaslê nie. Vir die plaaslike kerk is dit egter nie middelmatig nie. 'n Kerkraad moet byv. alle omstandighede in aanmerking neem as hy die aanvangstyd van sy dienste bepaal. Dit is middelmatig maar verskil tog van kerk tot kerk. Daar moet rus,

...../vrede en

vrede en orde t.o.v. middelmatige sake in elke kerk gehandhaaf word. Emden het byv. as middelmatige sake die volgende genoem: of by die doop een of driemaal besprenkel sal word, of die doop voor of na die preek bedien sal word, of die Nagmaal staande, lopende of sittende gebruik sal word, of tydens die Nagmaalsviering gedeeltes uit die Skrif gelees sal word of gesing sal word.

2. Geen veroordeling van buitelandse kerke:

Jy het te doen met ander volkere, met 'n ander kulturele agtergrond, met ander gewoontes, met 'n ander historiese ontwikkeling. So mag middelmatige dinge in buitelandse kerke baie anders wees as in die eie kerk. Daaroor moet kerke mekaar nie veroordeel nie. Emigrante behoort dit goed in gedagte te hou. Middelmatige dinge mag dus nooit kerke in verskillende lande of onder verskillende volkere in die weg staan om hulle eenheid te bely en te belewe nie.

Uit die beginsel van die artikel mag nooit afgelei word dat verskille tussen kerke maar genullifiseer mag word nie. Oor beginselsake mag nooit as 'n middelmatige saak heengestap word nie. Teen verwatering of verloëning van 'n beginsel moet te alle tye gewaak word.

ARTIKEL 86

Hierdie artikels wat betrekking het op die wettige orde van die kerk, is so opgestel en aangeneem met algemene stemme dat hulle, as die belang van die kerk dit anders vereis, verander, vermeerder of verminder kan word en behoort te word. Geen besondere kerk, klassis of sinode het egter die reg om dit te doen nie, maar hulle moet hul daarop toelê om dit te onderhou totdat die algemene of nasionale sinode anders verorden.

1. Die vasstelling van 'n K.O.:

Die eerste art. van die K.O. bepaal dat daar goeie orde in die kerk gehandhaaf moet word. Die laaste artikel sluit nou

...../daarby aan

daarby aan en bepaal wat die wettige orde in die kerk is wat sodanige goeie orde verseker. "Hierdie artikels" sien dan op die aangenome Kerkorde.

Waarop sien die"algemene stemme"? Dit sien op die kerke wat in kerkverband met mekaar saamleef en in 'n sinode saamkom om te beslis oor sake van gemeenskaplike belang. So het die eerste Sinode van Nederlandse kerke te Emden 1571 onmiddellik oorgegaan tot die opstel van 'n kerkorde. Dit is die "wettige orde", 'n wettige ooreenkoms tussen kerke waardeur hulle op 'n ordelike wyse met mekaar saamleef en saamwerk. So word gedeputeerdes na meerdere vergaderings in hulle geloofsbrief ook gebind om te handel volgens die aanvaarde kerkorde.

2. <u>Wat beteken die "algemene stemme"?</u>

In die Hollandse redaksie word gespreek van "gemeen accoord". Dit beklemtoon dat dit 'n ooreenkoms tussen al die kerke is waarmee almal instemming betuig het. Soms word oor 'n saak met meerderheid van stemme besluit. Wanneer daar beslis is, kan dit weer gestel word met die versoek dat dit met algemene stemme (gemeen accoord) aanvaar word. Dit is nodig dat al die kerke die kerkorde sal aanvaar met die reg van appel onder art. 31 nog steeds gehandhaaf.

3. <u>Wysiging van die Kerkorde:</u>

Die art. hou die weg oop dat die K.O. as die belang van die kerk dit anders vereis, verander, vermeerder of verminder kan word en behoort te word.

Sekere beginsels aan die K.O. ten grondslag (die konstitutiewe in die K.O.) mag natuurlik nie gewysig word nie. Dit rus op Skrif en belydenis. Die regulatiewe bepalinge in die kerkorde wat blote ordereëlings is, mag wel gewysig word wanneer die belang van die kerke dit vereis. Hiermee word willekeur, plaaslike of persoonlike belange en voorkeure uitgeskakel. Dit is opmerklik hoe min veranderinge die Dordtse K.O. vir meer as drie honderd jaar ondergaan het. Verandering kan alleen deur die Algemene Sinode aangebring word omdat al die kerke wat daarby betrokke is, daaroor moet beslis.

...../Gebondenheid

4. Gebondenheid aan die Kerkorde:

Die art. bepaal dat kerke en meerdere vergaderings hulle daarop moet toelê om die K.O. te onderhou. Met die oog hierop moet die K.O. deeglik bestudeer word sodat die diepere sin, die gees en karakter daarvan gepeil word.

Die "daarop toelê" om dit te onderhou beklemtoon dat ons die K.O. nie as 'n wetboek sien wat stiptelik nagekom moet word nie en wat by oortreding gestraf word.

Die "toelê" is opsetlik so gekies. Hier is geen sprake van 'n letterlike, formalistiese, wettiese, slaafse onderdanigheid nie. Dit kry jy by kerke met 'n wetboek. (Roomse, Episkopaalse en Kollegialistiese stelsels).

In die Gereformeerde Kerke kan wel by hoë uitsondering van die regulatiewe afgewyk word. Daar mag omstandighede wees of situasies ontstaan waar letterlike toepassing eerder wanorde as orde sou bewerk. Daarom dat sekere dinge wel in die vryheid van kerke gelaat is. (Vgl. by art. 27, 69). By 'n afwyking van die kerkorde moet die volgende wel onderhou word:

1) Die afwyking moet in belang van die kerk of kerke wees en moet die goeie orde (art. 1) in die kerk dien.

2) Die afwyking moet as afwyking erken word en moet nie in die K.O. ingeloots word nie.